

DIE BLANKE VROUEGEWELDENaar :
'N VERGELYKENDE PSIGOLOGIESE ONDERSOEK

deur

Yvonne Ramona Visagie

Skripsie goedgekeur vir die
gedeeltelike nakoming van die graad

MAGISTER ARTIUM IN

VOORLIGTINGPSIGOLOGIE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Dr G P Louw

Potchefstroom
November 1986

"Can you hear me?
There are so many
thing inside
I need to say ...

I need you to listen,
to hear beyond my words,
to sense my message inside.

A brilliant man once wrote
about how necessary it is
to have someone who cares,
 who takes time,
 who listens,
but no one heard this man,

We can learn from him,
but only if we listen ..."

George Betts

DANKBETUIGING

Dr. Gawie Louw van die departement Psigologie, PU vir CHO., vir sy behulpsaamheid en bekwame leiding as studieleier.

Prof Faan Steyn van Statistiese Konsultasiediens vir sy waardevolle wenke omtrent die statistiese verwerking van die gegewens.

Die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens vir die toestemming verleen tot die ondersoek.

Die proefpersone vir hulle samewerking.

My ouers vir hulle belangstelling, aanmoediging en finansiële steun, aan wie ek ook hierdie werk opdra.

For your gift of sincere love.

INHOUDSOPGAW

HOOFSTUK 1	1
------------------	---

DOELSTELLINGS EN LITERATUUROORSIG

1.1 Doelstellings	1
1.2 Probleemstelling	2
1.3 Literatuurstudie	3
1.3.1 Begripsoms krywing	3
1.3.1.1 Misdaadpsigologie	3
1.3.1.2 Misdaad	5
1.3.1.3 Aggressie	7
1.3.2 Omvang van misdaad	8
1.3.2.1 Misdaadstatistiek vir die RSA	8
1.3.2.2 Misdaadvoorkoms in ander lande	17
1.3.2.3 Die slagoffer	18
1.3.2.4 Wapens	19
1.3.3 Etiologie	20
1.3.3.1 Teoretiese verklarings van vrouemisdaad	20
1.3.3.1.1 Die biologies-psigologiese benadering	20
1.3.3.1.2 Die geslags- en statusrolteorie	22
1.3.3.2 Sosio-ekonomiese determinante	24
1.3.3.2.1 Ouerdeprivasie	24
1.3.3.2.2 Gesinsonvolledigheid	25
1.3.3.2.3 Ouerlike dissipline	27
1.3.3.2.4 Drankmisbruik	29
1.3.3.2.5 Ekonomiese lewenspeil van die gesin	31
1.3.3.2.6 Skolastiese prestasie	31
1.3.3.2.7 Beroepsgegewens	32
1.3.3.3 Psigologiese determinante	34
1.3.3.3.1 Aggressie	34
1.3.3.3.1.1 Die psigo-analitiese teorie van Sigmund Freud	35
1.3.3.3.1.2 Konrad Lorenz se instinkteorie	36

1.3.3.3.1.3 Die frustrasie-aggressie-hipotese	36
1.3.3.3.1.4 Leerteoretiese benaderings	37
1.3.3.3.1.5 Ander sienings oor aggressie	40
1.3.3.3.1.6 Faktore wat tot die aansporing van aggressie mag lei	42
1.3.3.3.2 Persoonlikheidseienskappe en misdadige gedrag	45
1.3.3.3.2.1 Intellektuele vermoë	45
1.3.3.3.2.2 Ander persoonlikheidseienskappe	47
1.3.3.3.2.2.1 Die menstruele siklus	49
1.3.3.3.3 Psigopatologie	51
1.3.4 Behandeling en versorging van die vrou in die gevangenis	55
1.3.4.1 Basiese oogmerke van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens	55
1.3.4.2 Fisiese versorging van die gevangene	57
1.3.4.3 Opvoedkundige versorging van die vrouegevangene	59
1.3.4.4 Psigiese versorging	60
1.3.4.5 Maatskaplike versorging	61
1.3.4.6 Geestelike versorging	62
1.3.4.7 Observasie en klassifikasie	62
1.3.5 Die psigologiese invloed van gevangenskap	63
1.3.5.1 Die emosionele reaksie van die vrouemisdadiger op gevangenskap	65
1.3.6 Samevatting	68
 HOOFSTUK 2	 70
 METODE VAN ONDERSOEK	
2.1 Die vergelykende metode	70
2.1.1 Die globale benadering	70
2.1.2 Die reduksionistiese benadering	71
2.2 Proefpersone	72

2.2.1 Gewelddadige vroulike gevangenes	73
2.2.2 Nie-gewelddadige vroulike gevangenes	73
2.3 Meetinstrumente	75
2.3.1 Die biografiese vraelys	75
2.3.1.1 Persoonlike gegewens	76
2.3.1.2 Gesinsgegewens	76
2.3.1.3 Skolastiese en beroepsgegewens	82
2.3.2 Intellektuele vermoë	84
2.3.2.1 Die Suid-Afrikaanse Wechsler- intelligensieksaal vir volwassenes	84
2.3.2.1.1 Beskrywing	85
2.3.2.1.2 Betroubaarheid en geldigheid	85
2.3.2.1.3 Motivering vir insluiting	86
2.3.3 Persoonlikheidsevaluering	86
2.3.3.1 Die Groepspersoonlikheidsprojek= sietoets	86
2.3.3.1.1 Beskrywing	87
2.3.3.1.2 Betroubaarheid en geldigheid	88
2.3.3.1.3 Motivering vir insluiting	89
2.3.3.2 Die Sestien-persoonlikheids= faktorvraelys	89
2.3.3.2.1 Beskrywing	89
2.3.3.2.2 Betroubaarheid en geldigheid	91
2.3.3.2.3 Motivering vir insluiting	92
2.4 Toetsgedrag en mate van betrokkenheid aan die kant van die proefpersone	93
2.5 Statistiese verwerking van resultate	93
2.6 Samevatting	94

HOOFSTUK 3	95
------------------	----

BESPREKING VAN DIE TOETSRESULTATE

3.1 Inleiding	95
3.1.1 Kriteria vir verskil	95
3.2 Die biografiese gegewens	96
3.2.1 Persoonlike gegewens	97
3.2.1.1 Bespreking van resultate	97

3.2.2 Gesinsgewens	100
3.2.2.1 Bespreking van resultate	100
3.2.3 Skolastiese en beroepsgewens	113
3.2.3.1 Bespreking van resultate	114
3.3 Intellektuele vermoë	123
3.3.1 Resultate van die Wechsler	123
3.4 Persoonlikheidsevaluering	124
3.4.1 Resultate van die GPPT	124
3.4.2 Resultate van die 16-PF	128
3.5 Samevatting	137
3.5.1 Biografiese gewens	137
3.5.2 Intellektuele vermoë	140
3.5.3 Persoonlikheidsevaluering	140
HOOFSTUK 4	143
SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS	
4.1 Samevatting	143
4.1.1 Literatuuroorsig	143
4.1.2 Metode van ondersoek	144
4.1.3 Bespreking van toetsresultate	145
4.1.3.1 Biografiese gewens	145
4.1.3.2 Intellektuele vermoë	146
4.1.3.3 Persoonlikheidsevaluering	146
4.2 Gevolgtrekkings	147
4.3 Slotgedagtes	149
BIBLIOGRAFIE	150
OPSOMMING	170
SUMMARY	172
BYLAES	174

HOOFSTUK 1

DOELSTELLINGS EN LITERATUUROORSIG

1.1 DOELSTELLINGS

Misdadigheid by die vrou is dekades lank as 'n onbelangrike studieveld beskou. Wanneer dit wel bespreek is, is dit as sekondêr beskryf. Verskeie redes mag vir dié situasie verantwoordelik wees. Smart (1978) wys daarop dat die navorsingsterrein van kriminaliteit oor die jare deur manlike navorsers oorheers is wat geen belang by vrouemisdadigheid gehad het nie. Crites (1976), weer, se konklusie is dat, as gevolg van die lae amptelike misdadigheidstatistiek van dié groep, vrouemisdadigheid nie as 'n gedragswyse beskou is wat die gemeenskapslewe bedreig en dus diepgaande ondersoek geregtig het nie. Die lae misdadigheidsyfer het eweneens statistiese verwerking van die gegewens bemoeilik en moontlik die navorsing ontmoedig.

Daarbenewens het klassieke studies van vroeë ondersoekers van vrouemisdadigheid soos Lombroso en Ferrero (1895) en O. Pollak (1961) die vrou gereduseer tot twee duidelike klasse, naamlik goeie vroue met normale gedrag en slegte vroue met misdadige gedrag. Mettertyd het daar dus baie mites oor vrouemisdadigheid ontstaan wat tot vandag toe voortduur. Crites (1976:8) konstateer dan ook: "The road from Lombroso to the present is surprisingly straight."

Misdadigheidstatistiek dui egter daarop dat dié verskynsel by vroue besig is om met rasse skrede toe te neem en dat daar ook 'n verandering plaasgevind het in die tipe misdadigheid wat vroue pleeg. Waar vroue voorheen hoofsaaklik betrokke was by misdade soos prostitusie en diefstal, raak al hoe meer vroue deesdae betrokke by gewelddadige misdrywe soos moord, roof en aanranding. Sommige navorsers skryf die tendens toe aan die feministiese bewegings en organisasie wat vroueregte bevorder (Adler, 1975; Feinman, 1980; Pollak, 1961). Daniel en Kashani (1983), weer, voer aan dat vroue wat geweldsmisdade pleeg, duidelik

onderskei moet word van ander groepe vroulike misdadigers en dat meer navorsing op hierdie terrein gedoen behoort te word.

Misdaad by die vrou is nie net 'n probleem vir die owerheid nie, maar raak ook die hele samelewing direk en indirek. Misdaad het 'n direkte nadelige invloed op die vrou se gesinslede, veral waar die vrou die rol van moeder moet vervul. Die kind aanvaar die ouer as norm. Die gevolg is dat negatiewe gedrag vanaf die moeder oorgedra kan word op haar kind of kinders wat nog nie genoeg kennis en begrip het om tussen reg en verkeerd te onderskei nie. Sodoende kan 'n verwaarloosde en demoraliserende huislike lewensgemeenskap tot stand kom (Burt, 1969; Venter, 1965). Uit bogenoemde bouse kringloop ontstaan dus psigies 'n swakker gemeenskap. Vir die staat bring misdaad, afgesien van die sosiale probleme waarvoor daar teenvoeters gevind moet word, ontsaglike uitgawes mee. Daar kan dus met reg gesê word dat misdaad 'n benadelingsverskynsel is wat elke laag van die samelewing aantast, hetsy die slagoffer van die misdadiger, hetsy die gesin, groep, gemeenskap of land. Misdaad skend altyd bepaalde maatskaplike verhoudings en werk ontwinging en onsekerheid in die hand.

Die doel van die huidige ondersoek is om die gebrek aan psigologiese kennis oor die vroulike misdadiger aan te vul. Vir dié doel sal blanke vroulike geweldenaars en 'n groep blanke vroulike misdadigers wat verskillende ander soorte oortredings as geweldpleging begaan het, psigologies en sosio-ekonomies ondersoek en onderling met mekaar vergelyk word. Sodoende sal daar verseker word dat elke proefpersoon geëvalueer en geklassifiseer word, en kan daar bepaal word of die verskillende soorte vroulike misdadigers met betrekking tot hulle intellektuele vermoë en persoonlikheid asook persoons-, gesins-, skolastiese en beroepsomstandighede 'n afsonderlike mensesoort uitmaak. Eers ná die verkryging van sodanige kennis kan daar gewerk word aan effektiewe metodes van diagnose en behandeling.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Met hierdie ondersoek sal gepoog word om die volgende hipoteses te bewys:

- 1a) Nulhipotese: dat daar geen intellektuele verskil tussen blanke vroulike gewelddenaars en blanke vroulike nie-gewelddenaars in gevangenskap bestaan nie.
- 1b) Alternatiewe hipotese: dat blanke vroulike gewelddenaars en blanke vroulike nie-gewelddenaars in gevangenskap intellektueel van mekaar verskil.
- 2a) Nulhipotese: dat daar geen verskil in persoonlikheidseienskappe tussen blanke vroulike gewelddenaars en blanke vroulike nie-gewelddenaars in gevangenskap bestaan nie.
- 2b) Alternatiewe hipotese: dat blanke vroulike gewelddenaars en blanke vroulike nie-gewelddenaars in gevangenskap van mekaar verskil ten opsigte van persoonlikheidseienskappe.

Daar sal ook op grond van bepaalde neigings gepoog word om deur middel van biografiese gegewens (persoons-, gesins-, skolastiese en beroepsgegewens) verskille tussen blanke vroulike gewelddenaars en blanke vroulike nie-gewelddenaars in gevangenskap te identifiseer.

1.3 LITERATUUROORSIG

1.3.1 Begripsomskrywing

Begripsomskrywing is noodsaaklik in enige wetenskaplike ondersoek. Aangesien hierdie ondersoek handel oor geweldsmisdade by vroue sal sekere belangrike begrippe vervolgens kortliks bespreek word.

1.3.1.1 Misdaadpsigologie

Van der Walt et al. (1985) definieer misdaadpsigologie as 'n spesialiseringsrigting in die psigologie wat spesifieke verskynsels op die gebied van die kriminele persoonlikheid en gedrag bestudeer. Aandag

word in dié vakdisssipline dus geskenk aan die persoonlikheid van die misdadiger en sy slagoffer en dus spesifiek aan die rol van intelligensie, persoonlikheidsamestelling, psigiese afwyking en persoonlikheidswanfunksionering in kriminele gedrag.

Abrahamson (1960) beweer dat die misdadiger en die nie-misdadige persoon dieselfde persoonlikheidseienskappe het, met ander woorde dieselfde sosiale en antisosiale, asook konstruktiewe en destruktiewe karaktereienskappe toon. Wat wel tot 'n differensiasie tussen die twee groepe lei, is die feit dat die misdadiger anders reageer op stimuli (soos byvoorbeeld hoop, wense, vrese en angstigheid) waarmee hy in kontak kom. Abrahamson (1960:14) skryf in die verband:

"The fundamental desires and inclinations that motivate normal social conduct are the same ones that drive the offender into criminal acts. He differs from the law-abiding citizen chiefly in the means he chooses for the expression of his aggressions. This difference is more a matter of degree than of kind, since basically the offender and the non-offender are woven from the same cloth."

Roux (1978) ondersteun hierdie standpunt as hy aanvoer dat dit bloot die misdadiger se reaksiewyse op die buitewêreld is wat hom onderskei van die normale mens. Dié ondersoeker sien die misdadiger as 'n persoon wie se sosiale gedrag van so 'n aard is dat hy met die norme van die gemeenskap in botsing kom en as gevolg daarvan aan 'n bepaalde vorm van straf blootgestel word.

Misdaad is die resultaat van 'n negatiewe onewewigtigheid in die interaksie tussen die ekspressiewe kragte van die individu se psigologiese en biologiese eienskappe en die normatiewe invloed van familiare, religieuse en sosiokulturele faktore.

Samevattend gesien, bestudeer die misdaadpsigologie die gedrag van die misdadiger soos dit bepaal word deur sy persoonlikheidsamestelling en kognitiewe denkprosesse. Die sosiale lewensverband van die misdadiger kan egter nooit buite rekening gelaat word nie omdat interpersoonlike

verhoudings en die persoon se verhouding tot sy gemeenskap van groot belang is.

1.3.1.2 Misdaad

Die begrip misdaad kan vanuit verskillende wetenskappe omskryf word. Vir die doel van hierdie ondersoek word misdaad in juridiese sin omskryf.

Gouws et al. (1979) definieer misdaad as 'n wederregtelike en opsetlike handeling of versuim wat deur die staat strafbaar is. De Wet en Swanepoel (1960) omskryf misdaad ook as 'n handeling wat op straf verbied word. Straf is die leed wat die pleger van 'n misdaad toegevoeg word deur die staat omdat hy die misdaad gepleeg het.

Haskell en Yablonsky (1978:4) omskryf misdaad soos volg:

"A crime or public offense is an intentional act committed or omitted in violation of a law forbidding or commanding it, and to which is annexed either of the following punishments:

1. Death
2. Imprisonment
3. Fine
4. Removal from office; or
5. Disqualification to hold and enjoy any office of honour, trust or profit ..."

Samevattend is Misdaad volgens die juridiese opvatting 'n handeling wat deur die reg verbied word of die nalating van 'n handeling wat deur die reg gebied word.

Verskeie indelings van misdaad is moontlik. Die algemeenste indeling wat in die Republiek van Suid-Afrika gebruik word, is ontleen aan die Departement van Statistiek (1964:1) waar 'n kodelys met ses klasse misdade beskryf word, naamlik misdaad teen -

Klas A: die staatsveiligheid en goeie orde, byvoorbeeld hoogverraad, sabotasie, oortredings teen die regspleging, staatsfinansies en -inkomste.

Klas B: die gemeenskapslewe met inbegrip van die gesinslewe en kindersversorging, geslagtelike en verwante misdrywe, drank en verdowingsmiddels.

Klas C: persoonsverhoudings waarby inbegrip word misdrywe teen die lewe of liggaam, die goeie naam en eer asook die vryheid van 'n persoon.

Klas D: eiendom, byvoorbeeld inbraak, diefstal, veediefstal en falsitas.

Klas E: ekonomiese sake waaronder misdrywe soos in landbou, veeteelt, mynbou, die handel en die professies.

Klas F: maatskaplike sake wat oortredings in verband met padverkeer en gesondheidsdienste insluit.

Snyman (1981) verdeel misdaad in vier hoofkategorieë, naamlik misdade teen die staat en administrasie, misdade teen die gemeenskap asook teen 'n persoon, en vermoëns misdade. Geweldsmisdade is nie tot een van hierdie vier kategorieë beperk nie, maar kan in enigeen hiervan voorkom, dit wil sê teen die gemeenskap, staat of 'n persoon.

Vir die doel van hierdie ondersoek word met geweldsmisdade spesifiek bedoel misdade wat teen 'n persoon gerig is. De Wet en Swanepoel (1960) omskryf geweldsmisdade as 'n wederregtelike, opsetlike, regstreekse of onregstreekse toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander.

Geweldsmisdrywe kan beskou word as die direkte of indirekte toevoeging van leed en/of skade aan 'n persoon. Daniel en Kashani (1983:697) definieer geweldsmisdade soos volg: "Violent crimes are those violations of law in which force or threat of force has resulted in physical harm or destruction."

Om as geweldsmisdaad geëtiketteer te kan word, moet dit volgens Van der Walt (1985) aan al die vereistes van juridies gedefinieerde misdaad voldoen, naamlik -

- a) die gewelddenaar moet 'n verantwoordelike persoon wees wat die nodige opset openbaar om die daad te pleeg;
- b) die handeling moet die oortreding of die nalating van 'n gebod wees en moet 'n bepaalde gevolg hê;
- c) die gevolg moet skadelik wees en deur die gemeenskap erken word;
- d) die handeling moet deur die gesagsdraer bestraf word;
- e) daar moet 'n bepaalde of potensiële slagoffer wees; en
- f) die gereg moet 'n sekere oogmerk hê met die oplegging van die straf.

1.3.1.3 Aggressie

Daar is verskeie definisies van aggressie wat verskil volgens teoretiese uitgangspunte en ook in terme van duur, kompleksiteit en intensiteit. Gouws et al. (1979:8) definieer aggressie as aanvallende, destruktiewe gedrag. Dollard et al. (1939) omskryf aggressie as enige gedrag waarvan die doel is om die persoon teen wie dit gerig is, te beseer.

Bogeoemde omskrywings sluit aan by Baron en Byrne (1978:408) se definisie, naamlik: "Aggression is any form of behavior directed towards the goal of harming or injuring another living being who is motivated to avoid such treatment".

Wat duidelik blyk uit bogenoemde definisies, is dat alle aggressiewe gedrag beskadiging van voorwerpe of pyniging of besering (hetsy fisiologies of psigologies) van 'n individu of individue impliseer.

Uit die literatuur blyk dit dat aggressie 'n belangrike faktor by geweldsmisdade is. Vir Harrington (1972) is geweld die eiendpunt van 'n kontinuum van aggressiewe gedrag. Die rol van aggressie in hierdie verband word deur Daniel en Kashani (1983:697) as volg beskryf: "Aggressive behavior becomes violent when one threatens, or actually employs force."

1.3.2 Omvang van misdaad

Om 'n perspektief op misdaad in Suid-Afrika te verkry, is dit belangrik om kennis te neem van die omvang wat die verskynsel aanneem. In hierdie verband sal daar spesifiek aandag aan die omvang van geweldsmisdade gegee word.

1.3.2.1 Misdadestatistiek vir die RSA

Vervolgens sal daar gelet word op Suid-Afrikaanse algemene misdadestatistiek vir die tydperk 1978 tot 1983. Tabel 1.1 sluit alle soorte misdade in, gepleeg in Suid-Afrika oor 'n tydperk van vyf jaar sonder onderskeid tussen ras en geslag. Daar word tans geen onderskeid gemaak tussen rasse in die vroulike misdadestatistiek nie. Daar sal dus volstaan word met 'n globale beskrywing van die Suid-Afrikaanse misdadestatistiek.

TABEL 1.1 Veroordelings vir die tydperk 1 Julie 1978 tot 30 Junie 1983

Klas en subklas	1978/79	1979/80	1980/81	1981/82	1982/83
<u>Klas A - Owerheidsgesag en goeie orde</u>					
A1 - Staatsveiligheid	5 919	536	127	758	2 078
A2 - Rus en vrede	-	4 582	5 060	6 951	7 766
A3 - Regspleging	10 144	9 679	9 353	9 494	10 299
A4 - Owerheidsfinansies	1 423	1 314	953	850	758
TOTAAL KLAS A	17 486	16 111	15 493	18 053	20 901
<u>Klas B - Gemeenskapslewe</u>					
B1 - Gemeenskapslewe en kinderversorging	1 126	940	758	654	638
B2 - Onweloweglike geslagtelike en verwante sake	7 880	7 480	8 295	8 354	8 006
B3 - Verdowingsmiddels en afhanklikheids= vormende stowwe	26 270	29 186	31 477	36 304	41 677
B4 - Ander sake teen die gemeenskapslewe	6 439	6 877	6 725	6 756	6 827
TOTAAL KLAS B	41 715	44 483	47 255	52 068	57 148
<u>Klas C - Persoonsverhoudings</u>					
C1 - Lewe en liggaam van 'n persoon	108 364	110 011	114 021	110 487	110 226
C2 - Goeie naam en eer van 'n persoon	1 394	1 259	1 547	1 446	1 597
C3 - Vryheid en besitreg	442	406	450	474	467
TOTAAL KLAS C	110 200	111 676	116 018	112 407	112 290

Klas en subklas	1978/79	1979/80	1980/81	1981/82	1982/83
<u>Klas D - Eiendom</u>					
D1 - Inbrake en verwante sake	33 841	33 734	33 406	31 639	32 395
D2 - Diefstal van die persoon af, of verkryging van voordele deur geweld of dreigemente	12 379	12 234	11 904	11 586	11 190
D3 - Veediefstal en verwante sake	11 262	10 548	10 875	10 332	9 133
D4 - Ander diefstalle	83 820	84 798	88 722	85 821	85 676
D5 - Falsitas en verwante optrede	6 615	6 573	6 644	7 616	8 778
D6 - Ander sake betreffende die eiendom	10 788	10 708	12 715	11 678	11 971
D7 - Diere	487	477	442	360	420
TOTAAL KLAS D	159 192	159 072	164 708	159 032	159 563
<u>Klas E - Ekonomiese sake</u>					
E1 - Ekonomie, algemeen	269	239	227	272	177
E2 - Landbou, veeteelt, visserye en waterwese	2	9	2	8	7
E3 - Mynbou en verwante sake	583	581	600	703	775
E4 - Fabriekswese en konstruksie	1	2	1	1	-
E5 - Handel en besigheidsdienste	2	6	6	2	2
E8 - Ander ekonomiese sake	6	-	7	9	6
TOTAAL KLAS E	863	837	843	995	967
<u>Klas F - Maatskaplike sake</u>					
F1 - Padverkeer	28 947	26 444	29 261	30 934	33 573
F6 - Gesondheidsdienste	96	96	68	80	55
TOTAAL KLAS F	29 043	26 640	29 329	32 014	33 628
GROOTTOTAAL	358 499	358 719	373 646	373 569	384 497

Tabel oorgeneem uit Departement van Statistiek (1984:1)

Uit tabel 1.1 blyk die volgende tendense duidelik:

- Misdade teen die owerheidsgesag en die goeie orde het van 1978 tot 1983 'n styging getoon.
- Misdade teen die gemeenskapslewe toon 'n dramatiese styging van 41 715 sake in 1978 tot 57 148 sake in 1983. Die subklas van misdade betreffende verdowingsmiddels en afhanklikheidsvormende stowwe was grootliks hiervoor verantwoordelik.
- Misdade teen persoonsverhoudings toon 'n styging van 2 090 sake vanaf 1978 tot 1983. Misdade teen die lewe en liggaam van 'n persoon het met 1 862 sake gestyg vanaf 1978 tot 1983. Die hoogste getal veroordelings in hierdie subklas was in 1980/81 waar 114 021 veroordelings plaasgevind het.
- Misdaad teen eiendom toon 'n geringe styging tussen 1978 en 1983.
- Ekonomiese misdade het 'n styging getoon tussen 1978 en 1983.
- Misdaad teen maatskaplike sake het vanaf 1978 tot 1983 'n styging getoon.
- Misdaad in die algemeen het gestyg van 358 499 veroordelings in 1978 tot 384 497 veroordelings in 1983.

TABEL 1.2 Persoonsverhoudingsveroordelings (7 jaar en ouer) vir die tydperk 1 Julie 1982 tot 30 Junie 1983

Subklas en misdryf	Veroordelings		
	Totaal	Manlik	Vroulik
Lewe en liggaam van 'n persoon			
Aanranding (gewoon)	50 670	43 730	6 940
Aanranding met die opset om ernstig te beseer	52 613	45 281	7 332
Moord:			
Kindermoord	29	13	16
Moord met 'n vuurwapen	335	319	16
Moord met 'n ander wapen	2 027	1 868	159
Poging tot moord	588	545	43
Toediening van gif en ander skadelike stowwe	9	8	1
Roof met verswarende omstandighede	5 510	5 392	118
Roof	4 635	4 501	134

Tabel oorgeneem uit Departement van Statistiek (1984:25)

In tabel 1.2 word misdaad teen persoonsverhoudings (geweldsmisdade) vir die tydperk Julie 1982 tot Junie 1983 aangetoon met 'n onderskeiding tussen die geslagte. Hieruit blyk die volgende tendense:

- Meer mans pleeg geweldsmisdade as vrouens.
- Aanranding (gewoon) en aanranding met die opset om ernstig te beseer, is by uitstek die geweldsmisdaad waaraan die meeste persone hul skuldig maak, ongeag die geslag van die oortreder.
- Vroue pleeg meer kindermoord as mans.
- Moord word meer met ander wapens gepleeg as met 'n vuurwapen, ongeag die geslag van die oortreder.
- Die toediening van gif en skadelike stowwe kom die minste voor by geweldsmisdaad.
- Roof met verswarende omstandighede is, naas aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer die geweldsmisdaad met die hoogste voorkoms by mans.

TABEL 1.3 Die huwelikstaat van die vroulike oortreder vir die tydperk
1 Julie 1982 tot 30 Junie 1983

Klas en subklas	Totaal	Nooit getroud	Getroud	Weduwee	Geskei	Onbekend
A1	251	152	91	3	4	1
A2	690	435	228	8	5	14
A3	846	513	291	17	12	13
A4	123	15	98	7	1	2
A-totaal	1 910	1 115	708	35	22	30
B1	252	181	65	3	3	-
B2	926	701	134	7	49	35
B3	2 353	1 291	940	68	31	23
B4	310	78	204	6	3	19
B-totaal	3 841	2 251	1 343	84	86	77
C1	14 802	9 725	4 758	89	64	166
C2	362	181	166	7	6	2
C3	31	19	10	-	2	-
C-totaal	15 195	9 925	4 934	96	72	168
D1	1 378	1 159	194	9	9	7
D2	289	228	54	2	1	4
D3	584	322	243	11	5	3
D4	18 686	12 919	5 285	176	200	106
D5	1 259	510	614	28	94	13
D6	1 621	1 089	486	12	18	16
D7	36	12	23	-	1	-
D-totaal	23 853	16 239	6 899	238	328	149
E1	8	-	8	-	-	-
E2	1	1	-	-	-	-
E3	49	8	34	1	3	3
E4	-	-	-	-	-	-
E5	2	2	-	-	-	-
E8	1	-	1	-	-	-
E-totaal	61	11	43	1	3	3
F1	1 492	363	922	82	111	14
F6	8	5	3	-	-	-
F-totaal	1 500	368	925	82	111	14
GROOTTOTAAL	46 360	29 909 (65%)	14 852 (32%)	356 (1%)	622 (1%)	441 (1%)

Tabel oorgeneem uit Departement van Statistiek (1984:30)

(Vir beskrywing van klas- en subklasindeling, sien tabel 1.1)

Uit tabel 1.3 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Ongeveer twee derdes van die gevonniste vroue-oortreders is ongetroud.
- Ongeveer een derde van dié groep is getroud.
- Een persent van die oortreders is geskei en een persent is weduwees.
- Uit die statistiese gegewens blyk dit dat ongetroudes hul meer skuldig maak aan al die verskillende misdade insluitende geweldsoortredings, as getroudes.
- Oortredings waaraan getroude vroue hul meer skuldig maak, is:
 - a) misdade wat in verband gebring word met owerheidsfinansies;
 - b) misdade teen die gemeenskapslewe soos bedelary, toordery en dobbelary;
 - c) bedrog en vervalsing;
 - d) wreedheid teenoor diere;
 - e) ekonomiese misdade;
 - f) die bestuur van 'n voertuig onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels; en
 - g) roekelose en nalatige bestuur van voertuie.

TABEL 1.4 Onderwyspeil van die vroulike oortreder vir die tydperk 1 Julie 1982 tot 30 Junie 1983

Klas en subklas	Totaal	Ongeletterd	Elementêr	Hoërskool	Gevorderd	Onbekend
A1	251	68	132	39	4	8
A3	690	179	774	172	8	17
A3	846	221	429	176	1	19
A4	123	56	21	40	3	3
A-totaal	1 910	524	896	427	16	47
B1	252	58	133	55	3	3
B2	926	96	406	388	5	31
B3	2 353	848	977	488	9	31
B4	310	65	150	72	-	23
B-totaal	3 841	1 067	1 666	1 003	17	88
C1	14 802	4 485	7 753	2 303	32	229
C2	362	69	177	111	2	3
C3	31	9	18	4	-	-
C-totaal	15 195	4 563	7 948	2 418	34	232
D1	1 378	478	739	135	2	24
D2	289	66	155	59	-	9
D3	584	352	195	30	-	7
D4	18 686	4 110	8 814	5 505	44	213
D5	1 259	55	268	911	12	13
D6	1 621	386	910	298	3	24
D7	36	15	10	9	-	2
D-totaal	23 853	5 462	11 091	6 947	61	292
E1	8	-	-	7	1	-
E2	1	-	-	1	-	-
E3	49	9	19	18	-	3
E4	-	-	-	-	-	-
E5	2	2	-	-	-	-
E8	1	-	-	1	-	-
E-totaal	61	11	19	27	1	3
F1	1 492	17	152	1 220	60	43
F6	8	1	2	5	-	-
F-totaal	1 500	18	154	1 225	60	43
Groottotaal	46 360	11 645 (25%)	21 774 (47%)	12 047 (26%)	189 (0,5%)	705 (1,5%)

Tabel oorgeneem uit Departement van Statistiek (1984:31)

Vir beskrywing van klas- en subklasindeling, sien tabel 1.1)

Uit tabel 1.4 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die onderwyspeil van die vroulike oortreder gedurende die tydperk 1982/83 is soos volg:

Ongeletterd: 25 persent

Elementêr: 47 persent

Hoërskool: 26 persent

Gevorderd: 0,5 persent

- Vroue met 'n elementêre onderwyspeil pleeg die meeste misdade.
- Die vroulike oortreder met 'n hoërskoolopleiding pleeg die meeste eiendomsmisdade, veral diefstal. Naas hierdie misdaad is die tweede hoogste oortreding dié teen die lewe en liggaam van 'n persoon wat geweldpleging insluit.
- Die vroulike oortreder met hoërskoolopleiding en die ongeletterde groep se statistiek is die hoogste met betrekking tot misdaad ten opsigte van owerheidsfinansies.
- Die vroulike oortreder met gevorderde onderwyspeil se hoogste oortredings is padverkeer, tweedens eiendomsmisdade met die klem op diefstal en derdens misdade teen die lewe en liggaam van 'n persoon wat geweldpleging insluit.

1.3.2.2 Misdaadvoorkoms in ander lande

Die omvang wat ernstige misdade in die VSA aanneem, blyk uit die feit dat daar elke 27 minute 'n moord, elke 8 minute 'n verkragting, elke 78 sekondes 'n roof en elke 60 sekondes 'n aanranding gepleeg word (Calhoun, 1977; Coleman et al., 1980).

Daniel en Kashani (1983) beweer dat arrestasie in ernstige misdade die laaste twee dekades in die VSA by vroue met 156,2% gestyg het (teenoor die 61,3% van mans). Wanneer die statistiek vir individuele misdade deur

vroue geanaliseer word, is daar 'n toename in frekwensie in vermoëns misdade soos bedrog, geldverduistering en diefstal. Vroue verteenwoordig tans 30% van die arrestasies in witboordjiemisdade in die VSA. Hierteenoor maak vrouens wat geweldsmisdaad pleeg maar 10% uit van alle persoonlike arrestasies in Amerika.

Volgens Bartol en Bartol (1986) dui misdaadstatistiek en wetenskaplike ondersoeke in die VSA daarop dat mans meer geneig is as vroue om tot geweld en aggressiewe gedrag oor te gaan. Daar is 'n hoër toename in geweldsmisdade by mans as by vroue, met 'n verhouding van onderskeidelik 31% vir mans en 29% vir vroue. Navorsingsgegewens toon verder aan dat in 1981 vroue verantwoordelik was vir 13% van alle moorde en ernstige aanrandings.

Ofskoon Daniel en Kashani (1983) prominensie verleen aan 'n toename in ekonomiese misdade by die vrou en dit deur ander ondersoekers bevestig word, dui verskeie ander oorsese ondersoekers ook 'n verhoging in vroulike geweldsmisdaad aan (Adler en Simon, 1979; Campbell, 1981; Rans, 1978; Scutt, 1976).

Ofskoon dit wil voorkom asof misdaad by die vrou toeneem, bly misdaadstatistiek in vergelyking met dié van die manlike misdadiger, steeds laag (Daniel en Kashani, 1983; Rans, 1978).

1.3.2.3 Die Slagoffer

Enige misdaad bestaan uit 'n misdadiger(s) sowel as 'n slagoffer. Ten einde 'n breë perspektief van die vroulike geweldenaar en haar fisiese samestelling te probeer verkry, word daar vervolgens ook gelet op die slagoffers van dié soort misdadiger.

Navorsing dui daarop dat feitlik in al die gevalle van moord en aanranding wat deur vroue gepleeg is, die slagoffers bekendes is. In meer as die helfte van die gevalle is die slagoffers 'n familielid, eggenoot, vriend of minnaar (Adler en Simon, 1979; Daniel en Kashani, 1983; Scutt, 1976; Totman, 1978).

Hafner en Böker (1982) het die slagoffers van vroulike geweldenaar as volg gekategoriseer:

Vreemdelinge	15%
Kennisse	42%
Man, minnaar en kinders	42%

Dit wil voorkom asof vroue gewoonlik diegene wat fisies en emosioneel die naaste aan hulle is, vermoor. Totman (1978) verklaar die verskynsel uit die feit dat die moorddaad vir die vrou 'n ekspressiewe eerder as 'n instrumentele handeling is waarby emosies 'n belangrike faktor is. Die vrou voel dat haar verhouding met die slagoffer destruktief van aard is en dat sy gefaal het in haar rol as vrou, vriend of moeder. Volgens Totman (1978) koester die vroulike moordenaar reeds van vroeg af moordidees en is moord vir haar die enigste oplossing aangesien sy geen alternatiewe uitweg uit haar probleem kan vind nie.

Dit blyk egter wel dat provokasie 'n faktor kon gewees het in sommige gevalle waar die vrou haar man, vriend of minnaar vermoor. Die verhouding word gekenmerk deur spot en uittarting deur die provokeerder teenoor die vrou wat dan uiteindelik met geweld reageer (Daniel en Kashani, 1983). Totman (1978) rapporteer dat 28 van die 36 moordenaresses in haar ondersoekgroep gevoel het dat hulle slagoffers hulle onverdiend en onredelik fisies en/of verbaal verneder het.

1.3.2.4 Wapens

Die meeste geweldsmisdade is direkte handelings alhoewel sommige vroue nog gif as 'n metode gebruik (Pollak, 1961). Wolfgang (1958) toon in sy studie (wat in die vyftigerjare onderneem is) aan dat 62,4% vroue messe of huishoudelike apparate as gewelddwapen gebruik het. Hierteenoor het net 20,4% van die vroue 'n vuurwapen gebruik.

Gedurende die laat-sestiger- en vroeë sewentigerjare rapporteer Ward et al. (1969) dat vuurwapens by bykans die helfte van die moord- en roof misdade gebruik is. Volgens dié ondersoekers is vuurwapens in 1962 slegs in 25% van die gevalle gebruik. Uit Totman (1978) se ondersoek van 36 moordenaresses blyk dat 22 vroue 'n vuurwapen gebruik om hul slagoffers mee te vermoor. Oor die aard van die wapen verklaar Daniel en Harris (1981) dat die keuse van die aanrandingswapen bepaal word deur die ouderdom van die slagoffer eerder as deur die ouderdom van die misdadiger.

1.3.3 Etiologie

Van die vroegste navorsing waarin aandag gegee is aan die etiologie van kriminele gedrag by vroue is gedoen deur Lombroso in 1885. Sedertdien is daar 'n verskeidenheid verklarings vir vrouemisdadigheid voorgestel. Ten einde 'n breër profiel van die etiologie van misdadige gedrag by vroue daar te stel, sal sekere teoretiese verklarings en ook sosio-ekonomiese sowel as psigologiese determinante wat met dié verskynsel in verband gebring word, vervolgens bespreek word.

1.3.3.1 Teoretiese verklarings van vrouemisdadigheid

'n Oorsig uit die literatuur toon aan dat vrouemisdadigheid op verskillende maniere verklaar word. Daar is basies twee benaderings tot die verklaring van vrouemisdadigheid, naamlik die biologiese-psigologiese benadering en die sosio-ekonomiese benadering (wat aansluit by die geslags- en statusrolteorie).

1.3.3.1.1 Die biologiese-psigologiese benadering

Alhoewel Lombroso se konsep van die gebore misdadiger verwerp word, vind sy sienings oor die vroulike misdadiger nog aanklank by sekere ondersoekers (Leonard, 1982). Vroue is deur Lombroso ingedeel in "goeie" of "slegte" vroue waar die "slegte" vrou haar skuldig maak aan prostitusie en die "goeie" vrou nie geneig is tot misdadigheid nie. Sy

uitgangspunt is dat vroue minder geneig is tot misdaad as mans maar dat hulle indien hulle in misdaad verval, gevaarlik en wreed is. 'n Vrou wat moord pleeg, beskik oor onnatuurlike kragte en is, volgens Lombroso, geneties meer 'n man as 'n vrou' (Adler en Simon, 1979; Smart, 1978).

William I. Thomas (1907) het verder uitgebrei op Lombroso se teorie deur die aanname te maak dat die biologiese en sosiale instinkte van 'n man en vrou in kwaliteit sowel as kwantiteit verskil.

Die vrou het 'n intense behoefte aan sekuriteit, aanvaarding en liefde, en indien hierdie behoeftes nie vervul word nie, mag dit lei tot misdadigheid en veral prostitusie (Adler en Simon, 1979). Hans Adam huldig die standpunt dat indien 'n vrou in misdadigheid verval, sy uiters wreed is, aangesien haar selfbeheer en morele verantwoordelikeidsin onderontwikkel is. Verder beweer hy dat die vrou baiekeer die inisieerder van misdaad is en dat die vrou dikwels betrokke is by geheimsinnige misdade soos vergiftiging (Leonard, 1982).

Sigmund Freud beweer dat die vrou oor 'n swak superego beskik wat nie ten volle ontwikkel is nie. Die vrou voel anatomies ontoereikend teenoor 'n man en persoonlikheidseienskappe soos masochisme, narcisme en passiwiteit kan teruggevoer word tot die anatomie van die vrou. Die vroulike misdadiger is dus 'n vrou wat probeer om 'n man te wees. Deur misdadigheid rebelleer sy teen haar rol as vrou (Adler en Simon, 1979; Crump, 1984).

Na die Tweede Wêreldoorlog het O. Pollak (1961) se teorie oor die vrou en misdadigheid groot inslag gevind. Hy beweer dat die lae misdaadstatistiek by vrouens nie die juiste feite weergee nie en dat vroue dieselfde hoeveelheid misdaad pleeg as die man. Die rede vir hierdie lae misdaadstatistiek is enersyds dat vroue hulle misdade makliker kan versteek as gevolg van haar vroulike vermoë tot geheimhouding en verdoeseling. Vroue maak hulle gewoonlik skuldig aan nie-ernstige misdade wat gewoonlik nie vervolgd word nie, en sekere misdade soos eksibisionisme en homoseksualiteit word gewoonlik by vrouens geïgnoreer. As gevolg van kulturele norme andersyds beskou mans dit as hulle plig om 'n vrou te beskerm. Hulle gee dus nie geredelik misdade aan wat vroue teen hulle pleeg nie. Verder word vroue nie veroordeel weens

misdaad nie, aangesien hulle die inisieerders is van 'n misdaad eerder as om fisies deel te neem daaraan. Die regsisteem hou nie daarvan om 'n vrou te arresteer, aan te kla en te vonnis nie. Pollak het ook sosiale faktore in ag geneem deur daarop te wys dat, as gevolg van die emansipasie van die vrou, sy meer vryheid het en sodoende mee rolle vervul wat meer geleenthede skep om misdaad te pleeg. As vrou en moeder pleeg sy misdade teen die persoon soos moord en strafbare manslag en as werknemer pleeg sy eiendomsmisdaad (Adler en Simon, 1979; Crump, 1984; Leonard, 1982; Pollak, 1961).

Cowie, Cowie en Slater (1968) het voortgebou op die vorige teorieë deur fisiologiese kriteria daar te stel om misdaad by die vrou te verduidelik. Alhoewel hulle sosiale en omgewingsfaktore in ag geneem het, het hulle dit nie belangrik genoeg gevind om dit op te neem in hulle verklaring van misdaad nie. Volgens Cowie en sy medewerkers (1968) is die Y-chromosoom verantwoordelik vir die manlikheid van die man. Dit kan dus as die setel van die predisposisie tot geweldsmisdaad gesien word. Geweldsmisdade, roof en bedrog kom nie by vroue in die algemeen voor nie as gevolg van hul chromosomale en hormonale struktuur maar indien hul wel in misdaad verval, is dit as gevolg van 'n wanbelans in hul chromosomale en hormonale struktuur wat hul meer manlike eienskappe gee.

1.3.3.1.2 Die geslags- en statusrolteorie

Die geslags- en statusrolteorie beweeg weg van die biologiese en psigologiese teorie oor misdaadveroorsoeking by vroue.

Hoffman-Bustamante (1973) beklemtoon die verskynsel van verskillende kulturele metodes van sosialisering by seuns en dogters in die Westerse gemeenskap. Meisies is meer onder toesig as seuns en hulle word geleer om meer passief en huislik te wees terwyl seuns groter vryheid toegelaat word en aangemoedig word om aggressief, ambisieus en na-buitelewend te wees. As gevolg van bogenoemde verwagtinge word aggressiewe gedrag nie van meisies verwag nie en is hulle ook nie bekend met die hantering van wapens nie. Meisies skram ook weg van geweld en is geneig om staat te maak op die beskerming van andere. Gevolglik beskik

min vroue oor die nodige tegniese vaardighede of fisieke krag om geweldsmisdade te pleeg. Indien vroue wel betrokke raak in geweldsmisdade lyk dit asof hulle betrokkenheid hulle geslagrol en sosialiseringproses reflekteer. Wolfgang (1958) voer as voorbeeld aan dat as vroue moord pleeg die slagoffer meestal 'n familielid of minnaar is, dat hulle 'n minimum geweld gebruik en meestal kombuistoehouere soos byvoorbeeld messe as wapen gebruik word.

In die geval van eiendomsmisdade voer Hoffman-Bustamante (1973) aan dat vroue meestal in die rol van medepligte optree, 'n sekondêre rol vervul wat ondersteuning bied en dus besig is om binne hulle passiewe geslagrol op te tree. Hulle betrokkenheid by hierdie misdaad reflekteer dus hulle passiewe geslagrol.

Hoffman-Bustamante (1973) het uit 'n sosiologiese perspektief die volgende geslagrolteorie daargestel. Sy beweer dat vrouemisdade deur die volgende vyf faktore beïnvloed word:

- Mans en vroue koester verskillende verwagtings van hulle geslagrolle.
- In die sosialiseringproses en toepassing van sosiale kontrole bestaan daar ook verskille tussen die geslagte.
- Verskille wat struktureel bepaal word deur die geleentheid om spesifieke misdade te pleeg. Min dames is byvoorbeeld in sleutelposte van groot maatskappye waar hulle geleentheid sou hê om witboordjiemisdade te pleeg.
- Differensiële toeganklikheid tot of druk met betrekking tot krimineel-georiënteerde subkulture en loopbane.
- Daar word geslagsverskille ingebou in misdaadkategorieë.

Nog 'n moontlike verklaring vir misdaad by vroue word gesoek in die invloed van die vrouevryheidsbeweging. Hierdie beweging het hulle sedert die begin van die sestigerjare in Amerika beywer vir die verbetering van die vrou se status in die gemeenskap en gelykheid in die arbeidsmark (Gora, 1982). Kriminoloë het reeds sedert 1870 voorspel

dat sosiale gelykmaking tussen die geslagte en die toetrede van vroue tot die ekonomie 'n toename van misdaad by vroue teweeg sou bring. Volgens 'n FBI-verslag (1975) het die misdaadsyfer onder vroue vir die tydperk 1960 tot 1974 dramaties toegeneem, met 'n styging van 116% in moord en 305% in roof. Adler (1975) koppel hierdie verskynsel spesifiek aan die vrou se stryd om sosiale en ekonomiese gelykheid.

Tot op hede kon geen teoretiese verklaring vir misdaad gevind word nie. Die meeste van hierdie teorieë is nie gegrond op geldige, wetenskaplike navorsing nie. In die meeste van dié ondersoeke is die gegewens gebaseer op en beïnvloed deur die verdraaide persepsie wat daar geheers het oor die vrou. Dit is duidelik dat die huidige verklarings vir die oorsake van vrouemisdadigheid totaal ontoereikend en onaanvaarbaar is. Sommiges grens self aan die belaglike.

1.3.3.2 Sosio-ekonomiese determinante

Verskeie sosiale determinante kan moontlik 'n bydrae lewer tot misdadige gedrag. Indien daar van die standpunt uitgegaan word dat die gesin die basis vorm van sosiale interaksie by die mens, is dit belangrik om gesinsdesorganisasie as 'n misdaadveroorsoekende faktor of faktore uit te lig. Abrahamson (1960:42) skryf die volgende oor die belangrike invloed wat die gesin op die persoonlikheid het: "The family can bring out positive and constructive or negative and destructive traits, depending upon its inner atmosphere".

1.3.3.2.1 Ouerdeprivasie

'n Ondersoeker wat baie pionierswerk gedoen het oor die invloed van moederdeprivasie op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, is John Bowlby.

Bowlby (1964) se uitgangspunt is dat dit essensieel is vir die psigiese gesondheid van die kleuter en jong kind om 'n intieme en langdurige verhouding met die moeder of substituoemoeder te hê.

Bowlby (1964) is van mening dat 'n langdurige deprivasie op langtermyn 'n negatiewe effek op 'n persoon kan hê en dat dit sy toekoms kan beïnvloed. Yarrow (1968), weer, wys daarop dat die moeder die sosiale stimulus is wat die kind in kontak bring met sy omgewing. Hy meen dat die uitwerking van moederdeprivasie op die kind psigies van 'n veel meer komplekse aard is as wat algemeen aanvaar word.

Alhoewel Bowlby (1964) en Yarrow (1968) se beskouinge oor die nadelige invloed van moederdeprivasie op die jong kind belangrik geag word, kan dit aan die ander kant nie eensydig as 'n kousale faktor beklemtoon word nie.

Grygier et al. (1969:247) maak 'n heel ander gevolgtrekking: "...Seperation from either parent does not seem to be a single factor in delinquency; rather it is part of the entire family situation, of the pathology inherent in unstable families."

Dit wil dus voorkom asof die verband tussen emosionele deprivasie en latere misdadige gedrag nie net te doen het met die afwesigheid van die moeder nie, maar dat kinderopvoeding binne die gesin 'n gesamentlike taak van die moeder en die vader is. Dit is dus belangrik om die rol van die vader eweneens in oënskou te neem by navorsing.

1.3.3.2.2 Gesinsonvolledigheid

Daar kon nie sonder meer veralgemenings en vereenvoudigings gemaak word oor die rol wat gesinsonvolledigheid in die antisosiale gedrag van die jeugdige speel nie. Hoewel dit so is dat onvolledige gesinne meer by oortredende as by nie-oortredende jeugdige voorkom, dui dit nie noodwendig op 'n kousale verband nie (Barron, 1956; Mannheim, 1973; Robinson, 1963). Kriminaliteit hoef nie die gevolg van gesinsonvolledigheid te wees nie, maar kan in der waarheid eerder die oorsaak daarvan wees dat baie onvolledige gesinne disfunksioneel is, byvoorbeeld as gevolg van ontwrigte verhoudings, die stiefouersituasie, ouerdeprivasie, ensovoorts (Monahan, 1957). Daarby waarborg gesinsonvolledigheid nie disfunktionaliteit binne die gesin nie. Volgens

Hamparian et al. (1978) kom die meeste geweldsmisdadigers uit gebroke huise.

Strating (1961) se ondersoek met Suid-Afrikaanse oortredende meisies het getoon dat 71,6% van die oortredende meisies in 'n onvolledige gesinsverband opgegroeï het. Sy bevindinge dui verder daarop dat meisies meer nadelig beïnvloed word deur gesinsonvolledigheid as seuns. Verskeie ander navorsers vind dieselfde tendens by ander rassegroepe (Albertyn, 1938; Retief, 1978).

Gregory (1965) se ondersoek dui weer daarop dat misdaad by meisies wat hulle eie moeder verloor het, hoër is as by meisies wat hulle vaders verloor het. Hierdie gegewens dui, volgens Gregory (1965), daarop dat die identifikasie met dieselfde geslag, die moeder in hierdie geval, 'n belangrike faktor is in die voorkoming van jeugmisdaad.

Gilbert (1972) vind, na aanleiding van haar ondersoek met oortredende meisies in Brittanje, dat dié meisies nadelig beïnvloed is deur skeiding van die moeder sowel as van die vader. Uit dié ondersoek blyk dit dat die identifikasie wat die meisie met haar moeder het, haar gevoel van sekuriteit bepaal het. By die vader, weer, soek die meisie liefde en dissipline. In 'n ondersoek deur Koller (1971) oor ouerdeprivasie binne die gesinsagtergrond van vroue-oortreders, is gevind dat 61,5% van die delinkwente meisies ouerverlies of -deprivasie ervaar het, terwyl net 12,9% van die nie-delinkwente groep ouerdeprivasie ervaar het. By die delinkwente meisies met ouerdeprivasie was daar by 32% moederverlies en by 54,7% 'n verlies van albei ouers. Hierteenoor het daar onder die 101 nie-delinkwente meisies net drie vaderloses en vyf ouerloses voorgekom.

Uit bogenoemde navorsing wil dit voorkom asof ouerdeprivasie 'n hoë mate van kriminele betekenis kan hê by die oortredende meisie. Tog wil dit voorkom asof ouerdeprivasie nie net gesien word as die afwesigheid van een of albei ouers nie, maar ook 'n uiting van gesinspatologie, wat gepaard gaan met 'n houding van verwerping. Hierdie houding van verwerping tussen ouer en kind, en veral wedersydse verwerping, mag die jeugdige in wangedrag laat verval (Freed, 1963; Nye, 1975). Dat ouers wat self as kinders deur hulle vader en/of moeder verwerp is, neig

om teenoor hulle eie kinders 'n houding van verwerping te openbaar, word veral ondersteun deur die siening van Reinier en Kaufman (1959).

Verder wil dit voorkom asof chronologiese ouderdom ook 'n rol te speel het. Hoe vroeër die kind aan gesinsonvolledigheid blootgestel word, hoe nadeliger beïnvloed dit sy persoonlikheidsontwikkeling. Trojanowicz (1978) meen dat die gesin die jong kind se eerste brug is na die buitewêreld en dat 'n gebrokenheid binne die gesin die kind se konsep van sekuriteit, solidariteit en vertrouwe aantast.

Volgens Toby (in Trajanowicz, 1978) het die ouer kind al patrone aangeleer wat hom in staat stel om probleme te hanteer, terwyl die jonger kind uitgelewer is aan die problematiek van die disfunksionele gesin. Monahan (1957) bevind daarby dat die oortreder wat uit 'n gebroke huis kom, 'n hoër tendens tot residivisme toon as 'n oortreder uit 'n stabiele gesin.

1.3.3.2.3 Ouerlike dissipline

Elke gemeenskap het sy eie mate van geordenheid. Hierdie geordenheid is die produk van bepaalde norme en waardes wat by die gemeenskap geïnternaliseer geraak het. Een van die ouerlike pligte is om die kind voor te berei vir hierdie geordende lewe. Dit is duidelik dat gesag nodig is om hierdie norme en waardes oor te dra en spesifiek vas te lê. Die uitoefening van ouerlike gesag beteken in der waarheid dat dissipline toegepas word op die kind. Dus is die kind se sosialiseringproses in 'n groot mate afhanklik van ouerlike gesag en leiding (Cronje et al., 1976; Mannheim, 1973). Die wyse waarop die kind en jeugdige die gemeenskapslewe betree, word ongetwyfeld bepaal deur die verhouding wat die kind met sy ouers het. Volgens Konopka (1966) is dit veral vir die dogter moeilik om tot die gemeenskapslewe toe te tree aangesien sy meer gesinsverbonde is en 'n meer beskermde bestaan voer.

Ouerlike dissipline sluit enersyds in die gesindheid van ouers teenoor hul kinders en die betekenis van ouerlike liefde (of die gebrek aan ouerlike liefde) en andersyds die wyse waarop dissiplinerings toegepas word. Aangesien ouerlike dissipline die kind 'n bepaalde lewensrigting

gee, mag ontoereikende ouerlike dissipline 'n kriminogene rol speel (Berger, 1972). Navorsingsgegevens aangaande jeugoortreders toon aan dat huislike dissipline van jeugoortreders swak vergelyk met dié van nie-oortreders en dat swak ouerlike dissipline by kinders kan meewerk tot bepaalde kriminogene persoonlikheidseienskappe (Albertyn, 1938; Burt, 1969; Glueck en Glueck, 1962).

Duvenage (1978) stel dit pertinent dat 'n apatiese houding van ouers teenoor hulle kinders se gedragswyse kan lei tot gebrekkig ouerlike toesig. Hierdie 'toegeeflike' dissipline mag deur die kind uitgebuit word. Aangesien die kind kan doen wat hy wil, mag dit gebeur dat die jeugdige op 'n vroeë ouderdom reeds sy eie lewensreëls volg en hom gevolglik ook aan permissiwiteit skuldig maak.

Inkonsekwente dissipline kan die kind tot verwarring en onsekerheid lei. Gevolglik weet die kind nie watter waardes en norme om te internaliseer nie. Dus kan hy nie sy eie gedragsvorme opbou nie. Die toestand mag afwykende gedrag by die kind in die hand werk (Burt, 1969; Tappan, 1949; West, 1973).

Hierteenoor kan oormatige of te streng dissipline die jeugdige verstote laat voel. Dit mag aggressie en ook oortredende gedrag in die hand werk. Dit kan tot vyandigheid by die kind teenoor sy ouers lei, asook 'n swak gesindheid skep (Mays, 1964; Rosenquist, 1969; West, 1973; Williamson, 1972). Totman (1978) beweer dat sommige van haar ondersoekpersone die slagoffers was van fisiese mishandeling deur ouers of stiefouers. Hulle het dus nooit as kinders geleer dat fisiese aggressie 'n taboe is in die samelewing en dat hul sodoende eendag die slagoffer mag wees van ongekontroleerde aggressie soos beskryf deur Megargee nie (1982).

Verwennende dissipline aan die een kant en oorbeskermende dissipline aan die ander kant kan eweneens 'n negatiewe invloed uitoefen. Verwenning lei daartoe dat die kind sonder dissipline groot word. Die kind bly in gebreke om verantwoordelikhedsin aan te leer. Indien hierdie kinders nie hulle eise kan uitleef nie en dus nie by die gemeenskap se reëls kan inskakel nie, mag dit hulle aggressief maak en sodoende antisosiale gedrag laat ontstaan (Venter, 1954; Frankenstein, 1970).

Oorbeskermdde dissipline, weer, mag, volgens Frankenstein (1970), die kind 'n gebrek aan selfvertroue en selfstandigheid laat ontwikkel. Hierdie beperking op sy outonomieit en sy groei na volwassenheid mag die kind in verset teenoor volwassenes bring en aggressief laat optree.

Uit bogenoemde blyk dit dat die ouerlike dissipline 'n bepalende instrument is in die oordraging van waardes en norme aan die kind. Swak of foutiewe ouerlike dissipline strem die kind se ontwikkelingsgroei op een of ander stadium van haar lewe en gevolglik kan sy antisosiale gedrag openbaar.

1.3.3.2.4 Drankmisbruik

Dit word algemeen aanvaar dat alkoholmisbruik gedragsverskynsels soos impulsiwiteit, verminderde selfkritiek, oorskatting van eie bekwaamheid of onderskatting van gevare in die hand werk (Snyman, 1981). Dié neigings het psigies 'n demoraliserende effek op die misbruiker asook sy gesinslede. Oor die regstreekse effek van drankmisbruik en gedrag, meld Macdonald (1976) dat vele misdade onder die invloed van alkohol gepleeg word. Oor die verband tussen drankmisbruik en misdaad vind Burt (1969) dat drankmisbruik tot vier keer meer voorkom by die gesinne van oortredende jeugdige as by nie-oortredende jeugdige.

Drankmisbruik verlaag, volgens Parker (1968), ongetwyfeld die lewenspeil van die huisgesin. Sosio-ekonomiese toestande wat hieruit ontwikkel, kan aanleiding gee tot gesinsonenigheid in die vorm van spanning tussen man en vrou asook tussen ouers en kinders. Hierdie swak gesinsverhoudings kan lei tot gesinsontwrigting en verhoog die moontlikheid van aanranding en mishandeling van gesinslede.

Alkoholmisbruik by die vrou word krasser deur die samelewing veroordeel as misbruik by mans. Hirsh (soos aangehaal deur Marsh et al., 1982:1) verduidelik bogenoemde soos volg: "Women represent important social and moral symbols that are the bedrock of society. And when angels fall, they fall disturbingly far."

Die toenemende eise wat die hedendaagse samelewing aan die vrou stel, saam met die beperkinge wat nog vanaf haar tradisionele rolmodel oorgedra word mag bepalende oorsake wees van alkoholmisbruik by die vrou. Marsh et al., (1982:3) stel dit dat bogenoemde faktore aanleiding gee tot 'n identiteitskrisis by die vrou tydens die laat-volwassenheidstadium. Volgens hierdie skrywers speel weduweeskap, egskeiding en die onafhanklikheidswording van kinders 'n rol in hierdie identiteitskrisis en gevolglik verlaag die vrou se sin van selfwaarde. Ander faktore wat 'n rol speel by alkoholmisbruik by die vrou is eensaamheid, verveeldheid, depressie, huweliksprobleme en die menopouse (Marsh et al., 1982).

Emosionele onstabieliteit tree in en die vrou se gevoelsluwe raak afgestomp. Haar frustrasiedrempel raak laag, rusies en leuens ontstaan binne die gesin en so ontstaan 'n bose kringloop. Die vrou vind dit moeilik om te onderskei tussen reg en verkeerd en hierdie situasie skep 'n teelaarde vir misdadige gedrag. Volgens Newman (1968) mag drankmisbruik 'n aanleidende faktor wees tot vroeë misdaad.

In 'n ondersoek van 66 vroulike gevangenes meld Guze et al., (1962) dat 44% van die vroue onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels was tydens die pleeg van die misdaad. Van die 66 vroulike gevangenes is 47% as alkoholiste gediagnoseer en van laasgenoemde groep was 'n derde ook verslaaf aan verdowingsmiddels. Volgens 'n ondersoek deur Wolfgang (1958) van 588 geweldmisdade het die misdadiger in 55% van die gevalle alkohol misbruik.

Volgens Kraepelin (soos aangehaal deur Von Hentig, 1979) kan delusies as gevolg van alkoholiese intoksikasie tot moord lei. Dit kom veral voor by patologiese jaloesie tussen man en vrou of tussen minnaar en minnares.

Von Hentig (1979) beweer dat alkoholmisbruik by die slagoffer van groot belang is. Die rol van provokasie kan ook nie uitgesluit word nie. Hierdie skrywer maak na aanleiding van bogenoemde die volgende stelling: "Misdad is soms die resultaat van twee individue onder die invloed van drank wat op 'n gegewe tyd in 'n sekere situasie elk met 'n bepaalde grief wat onderdruk was, mekaar ontmoet" (p.413).

Opsommend kan, volgens Mednick et al. (1982:60), die invloed van alkohol op misdaad soos volg gesien word: "Alcohol use (or abuse) may be related to the same social or other environmental factors that cause the individual to engage in violent behaviour".

1.3.3.2.5 Ekonomiese lewenspeil van die gesin

Navorsing dui daarop dat jeugmisdadigheid sowel as volwasse misdaad meer voorkom by gesinne in 'n laer ekonomiese inkomstegroep (Albertyn, 1938; Trojanowicz, 1978). Dié resultate kan egter nie as 'n enkelfaktor in die veroorsaking van misdadige gedrag beskou word nie, maar moet veel eerder gesien word as een van vele etiologiese faktore. Die feit dat misdaad ook by hoër inkomstegroepe gevind word, bevestig dit. Lae inkomste kan 'n lae lewenstandaard veroorsaak waar gesinne gekenmerk word deur onbestendigheid en onsekerheid, ontwrigte interpersoonlike verhoudings tussen ouers onderling asook tussen ouers en kinders. 'n Swak selfkonsep kan ook by die kind vasgelê word. 'n Lae lewenspeil skep by sommige individue 'n gevoel van vryheid sonder 'n bygaande besef van verantwoordelikheid. Die kind ontvlug uit die ouerhuis sonder 'n heenkome, wat haar die prooi maak van misdadigheid (Totman, 1978).

Sheley (1979) is van mening dat 'n lae lewenspeil 'n atmosfeer van frustrasie kan skep wat mag lei tot gewelddadige oortredings.

1.3.3.2.6 Skolastiese prestasie

Naas die gesin is die skool die belangrikste sosiale verband wat die kind betree. Navorsers is dit eens dat swak skoolprestasie, vertraging op skool en vroeë skoolverlating meer by oortredende as by nie-oortredende jeugdige aanwesig is (Bloch and Flynn 1956; Cronje, 1960).

Soms word swak skoolprestasie direk gekoppel aan verstandelike begaafdheid. Daar moet egter in gedagte gehou word dat ongunstige en nadelige gesinsomstandighede 'n nadelige invloed op verstandprestasie en dus op die hele skoolsituasie het. Aangesien die kind se sosialiseringproses benadeel is deur swak huislike omstandighede, is die

kind se houding teenoor die skool ook negatief en sy aanpassing by medeleerlinge en onderwysers swak.

Inciardi and Pottieger (1978) vind in hul ontledings van die Amerikaanse misdaadstatistieke dat misdaad onder meisies op skool 'n geweldige probleem is. So erg is dit dat dit 'n oorvleueling met volwasse vroulike oortreders toon. Inciardi en Pottieger (1978) se bevindings toon dat daar vir die tydperk van 1970 tot 1973 'n toename van 37% in misdaad onder meisies op skool was. Hierdie misdaad is gekenmerk deur aanranding van die onderwysers en die beskadiging of diefstal van hulle persoonlike besittings.

In 1972 het 'n nasionale ondersoek in die VSA waarby 1 397 oortredende seuns en dogters betrek is en 4 585 afwykende dade (stokkiesdraai uitgesluit) ondersoek is, aangetoon dat 80% van die jeugdiges meer as een misdaad gepleeg het, maar dat slegs 13% van die misdade op skool gepleeg is. Die oorgrote meerderheid misdade (87%) is buite die skoolverband gepleeg en was gemik teen families, huise en die gemeenskap. Van die 4 585 misdade wat gepleeg is, was die meeste aggressiewe misdade. Inciardi and Pottieger (1978) se ontleding van hierdie ondersoekgegevens lig verdere prominente neigings uit. Swak dissipline het byvoorbeeld by die jeugdiges voorgekom, jeugdiges se benadering tot skool en hulle aspirasies en verwagtinge van die toekoms was uiters negatief en daar is bevind dat meisies 'n lae selfbeeld met simptome van frustrasie en angs getoon het.

Hierdie antisosiale gedrag van die jeugdige dogter veroorsaak volgens Cowie et al. (1968) dat sy die skool vroeg verlaat sonder nodige skolastiese opleiding. Aangesien sy haarself moet handhaaf in die gemeenskap word sy in haar latere volwasse lewe die slagoffer van antisosiale gedrag en misdaad.

1.3.3.2.7 Beroepsgegevens

'n Persoon se beroepsverwagtinge hou verband met sy lewenspeil en toekomsplanne. Swak skolastiese prestasie het 'n remmende invloed op 'n suksesvolle beroepslewe. Onvoldoende of te min opleiding vir 'n

beroep kom in 'n groot mate by die jeugoortreder voor. Soms is die jeugdige ook werksku. Hulle swak en benadelende maatskaplike agtergrond saam met 'n negatiewe lewenshouding is vir hulle struikelblokke vir 'n bestendige beroep (Cronje et al., 1976; Tunley, 1962).

Swak sosio-ekonomiese omstandighede tuis dwing die meisie om die skool vroeg te verlaat en die arbeidsmark te betree ten einde haar ekonomies onafhanklik te kan maak. Hierdie swak beroepsopleiding veroorsaak weer dat sy halfgeskoolde arbeid moet verrig wat dit vir haar moeilik maak om 'n behoorlike lewenspeil te bereik. Dit kan haar weer in situasies laat beland wat tot misdadigheid aanleiding kan gee (Cronje, et al., 1976).

Die veranderende rol van die vrou saam met ekonomiese druk het al hoe meer vrouens tot die arbeidsmark laat toetree. In Amerika toon Rans (1978) dat vir die periode 1950 tot 1974 die getal vroulike werkers omtrent verdubbel het. Van die vrou word al hoe meer verwag om haarself te onderhou saam met die verantwoordelikheid van 'n huis en afhanklikes. Dié aspek hou verband met die toename in egskeidings en dus ook met die toename in die voorkoms van enkel ouergesinne.

Die pleeg van vermoëns misdade deur die vrou mag gekoppel wees aan swak ekonomiese omstandighede. Weiss (1976:25) maak die volgende stelling oor hierdie verskynsel: "'n Verhoging in sekere eiendomsmisdade reflekteer 'n swak ekonomiese toestand waarin werkloosheid hoog is veral vir 'n vrou wat begin of terugkeer na 'n beroep in 'n arbeidsmark. Dit stel hoër eise as in die verlede en dit, tesame met die onderhouding van 'n huishouding, verhoog die eise wat aan haar gestel word".

Ten opsigte van geweldsmisdade dui Totman (1978) se ondersoek van moordenaresses aan dat die meeste van hulle die huis op 'n vroeë stadium verlaat het met swak skoolopleiding. Redes wat hiervoor aangevoer word, en wat moontlik 'n bepaalde persoonlikheidsprofiel weerspieël, is dat hulle nie met hul ouers kan klaarkom nie, of dat hulle 'n heteroseksuele verhouding begin het, dat sommige swanger geraak het en dat skool onbevredigend was. Hulle het geen doelwitte en geen toekomsgerigtheid gehad nie en verder het hulle 'n beroep nie as belangrik beskou nie. Die wat wel 'n beroep beoefen het, het dit finansieel en emosioneel as

onbevredigend beskou. Die algemeenste wettige beroepe was kelnerinne, kroegdames en huishoudsters terwyl die algemeenste onwettige beroep prostitusie was.

1.3.3.3 Psigologiese determinante

Talle ondersoekers beskou persoonlikheid as 'n belangrike determinant van misdadige gedrag (Bromberg, 1965; Yohelson en Samenow, 1976; Toch, 1976). Aangesien hierdie ondersoek geweldsmisdaad by die vrou beklemtoon, sal daar in die eerste plek klem gelê word op die gebruik van geweld en aggressie as 'n persoonlikheidseienskap. In dié verband sal ook verwys word na enkele teoretiese beskouings oor aggressie. Omdat die menslike persoonlikheid 'n breë begrip is wat die hele organisasie en gedrag van 'n persoon beïnvloed, sal daar in die tweede plek na die verband tussen bepaalde persoonlikheidseienskappe en misdadige gedrag verwys word en laastens na die rol wat psigopatologie in geweldsmisdaad speel.

1.3.3.3.1 Aggressie

Daar is baie teorieë wat poog om die aard en die oorsaak van aggressie te verklaar. Tot op hede kan daar nog nie 'n enkel algemene aanvaarde teorie gevind word nie. Van die belangrikste teorieë kan twee breë indelings gemaak word, naamlik -

- * die drang- of instinkteorieë waarvolgens die mens van nature aggressief is; en
- * die omgewingsteorie waarvolgens die omgewing en situasie 'n belangrike rol speel.

Ten einde perspektief op die aard en oorsaak van aggressie te verkry, sal daar vervolgens aandag gegee word aan die volgende drie teorieë:

- psigoanalitiese teorie van Sigmund Freud;

- die instinkteorie van Konrad Lorenz, en
- die frustrasie-aggressie-hipotese.

1.3.3.3.1.1 Die psigoanalitiese teorie van Sigmund Freud

Freud sien aggressie en geweld as die resultaat van 'n dryfkrag in die mens. Dit word derhalwe die instinkteorie of die intrapsigiese teorie genoem.

Freud het drie verskillende teorieë onderskei. Sy vroegste beskouing was dat aggressie en seksualiteit nou verwant is. 'n Latere beskouing bepaal dat die ego onder druk van die id verantwoordelik is vir alle drangbevredigings by die mens. Gevolglik sal die individu enige objek of persoon wat drangbevrediging frustreer, òf vermy òf aanval. Freud het hierdie teorie gou verwerp maar dit het later die basis gevorm van die frustrasie-aggressie-teorie. In sy finale beskouing het hy 'n nuwe dichotomie voorgestel, naamlik dat alle menslike gedrag deur twee groepe drange veroorsaak word: die Eros (lewensdrang) en Thanatos (doodsdrang, die destruktiewe of aggressiedrang).

Die lewensdrange bestaan uit alle gewone liggaamlike behoeftes soos honger, dors en die seksuele drang. Hierdie drange is konstruktief en staan in diens van die voortbestaan van die menslike spesie. Die strukture wat die lewensdrang opbou, probeer die doodsdrang afbreek (destruktiewe werking). Die mens het 'n biologiese neiging om na die spanninglose toestand terug te keer. Freud (1950:58) haal Schopenhauer hiervoor aan. "Death is the true result, and to that extent the purpose of life".

Aan die ander kant is daar 'n natuurlike neiging tot geweld en vernietiging by alle mense. Dit noem Freud die doodsinstinkte. Doodsinstinkte openbaar hulle nie soseer in 'n drang om dood te maak, te verniel, te beseer, te oorwin en te haat. Aggressiwiteit is die belangrikste van die doodsinstinkte en vorm saam met die seksuele instink die belangrikste motiverende faktor in die menslike persoonlikheid (Möller, 1980). Aggressiwiteit is hier dus nie die gevolg van provokasie nie maar aggressiwiteit soek provokasie om tot uiting te kan kom.

Kritiek teen Freud se teorie is dat die mens volgens hierdie beskouing nie moreel verantwoordelik vir sy destruktiewe gedrag of daede is nie. Uit metodologiese oogpunt is sy teorie onaanvaarbaar omdat dit nie verifieerbaar is nie en op interpretasies berus (Bandura, 1973).

1.3.3.3.1.2 Konrad Lorenz se instinkteorie

Konrad Lorenz het navorsing gedoen met diere, veral met visse en voëls, en op grond van 'n evolusionistiese standpunt beskou hy die mens se basiese geaardheid as soortgelyk aan dié van laer diersoorte. Hy beskou aggressie as 'n instink wat sekere belangrike funksies in diens van die voortbestaan van die spesie vervul. Hier is daar 'n ooreenstemming van Freud se teorie oor aggressie. Volgens hom is aggressie by die mens en dier spontaan. Hoe minder geleentheid daar is om uiting te gee daaraan, hoe meer hoop dit op en verlaag die beheer daarvoor. Volgens Lorenz (1966:43) gebeur dit in so 'n mate dat "...if the stimuli normally releasing it fail to appear for an appreciable period, the organism as a whole is thrown into a state of general unrest and begins to search actively for the missing stimulus".

Kritiek teen Lorenz se teorie is dat hy sy siening van menslike aggressie baseer op sy waarneming van die gedrag van visse en voëls. Hieroor sê Goldstein (1975) dat die mens kan reageer soos 'n dier maar dit beteken nie dat die mens 'n dier is nie. Dat die mens se voorouers gewelddadig opgetree het, beteken nie dat die hedendaagse mens van nature aggressief is nie. Verder neem hy geen kennis van psigologiese navorsingsbevindings nie.

1.3.3.3.1.3 Die frustrasie-aggressie-hipotese

Die hipotese dateer uit 1939 en is oorspronklik deur John Dollard geformuleer. Dit staan ook bekend as die YALE-hipotese (Dollard et al, 1939). Volgens Louw (1982) is die sentrale konsep van hierdie teorie gewoonte. Alle mense het aangeleerde gewoontes. Individue verskil van mekaar omdat hulle verskillende gewoontes het. 'n Gewoonte bestaan uit

die verbinding tussen 'n stimulus en 'n respons, wat uitgedruk word met die S-R-formule. Wanneer 'n stimulus intree, reageer die individu gevolglik met die aangeleerde respons. Om die aanleer van 'n gewoonte te verduidelik, is vier belangrike konsepte nodig, naamlik dryfveer, wenk, respons en versterking. 'n Voorwaarde vir leer is die aanwesigheid van 'n dryfveer. Dryfveer word hier in 'n wye sin gesien, naamlik as enigiets wat voldoende spanning in die individu veroorsaak om hom tot aksie te stimuleer. Dit kan dus 'n eksterne situasie wees, of 'n primêre drang (dit wil sê 'n aangebore fisiologiese drang) of 'n sekondêre drang (dit wil sê 'n aangeleerde drang) soos vrees. Die dryfveer is 'n voorwaarde vir leer omdat versterking van 'n respons geleë is in die doeltreffendheid waarmee die respons spanning verminder.

Hiervolgens is aggressiwiteit hoegenaamd nie aangebore nie, maar 'n reaksie op frustrasie wat aangeleer word. Dit kan dan teen die objek gerig word wat frustreer, verplaas word na 'n ander objek of ontwikkel in algemene vyandigheid.

Daar is egter besef dat dit 'n te breë veralgemening is en heelwat kritiek is teen die hipotese ingebring. Eksperimentele navorsing het dit duidelik gemaak dat die verband tussen frustrasie en aggressie nie so direk en sterk is nie. Psigoloë aanvaar dat daar wel 'n verband is tussen frustrasie en aggressie, maar dat frustrasie ook tot ander gedragsvorms kan lei. Die hipotese in sy suiwer vorm word nie meer deur psigoloë aanvaar nie.

Na die YALE-hipotese het Berkowitz (1973) hierdie teorie in 'n sekere sin aangepas deur ander faktore naas frustrasie as oorsake van aggressie te sien. Omgewingstimuli wat met aggressiewe gedrag geassosieer word, skep 'n situasie waarin aggressiewe gedrag eerder te voorskyn tree as in ander situasies, byvoorbeeld die teenwoordigheid van wapens, 'n gewelddadige rolprent, of die teenwoordigheid van 'n spesifieke persoon.

1.3.3.3.1.4 Leerteoretiese benaderings

Die invloed van gehoorsaamheid in die veroorsaking van aggressie is gedemonstreer in die bekende eksperiment van Milgram (1974). Die proefpersoon word in 'n situasie geplaas waar hy onder die indruk

verkeer dat hy sterk elektriese skokke aan 'n ander persoon toedien. Die ontvanger van die skokke was 'n medewerker van die navorser (pseudo-proefpersoon) wat voorgegee het dat hy baie pyn verduur. Op aanmoediging van die instrukteur het die proefpersone volgehou om skokke toe te dien al het hulle geweet dat dit lewensgevaarlik is. Van die 40 persone het 26 die eksperiment voltooi.

Hierdie eksperiment van Milgram (1974) dien as 'n bewys daarvoor dat skynbaar normale mense onder druk van omstandighede aggressiewe gedrag kan openbaar en dat 'n belangrike veranderlike in gewelddadige gedrag 'n kultureel-bepaalde gehoorsaamheid aan outoriteit is. Dit demonstreer ook verder wat in militêre en soms in kriminele situasies mag gebeur.

'n Belangrike bydrae tot die studie van aggressie kom uit die sosiale leerteorie van Bandura en Walters (1963). Die navorsers beklemtoon dat mense gedragswyses verwerf deur 'n proses van modellering.

Volgens Gouws (1975) bepaal hierdie teorie dat die mens toegerus is met neuro-fisiologiese meganismes wat hom in staat stel om aggressief op te tree, maar dat die aktivering van hierdie meganismes afhanklik is van toepaslike stimulering en onderworpe is aan kortikale beheer. Die vorm wat aggressie aanneem, die frekwensie daarvan en die situasie waarin dit voorkom, sal dus grootliks bepaal word deur die persoon se sosiale ervaring.

Die leerpsigologie ondersoek meer die uiterlike invloede as intrapsigiese determinante by die ontstaan van aggressie by 'n persoon. Dus word die mens nie gedryf deur innerlike kragte nie en is hy ook nie totaal uitgelewer aan omgewingsinvloede nie. Aggressiewe gedrag is dus nie aangebore nie maar wel aangeleer deur modellering (waarneming) of direkte ervaring (Bandura, 1973; Gouws, 1975).

Daar is drie hoofbronne wat as modelle kan dien vir die aanleer van aggressiewe gedrag, naamlik familie-, subkulturele invloede en simboliese modellering.

a) Familie-invloede

Familielede word as 'n belangrike bron gesien in die modellering en versterking in die aanleer van aggressiewe gedrag by die kind. Navorsers toon aan dat familiële aggressiewe modellering meer by oortreders voorkom as by nie-oortredes (Glueck en Glueck, 1962; McCord et al, 1959; Steinmetz, 1977).

Gesinsgeweld in die vorm van kindermishandeling ontwikkel volgens Silver et al. (1969) geweldspatrone in die gesin wat oor geslagte heen oorgedra word. Aggressiewe modellering vanaf ouers hoef nie op 'n blatante wyse te geskied nie, maar ouers kan deur hul woorde, houding en manier van probleemoplossing 'n aggressiewe model voorstel (Johnson en Szurek, 1952).

b) Subkulturele invloede

Alhoewel die gesin volgens Bandura (1976) 'n belangrike rol speel in die rigting van die sosiale ontwikkeling van sy lede, is die gesin ingebed in 'n netwerk van verskeie sosiale sisteme soos 'n subkultuur en kultuuroopset. Die sosiale omgewing en buurt word as die subkultuur bereken wat 'n rol mag speel in die aanleer van aggressiewe gedrag. Die hoogste voorkoms van aggressiewe gedrag word gewoonlik aangetref in 'n sosiale omgewing waar aggressiewe modelle volop is en waar aggressiewe optrede hoog geag word (Wolfgang en Ferracuti, 1967; Short, 1968).

Volgens Wolfgang en Ferracuti (1967) is sekere groepe meer aggressief as ander aangesien kulture en subkulture hulle lede op verskillende wyse sosialiseer. In die verband meen Gouws (1975) dat veelvolkige of veelrassige gemeenskappe met uiteenlopende en botsende waardes waar daar gewoonlik ook sosio-ekonomiese verskille is 'n groter moontlikheid van intergroeppaggressie inhou as meer homogene groepe.

c) Simboliese modellering

Gedragspatrone kan ook aangeleer word deur die observasie van strokiesprente, woorde en handeling wat veral deur die massamedia aangebied word. Gekontroleerde veldstudies toon aan dat persone

wat blootgestel word aan aggressiewe televisieprogramme 'n verhoging toon in 'n interpersoonlike aggressiwiteit (Friedrich en Stein, 1973; Leyens et al., 1975; Parke et al., 1975). Krebs (in Gouws, 1975) glo dat by die nabootsing van aggressie, hetsy van 'n lewende model of simboliese model, die meganisme van identifikasie van belang is.

Hierdie proses van identifikasie kom daarop neer dat sekere motiewe en affektiewe toestande van die model 'n bestanddeel of -dele word van die psigologiese organisasie van die waarnemer.

Volgens Gouws (1975) boots kinders sowel as volwassenes nie alles na waarmee hulle in aanraking kom nie en mag die werklike leerwaarde van hierdie simboliese modelle dus gering wees.

- Leer deur direkte ervaring

Alhoewel modellering volgens Bandura (1976) 'n belangrike invloed het op gedragpatrone kan gedragpatrone ook beïnvloed word deur 'n persoon se ervaring van beloning of straf, wat die produk is van sy probeer-en-trefmetode. Die wyse van aggressiewe optrede in die alledaagse lewe word grootliks deur waarneming geleer en dan verfyn deur die versterking wat uit die toepassing spruit.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat die leerproses 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van aggressie. In hierdie opsig is ouers, vriende, onderwysers, televisie, rolprente, tydskrifte, ensovoorts, nie alleenlik belangrike modelle nie, maar beïnvloed dit ook die mate van kontrole wat die kind oor sy aggressie aanleer.

1.3.3.3.1.5 Ander sienings oor aggressie

Psigoloë se benadering tot aggressie neem gewoonlik die een of ander tussenposisie in tussen dié wat oorleun na die drifbasis of na die leerteorie. Daar sal nou gelet word op enkele persone se siening van aggressie.

Harry S. Sullivan aanvaar dat daar 'n inherente potensiaal tot aggressiwiteit is, maar distansieer homself van die aggressiedrif as sodanig. Sullivan (1955:214) stel dit soos volg: "I have not found much support for these theories that man has an actual need for being cruel and hurtful to his fellows". Hy herlei die ontwikkeling van aggressie na die ondervinding van die kinderjare. As die kind verwerping ondervind het, het dit angs opgewek by die kind sodat die kind voel dat hy tussen vyande leef en daar ontstaan kontravyandigheid wat die interpersoonlike verhoudinge van die kind versteur.

Karen Horney verwerp die drifteorie en beklemtoon die verskynsel van aggressiwiteit as aanpassingsmetode. Sy glo dat ouers te veel in hulle eie probleme verwickel is om die kind genoegsaam te aanvaar soos hy is. As gevolg hiervan voel die kind nie veilig nie en ontwikkel hy basiese angs. Hierdie angs verhinder die kind om spontaan deel te raak van sy omgewing. Hy moet dus 'maatreëls' tref vir sy eie veiligheid. Horney (1964:19) sien hierdie sogenaamde maatreëls as volg: "He may try to cling to the most powerful person around him, he may try to shut others out of his inner life and withdraw emotionally from them, or he may try to rebel or fight". Laasgenoemde ingesteldheid by die individu kan dan in aggressie ontwikkel.

Gordon W. Allport probeer 'n middeweg vind tussen die drifteorie en die leerteorie. Hy glo dat daar 'n aangebore 'kapasiteit' tot aggressie is. 'n Kapasiteit onderskei hy van 'n drif deur te sê dat dit nie uiting soek nie, latent bly, nie opgewek hoef te word nie en ook nie op sigself 'n dryfkrag besit nie. Teenoor die leerteorie noem Allport (1954:348) die volgende: "the commonest reaction to frustration is not aggression at all, but simple and direct an attempt to surmount the obstacle in our path".

Alhoewel sommige navorsers glo dat die mens 'n inherente kapasiteit vir die ontwikkeling van aggressiwiteit het, is aggressiwiteit in so 'n mate aangeleerde gedrag dat die mens nie as weerlose slagoffer van 'n ingebore aggressiedrif beskou kan word nie.

Aggressie is dus nie net 'n probleem vir die individu nie aangesien die sosiale omgewing somtyds as model dien vir aggressie. Om aggressiwiteit

te verminder, sal dus, volgens die sosiale leerteorie, nie net 'n individuele poging wees nie, maar sal die sosiale omgewing ook moet betrek word.

1.3.3.3.1.6 Faktore wat tot die aansporing van aggressie mag lei

Dit blyk dat daar sekere handeling of faktore is wat as aansporing tot aggressie mag lei. Megargee (1982) meen dat aansporing tot aggressie na al die interne faktore verwys wat 'n individu mag motiveer om aggressief op te tree teenoor 'n gegewe stimulus in 'n sekere situasie.

Volgens Megargee (1982) het verskillende teoretici hierna verwys as aggressiewe dryfvere, aggressiewe motiverings en die behoefte aan aggressie. Buss (1971) onderskei tussen twee hoofgroepe faktore wat aanleiding gee tot aggressie, naamlik ten eerste instrumentele motivering waar daar met aggressie of geweldadige gedrag 'n sekere doel bereik wil word en ten tweede innerlike motivering waar die besering van 'n slagoffer die eindresultaat is. Woede, gramskap, vyandigheid en haat is populêre sinonieme vir laasgenoemde motivering. Vervolgens sal hierdie tipes motivering bespreek word. Die volgende beskrywings is, tensy anders vermeld, ontleen deur Megargee (1982).

a) Instrumentele motivering

Daar is 'n verskeidenheid faktore wat tot instrumentele motivering kan lei. Van die belangrikste faktore is persoonlike voordeel of satisfaksie. Geweld word soms gebruik om persoonlike doelwitte te bereik of om persoonlike behoeftes te bevredig. Van die algemeenste behoeftes wat persone wil bevredig deur geweld is die voorkoming van verwerping, opgewondenheid, verhoging van die selfkonsep en affek.

- Verwerping. 'n Wyse waarop 'n persoon verseker is dat hy iets kry wat hy begeer het deur dit te neem, maar somtyds het hy geweld nodig om dit te verkry. Van die algemeenste begeertes is:

- * Geld. Die begeerte om geld of ander objekte van waarde te verkry, motiveer 'n persoon tot geweld, byvoorbeeld roof en ontvoering.
- * Verdowingsmiddels. Alhoewel verdowingsmiddels as gevolg van die psigologiese effek daarvan direk tot geweld mag lei, kan dit ook indirek tot geweld lei aangesien sommige verdowingsmiddels baie duur is en die verslaafde geld nodig het om sy behoeftes te bevredig. Verder mag persone wat betrokke is by die verspreiding en smokkelhandel geen geweld ontsien om hulleself te beveilig nie.
- * Terreinbeskerming. Ardrey (1966) meen dat mense net soos diere 'n behoefte daaraan het om hul terrein te verdedig. Dit is een van die grootste motiveerders vir oorloë en meer in die algemeen bendes wat hulle "turf" verdedig.
- * Seksuele bevrediging word veral gevind in seksuele misdade waarvan verkragting die algemeenste vorm is.
- Verhoging van die selfkonsep. Diverse soorte persoonlike motivering word hierby ingesluit, naamlik:
 - * Om individualiteit te bewys. Volgens Rosenquist en Megargee (1969) lê verskeie kulture klem op manlikheid en vroulikheid. Om sy manlikheid te bewys moet 'n man uitdagings aanvaar en mag hy nie terugstaan nie, aangesien hy sy manlikheid daardeur sal verloor. Sommige vroue mag ook hulle ontoegeeflikheid bewys deur aggressief op te tree. Sommige navorsers beweer dat as gevolg van die vrouevryheidsbeweging vroue net soos mans aggressief en kompetend geraak het (Heilbrun, 1982; Price, 1977).
 - * Opwinding. Die soeke na opwinding en sensasie kan ook gewelddadige misdade motiveer. Volgens May (1974) is hierdie eienskappe veral teenwoordig by terrorisme. Quay (1965) meen dat patologiese sensasiesoeke 'n oorsaak mag wees van psigopatie. Hy suggereer dat indien die psigopaat nie betrokke is by

gevaarlike en uitdagende gedrag nie, hy 'n gevoel van sensoriese deprivasie mag ontwikkel.

- Behoefte aan affek. Hierdie behoefte kan in twee groepe gedeel word: in persone wat paradoksaal affek by die slagoffer soek en dié wat geweld gebruik om die affek van 'n derde party te verkry:
 - * Soeke na die affek van die slagoffer. Die verskynsel kom veral voor by gesinsgeweld waar daar 'n patroon is van rusiemaak en versoening daarna.
 - * Die soeke na die affek van 'n derde party geskied waar 'n persoon glo dat hy deur gewelddadig op te tree teenoor een party die affek sal kry van 'n derde party. In sommige gevalle, waar jaloesie die primêre motief is, kan die soeke na affek as 'n sekondêre motief gesien word.

b) Innerlike motivering

- Hierdie motivering om 'n persoon te beseer word in die algemeen met die volgende term beskryf: woede indien dit kortstondig is en die graad daarvan matig is; boosheid indien dit kortstondig en intens is; vyandigheid indien dit oor 'n lang termyn geskied en matig is; en haat indien dit chronies en ekstreem is. Die volgende determinante is van belang:

Iemand wat chronies gefrustreerd is, het min provokasie nodig om oor te gaan tot owerste aggressie. Hierdie frustrasie kan byvoorbeeld die gevolg wees van 'n lae ekonomiese lewenspeil, rassediskriminasie en 'n onbevredigende werksituasie. Daar is 'n duidelike verband gevind tussen ekonomiese toestande en geweld (Henry en Short, 1954; Hovland en Sears, 1940).

Feierabend en Feierabend (1966) meen dat verwagtinge 'n paradoks kan veroorsaak aangesien dit blyk dat waar minderbevoorregte persone se toestand verbeter, daar 'n verhoging in opstand en sosiale onluste manifesteer. Die verklaring hiervoor blyk te wees dat 'n verbetering

lei tot 'n verhoging van die persone se verwagtinge, en dat dit weer lei tot 'n groter diskrepans en weer tot meer frustrasie en aggressie.

- Jaloesie. Daar is min wetenskaplike literatuur oor die rol wat jaloesie speel by die aansporing tot aggressie. Jaloesie is gewoonlik 'n faktor waarby daar interpersoonlike verhoudings betrokke is en die slagoffer van geweld is die persoon waarop die dader jaloers is.

Daar is dus 'n verskeidenheid aansporingsfaktore wat aggressie en geweld mag laat ontstaan.

1.3.3.3.2 Persoonlikheidseienskappe en misdadige gedrag

'n Bespreking van persoonlikheidseienskappe en misdadige gedrag met klem op die gewelddadige vroulike misdadiger sal onvolledig wees indien daar nie eers na persoonlikheid in die algemeen verwys word nie. Gouws et al. (1979) beskou Persoonlikheid as die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe soos dit in wisselwerking met sy omgewing tot uiting kom. Ten einde 'n beter begrip van persoonlikheid te verkry, sal daar vervolgens na enkele definisies in dié verband gekyk word. G.W. Allport (in Gouws et al., 1979) byvoorbeeld, definieer persoonlikheid soos volg: "Die dinamiese organisasie binne die individu van daardie psigofisiese sisteme wat sy kenmerkende gedrag en denke bepaal." D.W. Fiske in Gouws, et al., (1979), weer, gee die volgende definisie van persoonlikheid: "Die individu se konsekwente en kenmerkende wyse van interaksie met sy eksterne, somatiese en intrapsigiese omgewing".

Uit bogenoemde definisies blyk dit dat menslike gedrag en dus ook misdadige gedrag beïnvloed word deur persoonlikheidseienskappe, byvoorbeeld intelligensie, emosies, waardes, selfkonsep asook die individu se interpersoonlike verhoudings. Cronje et al. (1976) wys dan ook daarop dat persoonlikheidsontwikkeling plaasvind in 'n interaksionele verband met die individu se fisiese en sosiale omgewing.

1.3.3.3.2.1 Intellektuele vermoë

Blank (1958) beweer dat die verband tussen intellektuele peil en kriminaliteit 'n ingewikkelde probleem is. Die verband tussen intellektuele subnormaliteit en swaksinnigheid en misdaad is 'n kriminologiese probleem waaraan daar reeds veel aandag geskenk is, maar waarvoor daar nog nie 'n oorsigtelike en gekoördineerde verklaring bestaan nie. Uit die literatuur blyk dit dat die eensydige benadering dat kriminaliteit deur intellektuele subnormaliteit veroorsaak word, gewysig is. Daar word tans gemeen dat kriminaliteit nie gereduseer kan word sleg tot 'n verband met intellektuele vermoë nie, maar dat psigiese versteurings en ook omgewingsfaktore 'n rol speel by misdadige gedrag (Blackhurst, 1968; Gibbons, 1968).

By die bestudering van intellektuele vermoë op kriminologiese terrein moet die volgende belangrike faktore in ag geneem word:

- Intelligensietoetse het sekere beperkinge en tekortkominge.
- Intelligensie is 'n faktor in die hantering van lewenseise.
- Data in verband met intellektuele vermoë van misdadigers kan slegs verkry word van dié wat in aanhouding is.
- Aanhouding kan ook die motivering vir maksimale prestasie kortwiek.

Vervolgens sal enkele relevante navorsingsgegewens bespreek word.

'n Vroeë ondersoeker, naamlik Clemmer (in Von Hentig, 1979), kom tot die gevolgtrekking dat misdadigers dieselfde intellektuele kapasiteit het as die algemene bevolking. Die navorser het wel op grond van verskillende rasse beduidende verskille aangetref. Die blanke gevangenes se intelligensievlak was tussen 90 en 110 terwyl die meeste van die swart gevangenes se intelligensievlak laer was as 90.

Cowie et al. (1968) het bevind dat die vroulike misdadiger oor 'n gemiddelde tot bogemiddelde intelligensie beskik.

Suval en Brisson (in Daniel en Kashani, 1983) het in hul navorsing gevind dat meer as 70% van die vroulike moordenaars 'n laer intelligensievlak as

90 gehad het. By die kontrolegroep, wat bestaan het uit vroulike gevangenes wat nie geweldsmisdade gepleeg het nie, het net 45% 'n laer intelligensie as 90 gehad. Dié navorsers beweer: "...several studies suggest that women serving time for assaultive crimes were found to have significantly lower IQ scores than other offenders" (p.700).

1.3.3.3.2 Ander persoonlikheidseienskappe

Daar is lank bespiegel of die persoonlikheidseienskappe van die misdadiger wel verskil van dié van die normale persoon. Schuessler en Cressy (in Haskell en Yablonskowsky, 1978) het op 'n groep van 113 misdadigers persoonlikheidstoetse gedoen en dit vergelyk met 'n kontrolegroep. Hulle konklusies was dat persoonlikheidseienskappe op dieselfde manier versprei is in die misdadige groep as die nie-misdadige groep en dat daar geen aanduiding bestaan dat misdadige gedrag die gevolg van sekere persoonlikheidseienskappe is nie of dat die eienskappe die gevolg van die daad self is nie.

Bartol en Bartol (1986) toon aan dat daar geen verskil is tussen die persoonlikheidseienskappe van die manlike en vroulike misdadiger nie. Die vrou kan net so psigopaties, gefrustreerd en emosioneel versteurd wees as die man.

Oorgekontroleerde en ondergekontroleerde persoonlikheid is een van die mees heuristiese verklarings vir geweld. Hierdie opvatting is ontwikkel deur Edwin Megargee (1966). Volgens hierdie navorser het 'n persoon met 'n ongekontroleerde persoonlikheid min inhibisies teen aggressiewe gedrag. So 'n persoon kan maklik oorgaan tot geweld indien hy gefrustreerd is of geprovokeer word. Aggressie is 'n gedragspatroon wat 'n gewoonterespons word indien so 'n persoon ontsteld of kwaad is. Volgens Totman (1978) was daar in haar ondersoekgroep gewelddadige vroue wat tot hierdie kategorie behoort. Vir hierdie vroue was dreigemente, skel en fisiese geweld deel van hulle lewensbestaan. Verder voer McGurk (1981) aan dat gevonniste ondergekontroleerde moordenaars 'n hoër tendens toon om die reëls en regulasies binne 'n gevangenis te oortree en ander vir hulle probleme te blameer.

Die oorgekontroleerde persoon, daarteenoor, het 'n vasgelegde inhibisie teenoor aggressie om dit te ontwyk of te ignoreer al vind provokasie plaas. Volgens Megargee (1966) kom daar 'n geleentheid waar frustrasie en provokasie so 'n persoon oorweldig en kan hy aggressief optree; soms aggressiewer as die ondergekontroleerde persoonlikheid, sodat daar brutaler geweld plaasvind. Hierdie geweldenaars word gewoonlik deur vriende en familie as geïnhibeerde stil en aangename persone beskryf. Volgens Blackburn (1968) pleeg hierdie persone geweld na langdurige en aanhoudende provokasie en het hulle die gevoel van ontoereikendheid, eensaamheid en frustrasie. Volgens Widom (1978) is daar min in die literatuur oor vrouemisdadig en die oorgekontroleerde persoonlikheid en behoort dit verder nagevors te word.

Widom (1978) klassifiseer die persoonlikheidseienskappe van die vroulike misdadiger in die volgende groepe:

- Psigopaties: Eienskappe van swak sosialisering, vyandigheid, impulsiwiteit, lae spanning en min angs kom voor. Hierdie groep vroue het die meeste vorige veroordelings gehad.
- Emosionele versteurings: Hoë angs en spanning, depressie en skuldgevoelens. Volgens West (1965) lei die meeste van die vroue aan verskillende vorme van depressie. Daar is 'n algehele verwardheid by hulle en skuldgevoelens vergesel dikwels die depressie. Spanning speel 'n belangrike rol by die uitvoering van die daad. 'n Gevoel van hulpeloosheid en moedeloosheid is bydraende faktore wat dié vroue laat moord pleeg.
- Oorgekontroleerde persoonlikheid: Vroue in hierdie kategorie het geen vorige veroordelings gehad nie.
- Die "gewone" misdadiger: Hierdie groep vroue toon geen indikasie van spesifieke persoonlikheidseienskappe nie.

Verskeie ondersoekers (Bartol en Bartol, 1986; Heilbrun, 1982; Totman, 1978) het die volgende afleidings oor die persoonlikheid van die vroulike geweldsmisdadiger gemaak:

- Daar is 'n geskiedenis van aggressiewe en gevaarlike gedrag.
- Aanduidings van sado-masochistiese seksuele verhoudings kom voor.
- Gewelddadige gedrag verminder met toename in ouderdom.
- Haar kinderdae word gekenmerk deur eksplosiewe gedrag, antisosiale gedrag, wrede optrede teenoor ander kinders en diere, enuresis en piromanie.
- Gewelddadige gedrag kom meestal voor tydens die menstruele tydperk.
- Sy beleef ernstige ervarings van verlies.
- Sy beskik oor swak opvoedkundige kwalifikasies.
- Sekere psigotiese tendense kan voorkom.
- Depressiwiteit wat gevolg word deur selfmoordpogings na die pleeg van die misdaad kom voor.

Uit bogenoemde navorsing blyk dit dat daar geen spesifieke persoonlikheidseienskappe aan die vroulike geweldenaar toegeken kan word nie. Daniel en Kashani (1983:706) stel dit soos volg: "With respect to women, violence does not appear to be a prerogative of any personality type".

1.3.3.3.2.2.1 Die menstruele siklus

Volgens d'Orban en Dalton (1980) het kriminoloë so vroeg as die 19de eeu menstruasie al geassosieer met antisosiale gedrag. Lombroso en Ferrero rapporteer in 1894 dat 71 uit 80 vroue wat gearresteer is vir dwarsboming van die gereg, die misdaad tydens menstruasie gepleeg het. In die huidige eeu voer Cooke (1945) aan dat 84% van die vroulike geweldsmisdade in Parys gepleeg is gedurende die premenstruele fase of vroeë menstruasiefase. In Amerika versoek O'Leck (1953) die hof om premenstruele spanning as 'n tydelike geestesongesteldheid te aanvaar en voer verder aan dat dit lankal in Frankryk gebruik is.

Die meeste navorsing oor vroulike misdadige gedrag is gedoen in strafregtelike institute of psigiatriese hospitale. Navorsers toon aan dat vroulike misdadigers meer geneig is tot aggressiewe gedrag gedurende die premenstruele en die menstruele fase (Dalton, 1961; Ellis en Austin, 1971; Hand et al., 1974). Moyer (1976) weer, rapporteer dat skoolmeisies gedurende dié tydperk meer reëls oortree het en dat senior dogter junior dogters meer afgekhou het as andersins. Hy skryf hierdie gedrag toe aan emosionele onstabieliteit en verhoogde irriteerbaarheid.

Volgens Dalton (1961) is irriteerbaarheid en spanning algemene simptome tydens die premenstruele fase. Volgens dié ondersoek behoort daar dus assosiasies tussen die menstruele siklus en geweldsmisdaad (veral kindermishandeling en gesinsgeweld) gevind te kan word. Morton et al. (1953) vind in hul studie met 42 vroulike geweldsmisdadigers dat 62% (26 vroue) die daad gepleeg het tydens hul premenstruele fase. Pollak (1961:171) se siening oor die invloed van menstruasie in misdaad by die vrou is: "These phases are frequently accompanied by psychological disturbances which may upset the need and satisfaction balance of the individual or weaken her internal inhibitions, and this become causative factors in female crime."

Dit blyk dat vroue tydens die ovulasie- en post-ovulasiefase die minste aggressief is. Minder misdade word tydens hierdie fase gepleeg (D'Orban en Dalton 1980; Moyer, 1976).

Ellis en Austin (1971) meen dat die sosiale leerproses verantwoordelik mag wees vir aggressiewe gedrag voor of tydens menstruasie. Vrouens mag leer dat aggressiewe gedrag tydens hierdie fase aanvaarbaarder is. Seiden (1976) suggereer dat 'n vrou se eie verwagtings en idees oor die effek van menstruasie saam met die verwagtings van ander, haar gedrag tydens menstruasie mag beïnvloed. In 'n kriminogene konteks mag aangevoer word dat die gereg in die laaste tyd premenstruele spanning as versagterende omstandighede sien in misdaad by vroue en dat vroue hierdie situasie mag uitbuit om sodoende antisosiale gedrag te probeer regverdig.

Sommige navorsers glo dat endokriene faktore eerder as psigologiese en sosiale faktore verantwoordelik is vir die gedragsveranderinge tydens die verskillende fases van die menstruele siklus (Brush, 1977; d'Orban en Dalton 1980). Hulle wys daarop dat dit verkeerd is om te aanvaar dat vroue oor die algemeen geweldsmisdade sal pleeg tydens sekere fase van die menstruele siklus. Geweldsmisdade mag wel voorkom by 'n groep vroue wie se persoonlikheidseienskappe neigings toon tot onstabiele en aggressiewe gedrag. Moos (1969) wys daarop dat vroue wat angstig, aggressief of depressief is tydens menstruasie dieselfde eienskappe toon tydens ander fases van hul siklus.

Dus word die psigologiese effekte van menstruasie net gesien as 'n snellerfaktor vir aggressiewe gedrag by sekere vroue wie se persoonlikheidseienskappe tekens van emosionele onstabiele toon.

Dit blyk dat die invloed van die menstruele siklus op gedragspatrone by die vrou nie as 'n kousale faktor vir misdade gesien kan word nie. Volgens Bartol en Bartol (1986) is daar geen duidelikheid oor die verwantskap tussen premenstruele sindroom en geweldsmisdade nie en is daar veel ruimte vir verdere navorsing. Samevattend meen d'Orban en Dalton (1980) dat daar miskien te veel klem geplaas word op premenstruele spanning as 'n verklaringsfaktor in vrouemisdade en dat daar eerder op waargenome sikliese gedragsveranderinge by die vrou gelet moet word.

1.3.3.3.3 Psigopatologie

Daar is ook nie duidelikheid oor die rol wat psigopatologie speel in misdadeveroorsoeking nie, veral nie by die vroulike geweldenaar nie (Blum en Chagnon, 1967; Bromberg, 1965; Casper, 1965). Tog blyk dit dat daar 'n hoë frekwensie van psigopatologie voorkom in misdadigheid by vroue (Cloninger en Guze, 1970; Daniel en Harris, 1981; Harrington, 1972; West, 1965). Die algemeenste vorme van psigopatologie wat voorkom is neuroses, psigosies en persoonlikheidsversteurings (Gibbs, 1982; Lillyquist, 1980). Vervolgens sal daar gelet word op die moontlike invloed wat hierdie versteurings mag hê op geweldpleging by vroue.

- Neurose

Volgens Halleck (1971) beheer die neurotikus haar spanningsvolle wêreld deur haarself te verander. Deur 'n misdaad te pleeg, poog die misdadiger om haar spanning te verwyder. McMahon (1976) konstateer dat neurose 'n geestelike versteuring is waarvan 'n persoon verligting soek omdat dit erg ongemaklik is.

Die obsessiewe-kompulsiewe neurotikus het nie die vermoë om haar irrasionele denke en daede te beheer nie. Enkele vorme van kompulsiewe gedrag is skadelik en antisosiaal, byvoorbeeld kleptomanie en piromanie. Volgens Greenland (1971) kan sekere moorde die gevolg wees van 'n kompulsiewe gedagte en handeling.

Simptome wat by die neurotiese persone aangetref word, is oorsensitiwiteit, swak interpersoonlike verhoudings, emosionele onrypheid, afhanklikheid, selfsugtigheid, angstigtheid, ensovoorts.

Die neurotikus sal as sodanig probleme ondervind om sosiaal in te skakel by die gemeenskap en om aan die eise te voldoen wat die gemeenskap aan hom stel (Le Roux, 1968; McMahon, 1976; Sim, 1963).

Mannheim (1973) toon aan dat die verskillende neuroses nie dieselfde kriminogene betekenis het nie. Guze et al. (1971) vind dat faktore wat misdadigheid in die hand werk, meer by angsneurotiese vroue voorkom. Oor die algemeen blyk dit dat hierdie psigiese afwyking van besondere kriminopresipiterende belang kan wees (Cavan, 1962; Neustatter, 1953; Schoeman, 1962).

- Psigoses

'n Psigose is 'n ernstiger psigiese versteuring as 'n neurose. 'n Psigotiese persoon se kontak met die realiteit is swak en sy normale funksionering is belemmer. Die belangrikste simptome wat by psigotiese toestande aangetref word, is hallusinasies, delusies, emosionele versteuring, disoriëntasie ten opsigte van tyd, plek, identiteit en algemene gedragsversteurings (Lillyquist, 1980; Louw 1982). Die belangrikste psigoses is: skisofrenie, affektiewe versteurings en persoonlikheidsversteurings en sal vervolgens bespreek word.

- Skisofrenie

Die belangrikste tipes skisofrenie wat kriminogene betekenis inhou, is katatoniese skisofrenie en paranoïediese skisofrenie. Hierdie persone is potensieel gevaarlik en mag ernstige geweldsmisdade pleeg (Cavan, 1962; Chapman, 1974).

Dunham (1959) het vasgestel watter psigiese afwykings veral voorkom by 543 patologiese misdadigers in vergelyking met nie-patologiese misdadigers. Hy het bevind dat skisofrenie die psigiese abnormaliteit is wat die meeste onder patologiese misdadigers voorgekom het (40,3% teenoor 23,7% by die nie-patologiese misdadiger). Moord is die algemeenste misdaad wat voorkom met diefstal en roof in die tweede plek.

Die skisofreen het 'n geskiedenis van interpersoonlike traumas wat deurloop vanaf sy kinderjare tot sy volwasse stadiums. Die skisofreen het gewoonlik 'n swak interpersoonlike verhouding gehad met ouers en persone wat na aan hom is. Skisofrene ervaar geen sekuriteit in 'n verhouding nie, maar eerder spanning en angs wat paniek by hulle mag laat ontstaan (Chapman, 1974; Le Roux, 1968). Volgens Silverman (1943) kom paranoïediese simptome, depressie en selfmoordpogings algemeen voor by skisofrenie.

Vroue wat kindermoord pleeg en psigopatologie toon, word in die meeste gevalle gediagnoseer as skisofrenies. Spanning en moedeloosheid en hulpeloosheid speel 'n belangrike rol in die volvoering van die daad. Depressie kom algemeen voor terwyl delusies en skuldgevoelens dikwels die depressie vergesel. Dit blyk dat daar selfmoorddreigemente is by vroue wat hulle kinders vermoor en sommige wend ook selfmoordpogings aan nadat die daad gepleeg is (Daniel en Kashani, 1983; West, 1965).

- Affektiewe versteurings

Die kliniese beeld van affektiewe versteurings word gekenmerk deur gemoedsuiterstes. Waar skisofrenie primêr 'n versteuring is van die denke, is affektiewe versteurings primêr versteurings van die gemoed of emosies (Lillyquist, 1980; Louw, 1982).

'n Persoon wat aan manies-depressiewe psigose lei en 'n misdaad pleeg, pleeg gewoonlik die daad tydens die depressiewe fase (Hafner en Böker 1982; Lillyquist, 1980). Hafner en Böker (1982) kom tot die gevolgtrekking dat geweldsmisdade meer algemeen voorkom in die depressiewe fase. Indien misdaad gepleeg word tydens die maniese fase, is dit gewoonlik eiendomsmisdade.

By psigotiese depressie is daar 'n hoë risikofaktor van selfmoord. Indien so 'n persoon geweldsmisdade pleeg, is dit moord gevolg deur selfmoord. Die persoon het gewoonlik 'n impuls om haarself te vernietig saam met persone na aan haar, byvoorbeeld gesinslede of 'n geliefde (Mannheim, 1973; West, 1965; Woddis, 1957).

- Persoonlikheidsversteurings

Persoonlikheidsversteurings wat gekenmerk word deur antisosiale gedrag, word deur die samelewing verbied aangesien dit indruis teen die norme en waardes van die samelewing (Lillyquist, 1980; Louw, 1983).

Psigopatie is die persoonlikheidsversteuring wat die meeste gekoppel word aan misdaad. Daar is egter nog gedurig die vraag wat die 'kwantitatiewe' aandeel van die psigopaat in misdaad is (Bromberg, 1965; Cavan, 1962; Flew, 1973; Quay et al., 1960). So verklaar East (1960:128) dat "we have at the present time no data to show how many offenders are received into civil prisons whose crimes are associated with psychopathic personality disabilities".

Uit 'n ondersoek van Vaillant (1969) wat betrekking het op die oortredings van 389 psigopatiese mans het hy 54 misdaadtipes by die psigopate vasgestel, teenoor 25 by die nie-psigopate in die betrokke kontrolegroep. Eerstens is daar vasgestel dat psigopate hulle aan 'n veel groter verskeidenheid misdaadtipes skuldig maak as nie-psigopate, en tweedens dat psigopate-oortredings veel meer voorkom in aggressiewe misdaadkategorieë as oortredings van nie-psigopate.

Guze et al. (1969) meen dat psigopatie, alkoholisme en dwelmverslawing die belangrikste persoonlikheidsversteurings is wat in verband gebring kan word met misdaad. East (1960) gaan verder deur te sê dat alkoholiste en dwelmverslaafdes psigopatiese hoedanighede aan die dag lê maar hy beskou hulle klaarblyklik nie sonder meer as psigopate nie.

Volgens Daniel en Kashani (1983) spekuleer persoonlikheidsteoretici dat vroue met 'n antisosiale persoonlikheid as gevolg van aggressiwiteit, impulsiwiteit, gebrek aan toekomsbeplanning en die nie-aanvaarding van sosiale norme meer betrokke raak in geweldsmisdade as ander persoonlikheidstipes. Cole et al. (1968), daarenteen, beweer dat min vroue wat geweldsmisdade pleeg 'n psigopatiese persoonlikheid het en dat daar dus geen verband tussen geweld en psigopatie by vroue is nie.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar nog meningsverskil bestaan oor die rol wat psigopatie by vroulike geweldsmisdade speel.

1.3.4 Behandeling en versorging van die vrou in die gevangenis

1.3.4.1 Basiese oogmerke van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens

Die korttermyn doelwit van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens is die beskerming van die gemeenskap waardeur die oortreder tydelik van sy vryheid ontnem word en waar hy/sy ingevolge artikel 2 van Wet op Gevangenis 8/1959 onder veilige bewaring in 'n gevangenis geplaas word.

Die langtermyn doelwitte is om die gevangene te rehabiliteer en op te lei in 'n poging om 'n beter mens in die gemeenskap terug te plaas as wat daaruit ontvang is. In hierdie lig beskou, geskied die beskerming van die gemeenskap nie ten koste van die oortreder nie want sy bly nog steeds 'n lid van die gemeenskap. Die doel van gevangenskap is om die persoon in bewaring te hou sodat sy behandel kan word in 'n poging om haar toe te rus vir die voortsetting van 'n normale, produktiewe lewe na vrylating.

Behandelingsprogramme vir kort- en langtermyngevangenes verskil van mekaar. Langtermyngevangenes is oortreders wat twee jaar of langer gevangenisstraf moet uitdien.

Die behandeling van alle gevangenes is egter daarop gemik om negatiewe gedragspatrone te ontmoedig en sosiaal aanvaarbare gedrag te skep. Dit behels die volgende:

- a) 'n Beleid van dissipline wat op die ontwikkeling van selfdissipline gemik is. Dit is die onvermoë om dissipline te aanvaar wat die mens in botsing met die wette en reëls van die gemeenskap bring.
- b) 'n Beleid van opleiding met die oog op selfontwikkeling en die aankweek van gesonder arbeidsgewoontes. Opbouende arbeid is terselfdertyd 'n teenvoeter vir ledigheid en gee die gevangene die geleentheid om iets nuttigs te doen en dra sodoende by tot haar eie onderhoudskoste.
- c) Verder word pogings aangewend om 'n morele verantwoordelike sin by die gevangene aan te wakker. Die bedoeling is dat sy selfrespek en respek vir die regte en besitting van andere sal ontwikkel.

Van Zyl (1986) beweer dat ten spyte van al die fasiliteite en professionele dienste wat beskikbaar is binne die gevangenisdiens, gevangenskap nie 'n oplossing vir alle misdaadvraagstukke is nie. 'n Ander aspek wat 'n rol speel is dat die gevangenis nie altyd die geskikste plek is om 'n positiewe invloed uit te oefen op die gevangene nie, aangesien dit 'n onnatuurlike omgewing is.

Gevangeskap is een van die ernstigste strafsanksies wat toegepas kan word aangesien die gevangene van haar vryheid ontnem word. Afgesien hiervan word sy ook ontsê van luuksheid, heteroseksuele verhoudings en sosiale sekuriteit. Die vrou wat haar eerste gevangenskap uitdien, betree die gevangenis met 'n gevoel van vernedering, skuldgevoelens, vrees vir die onbekende en bekommernis oor die gesin wat sy agterlaat. Die vroulike gevangene voel verward en is agterdochtig teenoor alles en almal om haar. Indien die vroulike

gevangene nie haar straf as onafwendbaar aanvaar nie, sal sy haar nie kan berus by haar gevangenskap nie.

1.3.4.2 Fisiese versorging van die gevangene

- Akkommodasie

Ter vervanging van ou gevangenis waar die fasiliteite gewoonlik ontoereikend is, het die Gevangenisdiens die afgelope 20 jaar talle nuwe gevangenis opgerig wat volgens internasionale standaarde genoeg ruimte, ventilasie, natuurlike en kunsmatige lig, ablusie- en sanitêre geriewe verskaf. Die doel hiervan is om akkommodasie te verskaf wat die rehabilitasie van die gevangene sal vergemaklik. Goeie lewensomstandighede dra by tot die behoud van die gevangene se waardigheid en selfrespek.

- Higiëne

Klem word in die gevangenis geplaas op higiëniese lewensomstandighede, persoonlike higiëne en netheid. Vrouegevangenes word ook van toereikende toiletware, klerasie, skoene, handdoeke, sakdoeke, ensovoorts, voorsien. Vroulike gevangenes mag grimering gebruik en 'n haarsalon binne die gevangenis word tot hulle beskikking gestel. Die gevangene word aangemoedig om haar sel so huislik moontlik te maak. Daar word ook voorsiening gemaak vir was- en strykgeriewe en beddegoed vir alle gevangenes.

- Voedsel

Die vrouegevangene word voorsien van voedsel wat 'n toereikende voedingswaarde het en wat ooreenkomstig 'n voorgeskrewe dieëtskaal aangebied word. Dit bestaan uit 'n redelike verskeidenheid voedselprodukte wat goed voorberei en opgedis word. 'n Geneeskundige beamppte moet alle rou voedsel gereeld inspekteer en aan die bevelvoerende offisier verslag doen oor die gehalte daarvan

en ook oor die suiwerheid en toereiktheid van die water wat vir menslike verbruik gebruik word (Wet op Gevangenis, 8/1959).

- Mediese en tandheerkundige dienste

In die praktyk ressorteer die Gevangenisdiens se gesondheidsdienste onder die beheer van die Departement van Gesondheid en Welsyn, wat ook kontraktueel vir sodanige dienste verantwoordelik is. Hierdie dienste word in samewerking met die onderskeie Provinsiale Administrasies gelewer.

'n Hospitaal is by elke gevangenis ingestel en word volgens plaaslike behoeftes uitgerus ten einde voorsiening te maak vir die huisvesting van siek gevangenes.

Vrouegevangenes word net soos manlike gevangenes medies ondersoek by opname en vrylating. Opgeleide hospitaalpersoneel behandel minder ernstige gevalle in die gevangenshospitaal. By elke gevangenis is genoegsame farmaseutiese produkte tot die beskikking van die verpleegpersoneel. Staatstandartse behartig al die tandheerkundige ondersoeke en behandeling en die Gevangenisdiens is verantwoordelik vir die verskaffing van die nodige tandheerkundige fasiliteite en toerusting by die onderskeie gevangenis.

Voorkomende gesondheidsmaatreëls word voortdurend toegepas sodat 'n hoë standaard van higiëne gehandhaaf word. Die vrouegevangene het nie nodig om enige mediese of psigiatrisiese behandelingsonkoste te betaal nie, aangesien dit deur die Staat gedra word.

- Sport en ontspanning

Afhangende van die heersende omstandighede by elke gevangenis, word daar ruim voorsiening gemaak vir sportgeriewe binne die gevangenis waaraan die vrouegevangene kan deelneem. Waar daar geriewe daarvoor is, word filmvertonings, wat opvoedkundige films insluit, gereeld gehou. Baie vrouegevangenes hou hul ook besig met breiwerk, hekel en ander soorte naaldwerk en kunsvorme.

1.3.4.3 Opvoedkundige versorging van die vrouegevangene

Die vrouegevangene word die geleentheid gegee om haarself tydens gevangenissetting verder te bekwaam. As gevolg van die hoë premie wat op voortgesette studie in die moderne samelewing geplaas word, word daar prioriteit verleen aan die kwaliteit van die studie en die praktiese waarde daarvan vir die gevangene (Coetzee, 1981).

Alle gevangenes word toegelaat om verder te studeer indien hulle oor die nodige toelatingskwalifikasies beskik. Lees- en studiemateriaal word sover moontlik verskaf en sluit koerante, tydskrifte en boeke in.

Gevangenisbiblioteke bied, net soos openbare biblioteke, ontspannende en opbouende leesstof aan die gevangene. Die vrou word van leesstof voorsien wat haar kennis van alledaagse aangeleenthede kan uitbrei.

Die belangrikste waarde van die biblioteek in die totale behandelingsprogram van die vrouegevangene is dat dit die gevangene positiewe vryetydsbenutting bied en haar help om haar intellektuele en arbeidsvermoë te ontwikkel.

Die primêre taak van die opvoedkundige is om toe te sien dat die gevangene sinvolle gevangenisarbeid verrig. Die doelstelling van gevangenisarbeid is die hervorming van die gevangene deur middel van konstruktiewe arbeid. Volgens Barnes en Teeters (1959) word daar deur middel van arbeidsopvoeding gepoog om by die gevangene die regte gesindheid ten opsigte van haar werksaamhede te kweek, die nodige vaardighede te laat verwerk, die eentonigheid van die aanhouding te verlig en misdaad te voorkom.

Taft and England (1964) meen dat konstruktiewe arbeid kan bydra tot die rehabilitasie van gevangenes. Hulle is van mening dat in baie van die gevangenisinrigtings die gevangenisbevolking nie genoeg werksaam is nie en dat dit die oorsaak mag wees van afkeurenswaardige gedrag soos homoseksualiteit, frustrasies en vyandigheid teenoor die gemeenskap.

Die einddoel met die rehabilitasie van 'n vrouegevangene is dat sy ten tyde van haar vrylating oor die nodige selfrespek en verantwoordelikhedsin sal beskik sodat sy haarself sal kan handhaaf in 'n vrye gemeenskap (Wet op Gevangenis, 8/1959).

1.3.4.4 Psigiese versorging

Die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens beskik oor 'n span kliniese psigoloë wat afwykende gedrag in die gevangenis bestudeer en behandel. Die kliniese psigoloog se taak is tweërlei van aard. Dit behels diagnose en behandeling van enige afwykende gedrag met behulp van psigoterapie.

In der waarheid werk die psigoloog met waarneembare menslike gedrag wat binne bepaalde situasies voorkom. Die psigoloog is dus afhanklik van daardie gedrag binne die gegewe situasies wat sy kliënt bereid is om met hom te deel. Dit spreek dus vanself dat effektiewe psigoterapie alleen moontlik is binne 'n besondere verhouding wat deur wedersydse vertrouwe gekenmerk word.

Die psigoloog vorm deel van 'n span kundige en dissiplinêre personeel aan wie die taak van rehabilitasie opgedra is. As lid van die span het die psigoloog 'n tweeledige verantwoordelikheid, naamlik eerstens teenoor die gevangene tot wie se voordeel die psigoloog se bekwaamheid en vaardighede aangewend word, en tweedens teenoor die Gevangenisdiens in wie se diens hy of sy is.

Psigoterapie met die vrouegevangene kan verskeie vorms aanneem. Eerstens is daar individuele psigoterapie wat bestaan uit 'n een-tot-een-verhouding waartydens daar doelgerigte terapeutiese gesprekke tussen die psigoloog en die gevangene plaasvind. Tweedens, groepterapie waar 'n groep gevangenes op so 'n wyse met mekaar in interaksie tree dat onderlinge positiewe beïnvloeding kan plaasvind. Derdens is daar gesinsterapie wat daarop gerig is om die gevangene in die konteks van die gesin of die huwelik te betrek, aangesien dit van die sterkste bindende invloede in 'n mens se lewensbestaan kan wees (Bergh, 1983).

1.3.4.5 Maatskaplike versorging

Die interne maatskaplike werker werk met die gevangene dwarsdeur haar periode van gevangenskap. Maatskaplike werk in gevangenis is in wese gerig op meer doeltreffende sosiale funksionering. Gevalle- en groepwerkmetodes word hoofsaaklik aangewend. Die maatskaplike werker staan die gevangene by in die aanknoop en instandhouding van aanvaarbare tussenpersoonlike verhoudings en sy tree op as skakel tussen die gevangene en ander mense in haar sosiale omgewing.

Van die grootste bekommernisse van die vrouegevangene is haar vrese of sy na vrylating weer deur die gemeenskap aanvaar sal word. Dit is dan wanneer die gevangenis maatskaplike werkers en eksterne maatskaplike werker saamwerk om seker te maak dat die gesin ook voorbereid is op die vrouegevangene se vrylating.

Nel (1979) sien die taak van die maatskaplike werker teenoor die vrouegevangene as volg:

- om die gevangene te help om verantwoordelikheid ten opsigte van haarself en haar afhanklikes te aanvaar;
- om die gevangene te help om aanvaarde lewenswaardes haar eie te maak sodat haar lewenswyse vir die gemeenskap aanvaarbaar kan wees;
- om met behulp van die professionele verhouding die gevangene te help in haar eie unieke situasie;
- om nasorg uit te oefen en die gevangene te help om haar plek in die samelewing in te neem en aan die eise van 'n verantwoordelike bestaan te voldoen; en
- om daardie gevangene wat nie binne die raamwerk van maatskaplike werk doeltreffend gehelp kan word nie, na 'n ander diensprofessie te verwys waar sy wel die nodige hulp kan kry.

1.3.4.6 Geestelike versorging

Die Gevangenisdiens eerbiedig en handhaaf die beginsel dat elke gevangene die reg het om haar eie godsdiens te beoefen en om op geestelike gebied deur 'n bekwame verteenwoordiger van die kerk waaraan sy behoort, bedien te word.

Die geestelike versorging van die vrouegevangene maak deel uit van die totale rehabilitasieprogram en voorsien in 'n fundamentele behoefte.

Bybels en godsdiensstige lektuur word, sover prakties uitvoerbaar is, aan die vrouegevangenes beskikbaar gestel in die taal wat sy magtig is (Shepton, 1978).

1.3.4.7 Observasie en klasifikasie

Elke gevangene wat 'n vonnis van twee jaar of langer moet uitdien, word so spoedig moontlik na toelating na 'n observasiesentrum oorgeplaas. Aan die begin van hierdie periode word die doel van gevangenisstraf en die oogmerk van die behandeling aan die gevangene verduidelik. Sy word ook ingelig oor haar regte, voorregte, dissiplinêre stappe wat teen haar gedoen kan word en die voordele wat goeie gedrag vir haar inhou.

Die belangrikste oogmerk met die observasietydperk is egter om inligting in te win aangaande haar agtergrond, sosiale en psigologiese funksionering en persoonlikheidsamestelling. Hierdie aspekte word bepaal deur 'n span professionele lede wat uit maatskaplike werkers, 'n psigoloog, opvoedkundiges en godsdiensstige werkers bestaan. Aanbevelings ten opsigte van klassifikasie, plek van aanhouding, tipe werk en ander aspekte van die gevangene se behandelingsprogram word in die observasie-afdeling gemaak. Hierna verskyn die gevangene voor 'n toewysingskomitee wat die aanbevelings van die observasiespan oorweeg en 'n finale aanbeveling aan die Kommissaris van Gevangnisse voorlê, wat op beurt elke gevangene se toewysing en klassifikasie magtig.

Daar is twee vorme van klassifikasie. Ten eerste die horisontale klassifikasiestelsel wat gegrond is op die gevangene se misdaadgeskiedenis en neigings, haar houding en gedrag. Hierdie klassifikasiestelsel het 'n bepalende invloed op aanhouding in maksimum-, medium- of oop sekuriteitsomstandighede, met maksimumvoorregte in die A-groep tot minimumvoorregte in die D-groep. 'n Gevangene kan ooreenkomstig haar gedrag, aanpassing en vordering in die gevangenis na 'n hoër groep bevorder of na 'n laer groep gedomoveer word. Hierdie tipe klassifikasie maak ook voorsiening daarvoor dat die meer geharde misdadigers van die eerste oortreders en diegene wat vir minder ernstige misdade gevonnissen is, geskei word.

Tweedens is daar die diepteklassifikasiestelsel gebaseer op faktore soos intelligensie, persoonlikheidseienskappe en rehabilitasiepotensiaal. Die gevangenes word in vyf kategorieë geklassifiseer. Hierdie proses waardeur gevangenes met soortgelyke eienskappe saamgegroepeer word, vergemaklik kontrole en die aanwending van programme volgens spesifieke individuele behoeftes.

Ten einde die meeste van hul voorregte te bepaal, word korttermyngevangenes as B-groep-gevangenes beskou. Klassifikasie bepaal dus in watter groep die gevangene geplaas word, byvoorbeeld A, B, C, D of E-groep, afhangende van genoemde faktore.

1.3.5 Die psigologiese invloed van gevangenskap

Een van die belangrikste navorsers op die gebied van gevangenskap en die spanningsvolle situasie wat dit mag meebring, is G.M. Sykes (1958). Hy beweer dat die gevangenes blootgestel word aan deprivasie en dit benadeel die gevangene se selfwaarde. Die gevangenis trek die menswaardigheid van die gevangene in twyfel en die gevangene word gekonfronteer met hierdie twyfel. Hy onderskei die volgende tipes deprivasie in 'n gevangenis:

- Deprivasie van vryheid

Een van die doelstellings van gevangenis is om die gemeenskap te beskerm teen die misdadiger. Die misdadiger word onttrek uit die gemeenskap met die wete dat hy as onbetroubaar gesien word. Hierdie verwerping of degradering deur die gemeenskap moet verwerk word deur die gevangene voordat hy funksioneel kan voortgaan. Die middel of metode wat die gevangene hiervoor gebruik, is gewoonlik sy eie verwerping van die gemeenskap.

- Deprivasie van gebruiksgoedere en bediening

In ons Westerse kultuur word 'n persoon se siening van homself sterk beïnvloed deur sy materiële besittings. Volgens Sykes (1958) kan 'n individu se persoonlikheid negatief beïnvloed word indien sy materiële besittings weggenem word. Alhoewel daar in die gevangene se behoeftes voorsien word in die gevangenis dra hy nie by tot sy onderhoudskoste nie. Hierdie afhanklikheid word deur die gevangene as sy eie persoonlike mislukking ervaar in 'n gemeenskap waar 'n individu se materiële omgewing 'n aanduiding van sy waarde is.

- Deprivasie van heteroseksuele verhouding

Die belangrikste spanningsvolle situasie wat hier mag ontstaan, is nie soseer die gevangene se fisiese ontbering nie, maar die gevangene se twyfel om hom- of haarself. Om betrokke te raak (kontak te hê) met die teenoorgestelde geslag, gee aan 'n persoon kriterium vir sy manlikheid of haar vroulikheid. Dit word vir die vroulike sowel as die manlike gevangene 'n belangrike taak om hom of haarself as vroulik of manlik te bewys.

- Deprivasie van outonomieit

Die gevangenis kontroleer alle aspekte van die gevangene. Hierdie regulering beïnvloed die gevangene se selfbeeld negatief.

Volgens Sykes (1958) reduseer dit die gevangene tot hulpeloosheid en 'n afhanklike status soos in die kinderjare. Die gevangene mag dus begin twyfel aan sy/haar eie volwassenheid.

- Deprivasie van sekuriteit

In gevangenis ontstaan daar 'n paradoksale botsing. Daar word van die gevangene verwag om die reëls van 'n gevangenis na te kom terwyl sy mede-gevangenes hul eie reëls het waaraan die gevangene moet voldoen voordat hy aanvaar word. Die gevangene moet onderlinge toetse ondergaan om te wys hoe sterk hy is en hoe hy druk vanaf die medegevangene hanteer. Die gevangene mag geen hulp vra van die personeel nie aangesien hy dan deur sy medegevangenes as swak en dislojaal geëtiketteer sal word. Sykes (1956:109) som hierdie deprivasie soos volg op: "As one prisoner has bluntly said, the worst thing about prison is you have to live with other prisoners."

Die ontwikkeling van informele groepe tussen die gevangenes kan as 'n reaksie gesien word teen hierdie deprivasies en beperkings. Om dus deel te wees van 'n groep medegevangenes help die gevangene om sy situasie beter te kan hanteer.

Die effek wat gevangenskap op die gevangene het, mag dus gemanifesteer word in psigologiese meetinstrumente wat foutiewelik kan lei tot die identifisering van 'n "eiesoortige" persoonlikheid by die gevangene. Die doel van hierdie ondersoek is juis om die persoonlikheid van die gewelddadige vroulike gevangene te probeer bepaal. Ten einde die negatiewe invloed van gevangenskap te elimineer, is daar as kontrolegroep 'n ander groep vrouegevangenes gebruik en nie 'n groep vroue wat persoonlike vryheid, ensovoorts, geniet nie.

1.3.5.1 Die emosionele reaksie van die vrouemisdadiger op gevangenskap

Elke vrou wat gevangenisstraf uitdien, was eers deel van 'n gemeenskap met sy eie waarde- en normsisteem. Hierdie gemeenskapskodes sal bydra tot die wyse waarop die vroulike gevangene die deprivasie van gevangenskap hanteer. Becker en Geer (in Ward & Kasserbaum, 1965) sien die gemeenskap waaruit die

vrouegevangene kom as die "latente kultuur". Die sterkte en invloed van hierdie latente kultuur in die gevangenisgroep sal afhang van die wyse waarop groeplidmaatskap verwerf is. Die groep kan dieselfde kulturele agtergrond hê of kan uit diverse kulture agtergrond kom. Aanpassing binne die gevangenis sal bepaal word deur die gevangene se normatiewe posisie in die vrye wêreld.

'n Verdere konsep waarmee die gedrag van vroulike gevangenes verstaan kan word is hul latente sosiale identiteite. Hierdie vroue het verskillende sosiale, ekonomiese en gesinsrolle ingeneem in die gemeenskap. Hierteenoor maak die gevangenis nie aanpassings vir verskille in ekonomiese klasse, huwelikstaat en afhanklikes nie. Vroue ly meer daaronder om geskei te wees van haar gesin en die omwenteling wat plaasvind in gesinsrolle as die man. Cassel en Van Vorst (in Ward en Kausselbaum, 1965) beweer dat behalwe die probleem van persoonlike aanpassing binne die gevangenis, hierdie vroue ook probleme met gesinsaanpassings het. Hulle voel hulle het hulle status in die gesin en die groepsverband verloor en daardeur het hulle geen sekuriteit meer nie. Hulle vrees dat hulle geliefdes ontrou sal word en dat daar 'n stigma aan hulle gaan kleef.

Die vroulike gevangene is nie voorbereid op die emosionele belewenisse van gevangenskap nie. Verliese wat die vroulike gevangene moet hanteer, is die verlies aan affeksionele en interpersoonlike ondersteuning, rolverwarring en statusdegradasie (Fox, 1975).

Baie vroulike gevangenes wat in die vrye wêreld deur ouers, minnaars en mans ondersteun is, vind in homoseksualiteit die antwoord op aanpassing binne die gevangenis. Nie net word die fisiese behoeftes van die gevangene bevredig nie, maar andersyds word ook die vreesvolle atmosfeer van die gevangenis daarmee verlig. Daarbenewens kan die homoseksuele verhouding as 'n kompensasie beskou word vir die selfvernedering wat die vrou tydens gevangenisstraf ondergaan. Gedurende die periode waarin die selfwaarde bevrraagteken word, beteken seksuele betrokkenheid vir haar baie, aangesien daar iemand is wat vir haar omgee en persoonlik aandag aan haar skenk.

Die meeste vroue wat vir die eerste keer in aanraking kom met homoseksualiteit binne die gevangenis, sien dit as 'n tydelike ondervinding. Die vroue sien hulself as biseksueel tydens gevangenisstraf en hulle aanvaar dat hulle weer heteroseksuele verhoudings sal aanknoop na die gevangenisstraf. Daar moet egter 'n onderskeid gemaak word tussen vroue wat homoseksueel raak tydens gevangenisstraf en dié wat homoseksueel was voor gevangenskap (Jarvis, 1978; Toch, 1976).

Die oorkoepelende behoefte van die vrou in die gevangenis is om 'n affeksionele verhouding te hê wat net soos in die gemeenskap liefde, interpersoonlike ondersteuning, sekuriteit en sosiale status bied. Hierdie behoefte mag homoseksualiteit bevorder, wat dan weer dien as buffer teen die emosionele aftakeling van gevangenisstraf.

'n Verdere metode van aanpassing is onttrekking. Sommige gevangenes kan fantaseer oor gebeurtenisse in die vrye wêreld en hulle lewe na uitdiening van hulle straf of apaties optree. Daarteenoor kan sommige vroulike gevangenes as rebelle bestempel word. Hulle is gedurig betrokke in rusies met mede-gevangenes of met gevangenis personeel.

Volgens Fox (1975) wys die vroulike gevangene haar emosies en gevoelens sodat haar mede-gevangenes aandag aan haar kan gee. Vroulike gevangenes glo dat hulle afhanklik is van mekaar en mekaar nodig het. Hulle is somtyds emosioneel ondergekontroleerd wat mag lei tot episodiese emosionele uitbarstings. Voor so 'n uitbarsting akkumuleer hulle spanning. Hierdie strategie noem Fox (1975) 'n roller coaster-sindroom: hulle ry wipplank tussen spanning en katarsis. Dié strategie neutraliseer die opgehoopte spanning. Hul hanteer dus hul spanning deur oor te reageer op frustrasies. Fox (1975) meen dat die strategie somtyds onbevredigend is vir die gevangene aangesien haar mede-gevangenes somtyds die bron van frustrasie is maar ook die persone is van wie sy afhanklik is in tye van nood.

Daar kan egter nie uitsluitel gegee word oor waarom vroulike gevangenesse verskillend reageer ten opsigte van gevangenisstraf nie. Vir hierdie studie is dit egter nie van kardinale belang nie. Dit is wel belangrik om aan te dui dat die vroulike gevangene, net soos enigeen in die vrye gemeenskap, fisiese, psigiese en sosiale behoeftes het.

1.3.6 Samevatting

Ten einde die psigologiese navorsingsgegewens oor die blanke vroulike geweldenaar beter te kan beskryf en toe te lig, is daar eerstens in hierdie hoofstuk aandag gegee aan fundamentele begrippe waarvan die betekenis nie altyd duidelik omskryf is nie. Dié begrippe misdaadpsigologie, misdaad (waaronder geweldsmisdaad val) en aggressie van die misdadiger is bespreek. Verder is daar aandag gegee aan die omvang van misdaad in Suid-Afrika aan die hand van verskillende tipes misdaad, asook aan geslagsverskille by geweldsmisdaad.

Derdens is daar, in 'n poging om die psigologiese navorsingsgegewens oor die blanke vroulike geweldenaar aan te vul, gelet op die vernaamste kriminogene faktore wat in die literatuur gevind word. Teoretiese verklarings vir vrouemisdaad is bespreek. Wat die sosio-ekonomiese determinante betref, is daar aandag geskenk aan die invloed van die gesin, skolastiese en beroepsgegewens en die ekonomiese lewenspeil van die gesin.

Daar is ook verder aandag geskenk aan die navorsingsresultate van bepaalde ondersoekers. Hieruit het dit geblyk dat sekere sosio-ekonomiese faktore soos ouerdeprivasie, gesinsonvolledigheid, swak ouerlike dissipline en drankmisbruik wel 'n kriminogene rol kan speel.

Rakende die psigologiese determinante het die fokus geval op die invloed wat aggressie het op misdaad, die intellektuele vermoë van die vroulike misdadiger, persoonlikheidseienskappe en die rol van die menstruele siklus by die misdadige vrou. Hier is ook klem gelê

op psigopatologie en navorsingsresultate van bepaalde ondersoekers is bespreek. Dit blyk dat sekere psigologiese eienskappe soos emosionele versteurings, depressie, neurotiese tendense en skisofrenie wel oorsaaklike faktore mag wees van die pleeg van misdaad by die vrou.

Vierdens is daar gelet op die behandeling en versorging van die blanke vroulike gevangene. Die rol van die opvoedkundige, die psigoloog en die maatskaplike werker is bespreek.

Laastens is die psigologiese invloed van gevangenskap op die gevangene bespreek met spesifieke verwysing na die emosionele reaksie van die vroulike misdadiger op die gevangenskap.

HOOFSTUK 2

METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk word die wyse waarop die ondersoek aangepak en die gegewens ingesamel is, uiteengesit.

Eerstens sal die eksperimentele ontwerp kortliks bespreek word. In hierdie ondersoek is daar van die vergelykende metode gebruik gemaak. Tweedens volg 'n volledige omskrywing van die proefpersone wat betrek is. Laastens volg 'n beskrywing en evaluering van die meetinstrumente wat gebruik is.

2.1 DIE VERGELYKENDE METODE

Enige navorsing eis van die ondersoeker 'n kritiese ingesteldheid. Die doel van die vergelykende metode is die vergelyking van twee of meer groepe met mekaar om sodoende die verskille tussen die groepe op te spoor. Dit is eers na so 'n vergelyking dat die ondersoeker met regverdiging afleidings kan maak. Smith (1971) beklemtoon dan ook dat dié metode deur verskeie ondersoekers in die psigologie aangewend en hoog aangeprys word.

Daar bestaan verskeie maniere om hierdie metode toe te pas. Twee hoofbenaderings kan egter duidelik onderskei word, naamlik die massavergelyking of globale benadering en die analitiese vergelyking of reduksionistiese benadering. Beide benaderings bied 'n ondersoeker die geleentheid om met behulp van statistiek 'n bepaalde verskynsel te ontleed en te verklaar (Louw, 1983).

2.1.1 Die globale benadering

Die globale benadering word die meeste vir navorsing in die psigologie gebruik. Hier word daar, in die vergelyking met groepe

met mekaar, slegs gedifferensieer ten opsigte van een veranderlike, byvoorbeeld in 'n psigologiese ondersoek na misdaad net tussen nie-oortreders en oortreders. Die heterogene verskille tussen die verskillende oortreders - die dief, die seksoortreder, die geweldpleger, die moordenaar - word geïgnoreer en die proefpersone word almal bloot as oortreders geklassifiseer. Die standpunt is hier dat die persone wat in die misdaadstatistiek aangeteken staan, almal een belangrike element gemeen het en dit is dat hulle hulle elkeen aan oortreding skuldig gemaak het.

2.1.2 Die reduksionistiese benadering

Dit is belangrik om te onthou dat misdaad bestaan uit 'n groot verskeidenheid kriminele dade. Dit skyn foutief te wees om te aanvaar dat 'n algemene persoonlikheidsbeskrywing van die oortreder voldoende is om die persoonlikheid, gedrag en aanpassing van alle oortreders te verklaar. Deur groepe mense globaal psigologies te ondersoek en afleidings daaruit te maak, kan daar enersyds moontlik eienskappe of kenmerke geïsoleer word wat in die praktyk glad nie bestaan nie. Andersyds kan bepaalde eienskappe weer misgekyk word. Quay (1967) handhaaf die standpunt dat dit waarskynlik meer van waarde sal wees om persoonlikheidseienskappe te bepaal soos dit voorkom onder verskillende soorte oortreders eerder as binne 'n enkele, globale groep.

Volgens Louw (1983) moet daar beseef word dat daar by die reduksionistiese benadering, anders as by die globale benadering, verskillende grade van reduksionisme kan bestaan. So byvoorbeeld kan daar, wanneer nie-oortreders met oortreders vergelyk word, gedifferensieer word tussen plattelandse en stedelike nie-oortreders en oortreders.

Die eksperimentele reduksie kan nog verder gevoer word deur 'n differensiasie tussen sowel plattelandse as stedelike oortreders te tref ten opsigte van oortredingsoort, byvoorbeeld tussen seksoortreders, geweldplegers en diewe. Daar kan 'n verdere

differensiasie gemaak word deur sowel die verskillende plattelandse en stedelike oortreders as die plattelandse en stedelike nie-oortreders individueel met mekaar te vergelyk. Die reduksionistiese benadering kan nog deur verskeie ander stappe verder gevoer word, by geweldplegers (aanranders, rowers, moordenaars, ensovoorts).

Dit blyk egter dat die Suid-Afrikaanse eksperimentele situasie sekere praktiese probleme openbaar wanneer die reduksionistiese benadering intensief toegepas word. Die twee belangrikste probleme is dat daar 'n gebrek aan voldoende proefpersone bestaan en dat die meeste oortreders se oortredingsgedrag selde as eensoortig geklassifiseer kan word. Moontlik is dit ook daarom dat daar tot dusver weinig reduksionistiese ondersoeke na oortreding in Suid-Afrika onderneem is (Louw, 1983).

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat die psigologie van misdaad 'n komplekse studieveld is wat 'n eiesoortige wetenskaplike benadering vereis.

In die onderhawige ondersoek is daar van die reduksionistiese benadering gebruik gemaak om 'n psigologiese ondersoek van die blanke vroulike gewelddadige vroulike te maak. Vir die doel sal 'n groep blanke vroulike gewelddadige vroulike met 'n groep blanke vroulike nie-gewelddadige vroulike (maar ook wetsoortreders) vergelyk word.

2.2. PROEFPERSONE

Om 'n vergelykende studie daar te stel, is gewelddadige vroulike gevangenes sowel as nie-gewelddadige vroulike gevangenes by die ondersoek betrek.

Die rede waarom daar net van blanke vroue as proefpersone gebruik gemaak is, is enersyds omdat sommige meetinstrumente wat in die ondersoek gebruik is, nie gestandaardiseer is vir ander rasse nie en andersyds omdat daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n wetenskaplike beskrywing van die blanke vroulike gewelddadige vroulike.

2.2.1 Gewelddadige vroulike gevangenes

Vir die ondersoek is al die blanke vroue wat in Suid-Afrika vonnisse vir gewelddadige misdade uitgedien het, betrek. Hierdie vroue was almal besig om hulle vonnis uit te dien in Kroonstad-Gevangenis. Dié gevangenis is die grootste rehabilitasiesentrum in die Republiek vir vroue wat langtermyngevangenisstraf uitdien.

Aangesien daar ten tyde van die ondersoek net nege proefpersone in die land was wat vonnisse uitgedien het vir 'n geweldsmisdade, is almal gevra om deel te neem aan die ondersoek. Die populasie behels dus blanke vroulike geweldenaars ongeag ouderdom of opvoedingspeil.

Om hierdie proefpersone as 'n populasie te omlin, sou egter nie wetenskaplik verantwoordbaar wees nie, gesien in die lig van die feit dat daar ten tyde van die ondersoek wel blanke vrouens was wat aangekla was vir geweldsmisdade maar nog verhoorafwagting was. Daarbenewens kan daar nie sonder meer aanvaar word dat die blanke vrouens wat van geweldsmisdade aangekla word kragtens die Suid-Afrikaanse regsisteem wel die totaal is van die algemene blanke vrouebevolking wat hul aan geweldsmisdade skuldig maak nie.

Kriminaliteit by die algemene bevolking is waarskynlik veel hoër as wat die amptelike statistiek aandui. Wat die vrou se situasie betref, wil dit voorkom asof die "hoflikheidsfaktor" die gereg nog meer plooibaar maak waar die vrou in 'n regsgeval betrokke raak (Trojanowicz, 1978).

Indien bogenoemde redes in ag geneem word, kan hierdie proefpersone as 'n studiepopulasie gesien word en enige aannames wat uit die ondersoek na vore kom, mag moontlik van toepassing wees op die teikenpopulasie - dit wil sê alle blanke vroue wat hulle skuldig maak aan geweldsmisdade.

2.2.2 Nie-gewelddadige vroulike gevangenes

'n Verdere groep van nege proefpersone is saamgestel uit blanke nie-gewelddadige vroulike gevangenes wat eweneens besig is om hul vonnis uit te dien in Kroonstad-gevangenis. Hierdie proefpersone kan ook as 'n studiepopulasie gesien word, aangesien die teikenpopulasie alle blanke nie-gewelddadige vroulike gevangenes is wat in al die gevangnisse van die RSA aangehou word. Hierdie proefpersone (nege) is verkry deur 'n ewekansige steekproef te maak uit 75 nie-gewelddadige vroulike gevangenes. Hulle name is alfabeties geplaas en vanaf agt is elke agste naam betrek by die ondersoek.

Geen voorvereistes ten opsigte van wetsoortreding is by die seleksie van dié groep gestel nie, behalwe dat nie een van hierdie groep proefpersone voorheen ooit vir 'n geweldsmisdaad gevonniss mag gewees het nie. Navraag is ook by die proefpersone self gedoen om moontlike betrokkenheid by geweld waarvoor hulle nie krimineel vervolgt is nie, op te spoor. Sulke persone is nie by die ondersoek betrek nie.

Die rede waarom die kontrolegroep ook uit Kroonstad-gevangenis gekies is, is enersyds omdat die vroulike gevangenes van Kroonstad as verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse vroulike gevangenes gesien kan word en andersyds omdat die Kroonstad-gevangenis prakties die toeganklikste vir die onderhawige ondersoek geblyk te wees het.

Alhoewel dit moontlik was om by die gewelddadige vroulike gevangene die hele populasie te gebruik (vanweë die klein populasie) was dit nie prakties moontlik gewees om by die nie-gewelddadige vroulike gevangene die hele populasie te gebruik nie.

In hierdie ondersoek word 'n studiepopulasie (blanke vroulike geweldsmisdadigers) met 'n steekproef (blanke nie-gewelddadige vroulike misdadigers) vergelyk. Volgens Steyn (1985) gebeur dit soms dat net een populasie te groot is om volledig betrek te word in die vergelyking met 'n volledig waargenome populasie. Dan sou die trek van 'n waarskynlikheidsteekproef uit hierdie populasie die aangewese uitweg wees.

2.3 MEETINSTRUMENTE

Met die doel om die persoonlikheidsbeeld van die gewelddadige vrou te beskryf, is gewelddadige blanke vrouegevangenes met nie-gewelddadige blanke vrouegevangenes vergelyk deur middel van verskeie meetinstrumente. Die meetinstrumente is die volgende:

2.3.1 Die biografiese vraelys

Benewens die psigologiese toetse het die ondersoeker dit belangrik geag om ook biografiese gegewens by die ondersoek in te sluit. Die doel hiermee was om inligting te bekom aangaande kriminogene, sosiale en psigologiese faktore wat nie spesifiek deur genoemde meetinstrumente gemeet word nie.

Aangesien daar egter nie 'n gestandaardiseerde vraelys beskikbaar was wat aan die vereistes van die ondersoek voldoen het nie, was die ondersoeker genoodsaak om haar eie toepaslike vrae op te stel. Die vrae het kortliks die volgende faktore gedek:

- a) Persoonlike gegewens;
- b) Gesinsgegewens;
- c) Skolastiese en beroepsgegewens.

Op die vraelys is verskeie moontlike antwoorde ten opsigte van die biografiese vrae aangebring. Daar is van die proefpersone verwag om die toepaslike antwoorde self te merk. Om verwarring en onduidelikheid uit die weg te ruim, is elke item breedvoerig aan die proefpersone veduidelik alvorens hulle toegelaat is om die inligting te verstrek.

Die vraelys is deur die ondersoeker self nagesien, maar die statistiese verwerking is met behulp van die IBM 370-rekenaar van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO gedoen.

Verdere gegewens ten opsigte van elkeen van die proefpersone is bekom vanaf die proefpersoon se persoonlike lêer terwyl inligting ook van die proefpersone verkry is deur persoonlike onderhoude.

Gegewens wat verkry is, is waar moontlik geklassifiseer as "goed", "redelik" en "swak" of "gunstig" en "ongunstig". In enkele gevalle is bloot nominale waardes aan gegewens toegeken ten einde klassifikasie (en dus bespreking) moontlik te maak.

Die iteminhoud van die biografiese vraelys word vervolgens bespreek.

2.3.1.1 Persoonlike gegewens

1. Die proefpersone is ingedeel in die ouderdomsgroepering 20 tot 29, 30 tot 39 en 40 jaar en ouer. Hierdie gegewens word in Bylae A weergegee. Identifikasienommers 01 tot 09 dui die geweldenaars (eksperimentele groep) aan, terwyl 10 tot 18 weer die nie-geweldenaars (kontrolegroep) aandui.
2. Die huistaal van die proefpersone - Afrikaans of Engels - word ook in Bylae A aangedui.
3. Die huwelikstaat van die proefpersoon tydens die pleeg van die misdaad word beskryf as ongetroud, getroud, geskei of weduwee en word ook aangedui in Bylae A.

2.3.1.2 Gesinsgegewens

Hierdie gegewens word in Bylae B vervat. Die volgende kategorieë word gebruik.

1. Die geografiese gebied waaruit die proefpersoon afkomstig is.
'n Gebied word gesien as:

Plattelands: Al die landelike gebiede.

Stedelik: Groot stedelike gebiede wat die metropolitaanse gebiede van die betrokke stede omvat.

2. Die ouers se rolbetrokkenheid by die gesinslede. Dit word beskryf as:

Goed: Biologiese ouers woon saam.

Bevredigend: Inwoning by een ouer, ongeag die oorsaak van enkelouerskap.

Redelik: Inwoning by familie aan vader- of moederskant.

Swak: Is as sorgbehoewend verklaar en in pleegsorg geplaas.

3. Gegewens ten opsigte van ouerlike besluitneming. Die graad van besluitneming word omskryf as:

Goed: Ouers besluit gesamentlik oor sake rakende gesin.

Bevredigend: Net een ouer neem besluite omdat die ander party nie in staat is of toegelaat word om besluite te neem nie.

Redelik: Gesinslid soos oupa, ouma, broer of suster neem besluite.

Nie van toepassing: Instituutversorging

4. Gegewens ten opsigte van ouerlike versorging. Dit word beskryf as:

Goed: Konstante inwoning by ouers.

Swak: Tydperk van een jaar of langer uit die sorg van biologiese ouers voor die ouderdom van 16 jaar.

Nie van toepassing: Instituutversorging of pleegsorg.

5. Die moeder se lewenstaat tydens die ondersoek. Dit word omskryf as:

Bevredigend: Moeder leef nog.

Onbevredigend: Moeder is oorlede.

Nie van toepassing: Geen kennis aangaande moeder is beskikbaar nie.

6. Die ouderdom van die proefpersoon tydens die afsterwe van die moeder. Dit word soos volg ingedeel:

0 tot 5; 6 tot 10; 11 tot 16 en 16 jaar of ouer.

Nie van toepassing: Indien moeder nog leef, maar geen kennis aangaande moeder beskikbaar is nie of die subjek was in instituutversorging.

7. Die vader se lewenstaat tydens die ondersoek. Dit word omskryf as:

Bevredigend: Vader leef nog.

Onbevredigend: Vader is oorlede.

Nie van toepassing: Geen kennis aangaande vader is beskikbaar nie.

8. Die ouderdom van die proefpersoon tydens die afsterwe van die vader. Dit word soos volg ingedeel:

0 tot 5; 6 tot 10; 11 tot 16; en 16 jaar of ouer;

Nie van toepassing: Vader leef nog, maar geen kennis aangaande die vader is beskikbaar nie of die subjek was in instituutversorging.

9. 'n Persoonlike evaluering van ouers se huwelik. Dit word soos volg beskryf:

Goed: Waar verhouding tussen ouers normaal en gesond is, en gekenmerk word deur wedersydse vertrouwe, respek en aanvaarding.

Redelik: Gereelde konflik vind plaas tussen ouers maar die interaksie is nogtans van 'n bevredigende aard en die verhouding word nie gekenmerk deur vyandigheid nie.

Swak: Ouers tree afkeurend en onverskillig teenoor mekaar op en huweliksinteraksie word gekenmerk deur spanning en vyandigheid.

Nie van toepassing: Instituutversorging.

10. Die algemene finansiële omstandighede van die gesin word gemeet aan die mate van behoeftebevrediging. Die klassifikasie is as volg:

Goed: Die inkomste wat die gesin verdien het, voldoen aan die behoeftes van gesin.

Swak: Die inkomste wat die gesin verdien het, kon nie aan die behoeftes van gesin voldoen nie.

Nie van toepassing: Instituutversorging.

11. Buitenshuse arbeidsverrigtinge van moeder om 'n bydrae te lewer tot gesinsinkomste. Dit word omskryf as:

Geen: Buitenshuse arbeid is nie tydens die proefpersoon se kinderjare verrig nie.

Ja: Moeder het wel buitenshuise arbeid verrig tydens proefpersoon se kinderjare.

Nie van toepassing: Instituutversorging.

12. Asosiale wanaanpassings by ouers.' Dit word beskryf as:

Goed: Geeneen van die ouers het kriminele gedrag of sosiale wanaanpassing getoon nie.

Swak: Een of albei ouers het kriminele gedrag en/of sosiale wanaanpassing soos drankmisbruik, werkskuheid, seksuele losbandigheid, ensovoorts geopenbaar.

Nie van toepassing: Instituutversorging.

13. Ten einde 'n duidelike beeld van die dinamika van die gesin waar te neem, is die proefpersone se verhouding met die vader nagegaan. Die verhouding met die vader word beskryf as:

Goed: Die onderliggende verhouding tussen vader en dogter is gekenmerk deur wedersydse respek en aanvaarding en daar is positiewe interaksie tussen die partye.

Redelik: Gereelde konflik vind plaas tussen dié twee partye maar die interaksie is nogtans van 'n bevredigende aard.

Swak: Daar is geen respek of aanvaarding tussen vader en proefpersoon nie en die interaksie word gekenmerk deur spanning, konflik en vyandigheid of daar het 'n totale vervreemding tussen die partye plaasgevind.

Nie van toepassing: Instituutversorging.

14. Die gesinseenheid ten opsigte van proefpersone se verhouding met ander kinders. Dit word beskryf as:

Goed: Positiewe verbintenis met broer(s) en/of suster(s) en interverhoudings word gekenmerk deur hegtheid, begrip en wedersydse respek.

Redelik: Betreklieke stabiele interverhoudings maar lede is onbetrokke teenoor mekaar.

Swak: Losse interverhoudings tussen lede met min of geen gepaste gesinsintimiteit en 'n algehele gebrek aan hegtheid en begrip.

Nie van toepassing: Het nie saam met gesinslede grootgeword nie, of was die enigste kind.

15. Die vader se fisiese mishandeling van die moeder. Dit word beskryf as:

Gunstig: Moeder is nie fisies deur vader mishandel nie.

Ongunstig: Moeder is fisies deur vader mishandel.

Nie van toepassing: Instituutversorging of proefpersoon het geen kontak met ouers gehad nie.

16. Vader se fisiese mishandeling van die proefpersoon. Dit word beskryf as:

Gunstig: Is nooit deur vader mishandel nie.

Ongunstig: Is herhaaldelik fisies deur vader mishandel.

Nie van toepassing: Instituutversorging of proefpersoon het geen kontak met vader gehad nie.

17 Fisiese mishandeling van die proefpersoon deur haar eggenoot of mansvriend. Dit word beskryf as:

Gunstig: Nooit fisies mishandel deur man of mansvriend nie.

Ongunstig: Is fisies mishandel deur man of mansvriend.

Nie van toepassing: Het geen verhouding met mansvriende gehad nie of was nooit getroud nie.

2.3.1.3 Skolastiese en beroepsgegewens

Hierdie gegewens word in Bylae C weergegee. Die volgende kategorieë word gebruik:

1. Die hoogste opvoedkundige kwalifikasie wat die proefpersoon behaal het voor wetsbesteding. Dit word verdeel in:

Tesiêre onderwys.

Matriek.

St. 9 of laer.

2. Die ouderdom waartydens die proefpersoon die skool verlaat het. Dit word gegroepeer as:

Tussen 16 en 18 jaar.

Ouer as 18 jaar.

16 jaar of jonger.

3. Ten einde skolastiese vertraging te bepaal, is 'n opname gemaak van aantal skoolstanderds gedruip. Skoolsuksesse word beskou as

Goed: Geen standerd is gedruip nie.

Redelik: Een standerd gedruip.

Swak: Meer as een standaard gedruip.

4. Ten einde probleemgedrag van proefpersoon in die skool te bepaal, is stokkiesdraai op skool ontleed. Dit word beskou as

Goed: Waar sy haar aan geen stokkiesdraai skuldig gemaak het nie.

Swak: Waar sy haar aan stokkiesdraai skuldig maak.

5. Die rede vir stokkiesdraai. Dit word beskryf as:

Ongunstige huislike omstandighede.

Het skool nie as positief ervaar nie.

Invloed van die portuurgroep.

Nie skuldig gemaak aan stokkiesdraai nie.

6. Positiewe houding teenoor die skool is van die allergrootste belang vir sukses. Die teendeel hiervan mag lei tot swak skolastiese prestasies, persoonlikheids- en aanpassingsprobleme. Sosiale aanpassing en hantering van outoritêre gesag op skool kan bepaal of die kind in haar latere lewe aanpasbaar sal wees. In Bylaag C word ook die ervaring van onregverdigte behandeling deur onderwysers aangetoon en beskryf as:

Bevredigend: Proefpersoon voel dat sy nooit onregverdig behandel is deur onderwysers nie.

Redelik: Daar is met tye teen haar gediskrimineer.

Onbevredigend: Daar is konstant teen haar gediskrimineer.

7. 'n Indeling van proefpersoon se ouderdom tydens aanvaarding van eerste betrekking. Dit word gegroepeer as:

16 jaar en jonger.

17 tot 18 jaar.

Ouer as 18 jaar.

8. Ten einde te bepaal of proefpersoon die eise en verantwoordelikheid van 'n beroep kan hanteer, word die tydsduur van die eerste betrekking ook bepaal. Dit word beskryf as:

Gunstig: drie jaar of meer.

Redelik: twee tot drie jaar.

Ongunstig: een jaar of minder.

9. Werklooshied kan 'n dehumaniserende effek op 'n persoon hê wat haar selfbeeld mag verlaag. Om dit te kan bepaal is 'n vraag oor die tydperk van werkloosheid ook in die vraelys ingesluit. Dit word beskou as:

Gunstig: Was nooit werkloos nie.

Ongunstig: Was wel tyd of tye van werkloosheid.

Nie van toepassing: Het nooit tot die arbeidsmark toegetree nie.

10 Ten einde 'n verdere bepaling van die aanvaarding van outoriteit deur die proefpersone te maak word outoriteit in werksituasie ontleed. Dit word beskou as:

Gunstig: Outoriteit in werksituasie is aanvaar.

Ongunstig: Kon nie die outoriteit in werksituasie suksesvol hanteer het nie.

Nie van toepassing: Het nooit tot die arbeidsmark toegetree nie.

2.3.2 Intellektuele vermoë

2.3.2.1 Die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal vir volwassenes (hierna genoem die Wechsler).

Die IK-tellings op die Wechsler behaal, word in Bylae D aangedui.

2.3.2.1.1 Beskrywing

Met behulp van 'n aantal verbale en nie-verbale subtoetse word die proefpersoon gekonfronteer met 'n verskeidenheid probleme wat sy dan na die beste van haar vermoë moet hanteer. Die toets is primêr gekonstrueer met die oog op die meting van intellektuele vermoë. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat David Wechsler (1944) intelligensie in sy breedste verband vertolk. Wechsler (1944:3) beskryf intelligensie soos volg: "Intelligence is the aggregate or global capacity of the individual to act purposefully, to think rationally and to deal effectively with his environment." Die Wechsler kan dus ook gesien word as 'n steekproef van die persoon se totale gedrag en kan daarom ook van wyere diagnostiese waarde wees.

Die Wechsler bestaan uit twee primêre afdelings, naamlik verbaal en nie-verbaal. Eersgenoemde afdeling bestaan uit ses subtoetse en laasgenoemde afdeling uit vyf subtoetse. Die handleiding word deurgaans benodig, onder andere wat betref toetsinstruksies, tydbeperinge en interpretasie van onverwerkte tellings. Die toets word individueel afgeneem nadat daar aan die proefpersoon verduidelik is wat van haar verwag word.

Hierdie individuele skaal is vir Suid-Afrikaanse toestande aangepas deur die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN) en is in 1962 vrygestel.

2.3.2.1.2 Betroubaarheid en geldigheid

Wechsler self (1944) verstrek die volgende besonderhede: met behulp van die toets-hertoetsmetode en met behulp van die verdeelde-helfte-metode is die koëffisiënt van interne konsistensie bereken op 0,90. Anastasi (1961) meld dat in die

betroubaarheidstoetsing 'n betroubaarheidsyfer van 0,97 verkry is met behulp van die parallelle-vorm-metode.

Onderzoek na die geldigheid van die toets is deur Wechsler self onderneem (Wechsler, 1944). As eksterne kriterium is die Stanford-Binet-intelligensieskaal gebruik. 'n Geldigheidsyfer van 0,82 is verkry. Die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing het met groot omsigtigheid die Wechsler vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas sonder om afbreuk te doen aan die bewese geldigheid van die toets. Na 'n omvattende evaluerende ondersoek wat veral gerig was op die geldigheid van die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal vir volwassenes, het Liddicoat en Roberts (1962) tot die konklusie gekom dat dit 'n waardevolle instrument is.

2.3.2.1.3 Motivering vir insluiting

Aangesien die ondersoeker reeds 'n volledige battery persoonlikheidstoetse gebruik, is die Wechsler nie gebruik om diagnostiese data mee in te samel nie. Die Wechsler is dus net gebruik om die proefpersone se intellektuele vermoë mee te bepaal.

Die intellektuele vermoë van 'n mens maak 'n integrale deel uit van sy of haar totale persoonlikheidsfungering. Waar dit dus in hierdie ondersoek gaan om 'n ondersoek na die persoonlikheidsbeeld van die gewelddadige vrou, sou die beeld onvolledig wees indien 'n bepaling van die intellektuele vermoë agterweë sou bly.

2.3.3 Persoonlikheidsevaluering

2.3.3.1 Die Groeppersoonlikheidsprojeksietoets (hierna genoem die GPPT)

In Bylae E is die roupunttellings vervat. Die verwerkte T-tellings, bereken volgens die normtabelle vir oortreders en gevangenes word in Bylae F aangedui, terwyl in Bylae G die verwerkte T-tellings, bereken volgens die normtabelle vir normale persone, aangedui

word. Die volgende beskrywing van die GPPT is, tensy anders gemeld, ontleen aan Cassel en Kahn (1958 en 1961).

2.3.3.1.1 Beskrywing

Die GPPT is 'n vertaling van die Group Personality Projective Test deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir gebruik in die Republiek van Suid-Afrika. Die toets bestaan uit 90 stokfigure of -tekeninge. Elke figuur of tekening het vyf alterntiewe beskrywings waarvan die toetsling een moet kies. Die figure beeld 'n groot verskeidenheid lewensaktiwiteite uit die daaglikse lewe uit en die minimale situasiestrukturering daarvan maak dit moontlik dat sekere psigologiese behoeftes wat ten tyde van die toetsing by die toetsling bestaan, weergegee kan word.

Daar is geen tydsbeperking vir die toets nie. Dit neem ongeveer 40 minute om te beantwoord. Die GPPT kan individueel of groepsgewys toegepas word en is geskik vir persone van 11 jaar en ouer. Tellings behaal tussen 40 en 60 word as 'normaal' beskou.

Die GPPT-resultate word op ses deel- of skaaltellings bereken. Dié ses tellings is die volgende:

1. Spanning

Dit dui op die mate of graad van psigiese spanning in 'n persoon teenwoordig.

2. Hulpverlening

Dit dui op die graad waarin die toetsling hom aan die groepnorme steur naamlik die mate waartoe ander ondersteun moet word.

3. Onttrekking

Hierdie skaal dui op die behoefte om aan groepaktiwiteite te ontsnap of daarvan weg te kom of om persoonlike en sosiale verantwoordelikheid te ontduik.

4. Neurotisme

Die skaal verteenwoordig 'n behoefte om nie tot 'n besluit te kom nie of die onvermoë om betyds tot 'n besluit te kom.

5. Affiliasie

Hierdie skaal dui op die behoefte aan groeplidmaatskap en aan aktiwiteite wat intimiteit met lede van die teenoorgestelde geslag inhou.

6. Afhanklikheid

Dit dui op die behoefte om hulp te soek en die algemeenheid van wantroue in ander persone.

Die totaalstelling gee 'n algehele aanduiding van die geestesgesondheid en persoonlike aanpassing van die toetsling asook sy geneigdheid tot oortredings- en psigiatriese gedrag.

Hand- en masjiennasien is moontlik met behulp van sewe nasienmaskers of -sleutels. Daar is vier normtabelle vir persone van 11 jaar en ouer, naamlik:

- a) neuropsigiatriese pasiënte;
- b) Spaans-Amerikaners;
- c) oortreders en gevangenes;
- d) normale persone.

Vir die huidige ondersoek is net van norme c en d gebruik gemaak.

2.3.3.1.2 Betroubaarheid en geldigheid

Die hertoetsbetroubaarheidskoeffisiënte vir vyf van die deeltellings (spanning uitgesluit) is bokant 0,500, met mediane wat wissel van 0,567 tot 0,678. Die halfverdelingsbetroubaarheidskoeffisiënte wissel van 0,250 tot 0,810, met 'n gemiddelde van ongeveer 0,400. Vir die totaalstelling is die betroubaarheidskoeffisiënt deurgaans 0,600 (met die uitsondering van die halfverdelingsmetode waar dit vir die psigiatriese pasiënte 0,588 is).

Die Geldigheid van die GPPT is bepaal deur kruisvalideringsondersoeke en dit blyk dat die GPPT gunstig onderskei tussen die vier normgroepe. Die effek wat oefening kan uitoefen op die toets, is tot 'n minimum beperk deurdat 'n groot getal figure en verskillende omskrywings daarin opgeneem is.

2.3.3.1.3 Motivering vir insluiting

Die GPPT bied mens die geleentheid om patologiese persoonlikheidspatrone by 'n toetsling op 'n vinnige en effektiewe wyse vas te stel. Vir hierdie ondersoek is die GPPT van besondere belang aangesien dit vir jeugoortredes en gevangenes gestandaardiseer is.

Kritiek dat die GPPT nog nie vir 'n Suid-Afrikaanse steekproef gestandaardiseer is nie, is nie geldig nie aangesien kultuurverskille weinig invloed het op die toets (Louw, 1983).

2.3.3.2 Die Sestien-persoonlikheidsfaktorvraelys (hierna genoem die 16-PF)

In Bylae H word die tellings op die 16-PF weergegee. Die stiene bereken uit die roupunttellings in Bylae H, word in Bylae I aangedui.

2.3.3.2.1 Beskrywing

Persoonlikheidsvraelyste is oorspronklik daargestel as 'n hulpmiddel by die meer tydrowende kliniese onderhoud. Dit is dus 'n tegniek of metode om binne 'n relatief kort tydsbestek belangrike informasie rakende persoonlikheidsamestelling en -fungering van 'n toetsling te bekom.

Na meer as 20 jaar van intensiewe navorsing deur Raymond B. Cattell en sy medewerkers is die 16-PF in 1949 opgestel. 16 persoonlikheidsdimensies word in hierdie vraelys gedek. Hierdie dimensies het ontstaan deur faktor-analitiese navorsing op sowel normale as kliniese groepe. Van die 16 dimensies of faktore verklaar Cattell en Eber (1961:3): "The personality factors measured are not just peculiar to the 16-PF Test. They have been established as unitary psychologically-meaningful entities in many researches in various life situations. They enter into general psychological theory and into tests used at other stages and in other cultures".

In hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van Vorm A van die 16-PF. Hierdie vorm bestaan uit 187 vrae en 10 tot 13 items vir elk van die 16 faktore. Die proefpersoon het 'n keuse van drie alternatiewe antwoorde by elke vraag: "ja", "nee" en "onseker". In die instruksies van die vraelys word die toetsling gevra om so min as moontlik van die "onseker"-antwoord gebruik te maak. 'n Puntetoekenning van 0, 1 of 2 word vir elke vraag toegeken behalwe by Faktor B (Intellektuele Vermoë) waar slegs 'n 0 (verkeerd) of 1 (korrek) toegeken word.

Geen tydsbeperking word gestel by die afneem van die vraelys nie, maar daar word van die proefpersoon verwag om die vraelys in ongeveer 45 tot 60 minute te voltooi. Die vrae is só saamgestel dat dit die volgende sestien persoonlikheidsvelde dek:

- A: Sosialiteit (Teruggetrokke teenoor Hartlik)
- B: Intellektuele vermoë (Lae Intelligensie teenoor Hoë Intelligensie)
- C: Emosionele stabiliteit (Emosionele onstabiliteit teenoor Emosionele Stabiliteit)

- E: Selfstandigheidsvlak (Onderdanig teenoor Selfgeldend)
- F: Sorgvryheid (Soberheid teenoor Sorgloosheid)
- G: Pligsgetrouheid (Laer Superegosterkte teenoor Hoër Superegosterkte)
- H: Avontuurlustig (Skugter teenoor Sosiaal vrypostig)
- I: Emosionele Gevoeligheid (Gehardheid teenoor Emosionele gevoeligheid)
- L: Agterdogtigheid (Geborge teenoor Agterdogtig)
- M: Verbeeldingrykheid (Prakties georiënteerd teenoor Introversief verstrooid)
- N: Skerpsinnigheid (Naiwiteit teenoor skerpsinnigheid)
- O: Skuldgeneigdhed (Selfversekerd teenoor geneig tot skuldgevoelens)
- Q₁: Radikalisme (Konserwatief teenoor Ondersoekend)
- Q₂: Selfgenoegsaamheid (Groepsafhanklik teenoor selfgenoegsaam)
- Q₃: Selfbeheersing (Ongeërg teenoor Sosiaal beheers)
- Q₄: Angsvlak (Ontspanne teenoor Gespanne)

2.3.3.2.2 Betroubaarheid en geldigheid

Toets-hertoetsbetroubaarheidskoeffisiënte wat bereken is na 'n tydsverloop van vier tot sewe dae wissel van 0,58 vir Faktor B tot 0,83 vir Faktor H. Cattell et al. (1970) meld verder dat die stabiliteitskoeffisiënte, wat bereken is na 'n tydsverloop van twee maande, gewissel het van 0,63 vir Faktor B tot 0,88 vir Faktor H.

Genoemde syfers, soos verstrekk deur die toetsopstellers self, dui bepaald daarop dat die toetsbetroubaarheid van die 16-PF bo alle verdenking staan. Hierdie stelling word ook ondersteun deur Edwards (1970), Kline (1973) en Wiggins (1973).

Die toetsopstellers se doel was om 'n geldige meting van die basiese persoonlikheid saam te stel. Daar is gepoog om kontaminerende invloede deur eksterne veranderlikes tot 'n minimum te beperk en voorsiening is gemaak vir interne korrelasies. Die geldigheid van die verskillende persoonlikheidsfaktore is afsonderlik bereken. Cattell et al. (1970) het konsepgeldigheidskoëffisiënte verkry wat varieer van 0,53 (Faktor B) tot 0,94 (Faktor H). Wiggins (1973) slaan die geldigheid van die 16-PF besonder hoog aan.

2.3.3.2.3 Motivering vir insluiting

Die doelstelling van hierdie ondersoek is om 'n persoonlikheidsbeeld van die gewelddadige vrou daar te stel. Die 16-PF is geskik hiervoor aangesien dit 'n omvattende dekking van 'n groot aantal persoonlikheidsdimensies gee. Dit is dus voor die hand liggend dat alle fasette en nuanses van die persoonlikheidsamestelling en -fungering van die proefpersoon so breed en diep as moontlik ondersoek sal word.

Dié vraelys is 'n funksionele meting van persoonlikheid aangesien hierdie skaal van persoonlikheidsmeting nie op 'n subjektiewe wyse gekonstrueer is nie. Dit bied data van georganiseerde, geïntegreerde aard sodat die 16-PF direkte toepassingsvelde het. In dié verband skryf die outeurs "...because it deals with such basic personality concepts, the measurements become increasingly relatable to an organized and integral body of practical and theoretical knowledge in die clinical, educational, industrial and basic research field" (Cattell et al., 1970:5).

2.4 TOETSGEDRAG EN MATE VAN BETROKKENHEID AAN DIE KANT VAN DIE PROEFPERSONE

Nadat die ondersoeker die seleksie van proefpersone gemaak het, is almal bymekaar geroep en van die ondersoek vertel. Dit is duidelik aan die proefpersone gestel dat hulle vrywillig aan die navorsing deelneem. Geeneen van die proefpersone wat genader is, het samewerking geweier nie. Die reaksie van die proefpersone was bo verwagting goed. Die ondersoeker het geantisipeer dat daar 'n mate van skuheid, gereserveerdheid en terugdeinsing vanaf die proefpersone kan kom, maar die teendeel is tydens die ondersoek bevind.

Die proefpersone bly deurgaans in die ondersoek anoniem en daar is slegs kodenommers aan hul toegeken.

2.5 STATISTIESE VERWERKING VAN RESULTATE

Vir die statistiese verwerking van die resultate is daar gebruik gemaak van 'n nie-parametriese tegniek, die Wilcoxon-eensteekproeftoets aangesien daar 'n vergelyking gemaak word tussen 'n studiepulasie en 'n steekproef.

Die verwerking van die gegewens van die biografiese vraelys, die Wechsler, die GPPT asook die 16-PF is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gedoen. Vir die statistiese verwerking is gebruik gemaak van die BMDP-programpakke (hersieningsdatum Oktober 1983) wat ontwikkel is deur die Health Science Computing Facility (HSCF) van die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles (Dixon, 1981; Keselman en Rogan, 1977). Die HSCF word geborg deur die NIH Special Research Grant RP-3. die volgende programme is gebruik, na gelang van die tegnieke benodig:

- 1) die BMDP 1D vir die berekening van Wilcoxontoets;
- 2) die BMDP 4F vir die frekwensietabelle.

Die 5%-peil is vooraf as maatstaf van beduidendheid vir al die berekenings gestel (Guilford, 1965; Siegel, 1956).

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het die bespreking gegaan om die metode van ondersoek. Die aspekte waaraan veral aandag gegee is, is as volg:

Eerstens word die belangrikheid van die eksperimentele ontwerp bespreek met die klem op die vergelykende metode wat in hierdie studie gebruik word.

Tweedens is aandag gegee aan die blanke gewelddadige vroulike gevangenes (die eksperimentele groep) en blanke nie-gewelddadige vroulike gevangenes (die kontrole groep). Die proefpersone was almal van Kroonstad-gevangenis. 'n Totaal van 18 proefpersone is gebruik.

Derdens is 'n uiteensetting gegee van die meetinstrumente. 'n Biografiese vraelys word gebruik om inligting te bekom aangaande kriminogene, sosiale en psigologiese faktore wat nie spesifiek deur die ander meetinstrumente uitgelig word nie. Die Wechsler word gebruik om die intelligensievlak van proefpersone mee te bepaal. Die GPPT word gebruik om te bepaal of daar enige patologiese patrone by proefpersone is terwyl die 16-PF gebruik word om die persoonlikheidsbeeld van die proefpersone vas te stel. In die geheel gesien, beantwoord hierdie toetsbattery aan die vereiste vir 'n wetenskaplik-gefundeerde ondersoek.

Vierdens het 'n kort bespreking oor die houding van proefpersone en die statistiese verwerking van resultate gevolg.

HOOFSTUK 3

BESPREKING VAN DIE TOETSRESULTATE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van die navorsingsresultate wat verkry is met die meetinstrumente. Ten einde die doelstellings van die ondersoek te verwesenlik, het die ondersoeker van die volgende stappe gebruik gemaak:

- a) 'n Vergelyking van die blanke vroulike geweldenaars en blanke vroulike nie-geweldenaars aan die hand van statistiese metodes ten einde beduidendheid van verskille en tendense al dan nie te bepaal.
- b) 'n Bespreking van die resultate met die doel om te bepaal waarop dit mag dui, wat dit beteken en watter afleidings en verklarings daaruit gemaak kan word.

Ten einde die sistematiek deurgaans te behou, sal die meetinstrumente se resultate soos volg bespreek word:

- i) Die Biografiese Gegewens
- ii) Die Wechsler
- iii) Die GPPT
- iv) Die 16-PF

3.1.1 Kriteria vir verskil

Om te bepaal in watter mate die blanke gewelddadige vroue en die blanke nie-gewelddadige vroue van mekaar verskil, is die volgende kriteria vir verskil vir die onderhawige ondersoek aanvaar:

- * Aangesien die biografiese gegewens (persoons-, gesins-, skolastiese en beroepsgegewens) nie op 'n statisties beduidende skaal ondersoek is nie, is dit nie moontlik om 'n hipotese daar te stel en dus eiesoortigheid te bepaal nie. In dié geval sal die gegewens dus net in terme van neigings bespreek word.
- * Intellektuele vermoë. 'n Verbale, praktiese en totale IK-verskil op die Wechsler. Die 16-PF se verbale skaal (Faktor B) sal bloot gebruik word ter ondersteuning van die Wechsler omdat dit 'n goeie aanduiding gee van moontlike intellektuele blokkasie wat die proefpersone se prestasie op die Wechsler negatief kan raak.
- * Persoonlikheidsevaluering. Vir die twee persoonlikheidstoetse is daar vooraf, as 'n aanduiding van verskil tussen die twee ondersoekgroepe, drie of meer en vyf of meer beduidende persoonlikheidsverskille vir die GPPT en die 16-PF onderskeidelik gestel. Deur sodanige kriteria daar te stel, is daar voorkom dat daar op grond van 'n enkele persoonlikheidsverskil eensydig en blindelings tussen die twee groepe gedifferensieer word en dat daar dus ten opsigte van die blanke vroulike gewelenaar foutiewe afleidings en veralgemenings gemaak word.

3.2 DIE BIOGRAFIESE GEGEWENS

Die resultate van die biografiese gegewens word onder die volgende drie opskrifte bespreek:

1. Persoonlike gegewens
2. Gesinsgegewens
3. Skolastiese en beroepsgegewens

3.2.1 Persoonlike gegewens

Gegewens in dié verband sal slegs kortliks aandag geniet en moet primêr beskou word as agtergrondsinsligting wat dien ter voltooiing van die geheelbeeld.

Die gegewens uit die vraelyste van die proefpersone met 'n indeksbeskrywing word in Bylae A gevind.

Agtergrondsinsligting aangaande die proefpersone se ouderdom, huistaal en huwelikstaat word onder persoonlike gegewens bespreek.

3.2.1.1 Bespreking van resultate

1. In tabel 3.1 word die ouderdomsgroepering van die gewelddenaars en nie-gewelddenaars aangedui.

TABEL 3.1 Verskille ten opsigte van ouderdomsgroepering tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	20-29 jaar	30-39 jaar	40 jaar en ouer	Totaal
Gewelddenaars	1	3	5	9
Nie-gewelddenaars	5	2	2	9
TOTAAL	6	5	7	18

Van die gewelddenaars of eksperimentele groep was 55,6% ouer as 40 jaar, 33,4% ouer as 30 jaar en 11,2% ouer as 20 jaar. Die afleiding kan dus gemaak word dat meer as die helfte van die eksperimentele groep bo 40 jaar is en dat die laagste voorkomssyfer van geweld by die groep tussen 20 en 29 jaar aangetref word.

Die teenoorgestelde blyk te geld vir die nie-geweldenaars of kontrolegroep. Hier is die hoogste persentasie binne die groep van 20 tot 29 jaar gevind (55,6%). Die groepe 30 tot 39 en 40 jaar en ouer het elk 'n voorkomssyfer van 22,4% behaal.

Uit bogenoemde gegewens lyk dit asof geweldsmisdaad meer by die ouer vrou voorkom en dat dit 'n skaars verskynsel is by die jong vrou.

2. Die verskil in huistaal tussen die geweldenaarsgroep en die nie-geweldenaarsgroep word in tabel 3.2 aangetoon.

TABEL 3.2 Verskille ten opsigte van huistaal tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Afrikaans	Engels	Totaal
Geweldenaars	8	1	9
Nie-geweldenaars	7	2	9
TOTAAL	15	3	18

Die huistaal was by die geweldenaarsgroep sowel as by die nie-geweldenaarsgroep oorwegend Afrikaans. Uit die eksperimentele groep was net een proefpersoon Engels. Twee proefpersone in die kontrolegroep was Engels.

Alhoewel dit wil voorkom asof die blanke Afrikaanssprekende vrou meer neig tot misdaad in die algemeen, moet daar egter gewaak word teen 'n eensydige mening.

Eerstens word daar gekyk na die bevolkingsverband tussen blanke Afrikaanssprekende vroue teenoor blanke Engelssprekende vroue in Suid-Afrika. Volgens die Departement van Statistiek (Bevolkingsensus, 1982) is die verhouding Afrikaans: Engels 1,441:1 vir die algemene

bevolking. Uit die voorafgaande kan daar dus tog die afleiding gemaak word dat die blanke Afrikaanssprekende vrou meer tot misdaad in die algemeen of tot gewelddsmisdaad geneig is, veral as daar gelet word op die feit dat die verhouding tussen blanke Afrikaanssprekende en blanke Engelssprekende vrouegevangenes in hierdie ondersoek so hoog as 5:1 skyn te wees.

Globaal gesien, kan daar dus tog 'n taalkonnotasie aan gewelddsmisdaad of misdaad in die algemeen in hierdie ondersoek geheg word.

3. Die verskil in huwelikstaat tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars word in tabel 3.3 aangetoon

TABEL 3.3 Verskille in huwelikstaat tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Onge= troud	Getroud	Geskei	Weduwee	Totaal
Geweldenaars	3	3	0	3	9
Nie-geweldenaars	5	2	2	0	9
TOTAAL	8	5	2	3	18

By die eksperimentele groep is daar 'n gelykop verdeling van drie elk tussen ongetroudes, getroudes en weduwees. Daar was geen proefpersoon van die eksperimentele groep wat geskei was nie. As sodanig is daar dus geen verskil in die huwelikstaat van die eksperimentele groep nie.

By die kontrolegroep was vyf (55,6%) ongetroud, twee (22,2%) getroud en twee (22,2%) geskei. Geeneen van die kontrolegroep was 'n weduwee nie, terwyl meer as die helfte van die kontrolegroep ongetroud was.

Die rede hiervoor mag wees dat meer as die helfte van die kontrolegroep in die ouderdomsgroep 20 tot 29 jaar val (tabel 3.1).

Uit die ondersoek blyk dit dus dat die ongetroude vrou meer daartoe neig om haar skuldig te maak aan nie-geweldsmisdade as aan geweldsmisdade.

Die bevinding stem ooreen met die bevinding van Rans (1978) wat bevind het dat daar 'n hoër frekwensie van nie-geweldsmisdade by die ongetroude en geskeide vrou is. In die huidige ondersoek was sewe van die nege nie-gewelddadige vroulike misdadigers ongetroud of geskei.

3.2.2 Gesinsgegewens

Die gesin is die belangrikste sosiale omgewing waarin 'n kind hom of haar bevind. Dit word allerweë erken dat 'n negatiewe gesinsdinamika 'n prominente rol in die etiologie van misdaad speel. So beskou Fromm (1960:245) die gesin as "...the psychological agent of society". Mannheim (1973:608) weer, beklemtoon die belangrikheid van die gesin deur die gesin as 'n "...unique force in the life of the individual, potentially determining the course of his whole life for good or evil" te beskryf. Indien die gesin nie aan die behoeftes van die kind kan voldoen nie, mag dit gebeur dat die kind nie maksimaal kan funksioneer nie. Hierdie wanfunksionering kan in die vorm van wangedrag geopenbaar word.

Om te bepaal of die gesinslewe van albei groepe kriminogene betekenis inhou, sal die resultate van die vraelys aangaande hierdie aspek bespreek word. Die indeksbeskrywing aangaande die gesinslewe van die proefpersone word in Bylae B saam met die onverwerkte data van die proefpersone aangetoon.

3.2.2.1 Bespreking van resultate

1. In tabel 3.4 word die gebied van herkoms bepaal soos in Bylae B, weergegee.

TABEL 3.4 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die gebied van herkoms

Groep	Platteland	Stedelik	Totaal
Geweldenaars	5	4	9
Nie-geweldenaars	3	6	9
TOTAAL	8	10	18

Volgens tabel 3.4 is daar geen duidelike verskil tussen plattelands of stedelik by die geweldenaars nie.

By die nie-geweldenaarsgroep is daar wel 'n definitiewe verskil, aangesien dit blyk dat 66,6% van hulle van 'n stedelike teenoor 33,3% van 'n plattelandse afkoms was.

Daar is dus 'n verskil in stedelike herkoms tussen die nie-geweldenaars en geweldenaars aangesien meer as die helfte van die nie-geweldenaarsgroep (66,6%) van stedelike herkoms is terwyl minder as die helfte van die geweldenaarsgroep (44,4%) van stedelike herkoms is.

2. Verskille binne die eksperimentele groep sowel as die kontrolegroep ten opsigte van die gesin van oorsprong word in tabel 3.5 weergegee.

TABEL 3.5 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van inwoning by gesin van oorsprong

Groep	Albei biolo= giese ouers	Een biolo= giese ouer	Familie	Pleeg= sorg	Totaal
Geweldenaars	4	3	2	0	9
Nie-geweldenaars	5	1	1	2	9
TOTAAL	9	4	3	2	18

By die eksperimentele groep het 44,4% by albei hul biologiese ouers ingewoon terwyl geeneen van hierdie groep in pleegsorg was nie. Inwoning by een biologiese ouer het by 33,4% van die eksperimentle groep voorgekom. 22,2% het by familie ingewoon. Van die eksperimentele groep het 77,8% dus by albei of een biologiese ouer(s) ingewoon.

By die kontrolegroep het meer as die helfte (55,6%) by albei biologiese ouers ingewoon. Net 11,2% het by een biologiese ouer ingewoon. 'n Verdere 22,4% was in pleegsorg en 11,2% het by familie ingewoon.

Alhoewel daar 'n neiging is dat meer proefpersone van die eksperimentele groep by albei biologiese ouers ingewoon het in vergelyking met die kontrolegroep, was 22,4% van die kontrolegroep in pleegsorg teenoor geeneen van die eksperimentele groep nie.

'n Onderzoek deur Glueck en Glueck (1971) met 500 misdadige meisies het aan die lig gebring dat 68,7% gedurende hul kinderjare by albei ouers gewoon het, 12% by een ouer en 9,1% by een ouer en 'n stiefouer. 8% het meer as die helfte van hul kinderjare by families gewoon en net 1,2% het meer as die helfte van hul kinderjare in kinderhuise gewoon. Dit sluit aan by die huidige ondersoek waar die helfte (9) van die 18 proefpersone by hul biologiese ouers ingewoon het.

3. Verskille tussen geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van wie besluite geneem het in die ouerhuis, word in tabel 3.6 weergegee.

TABEL 3.6 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van besluitneming by die ouerhuis

Groep	Instituut= versorg- ing	Albei ouers	'n Ouer	Familie= lid	Totaal
Geweldenaars	0	1	7	1	9
Nie-geweldenaars	1	2	3	3	9
TOTAAL	1	3	10	4	18

By die geweldenaarsgroep is daar 'n neiging dat by 77,8% van die groep net een ouer die besluite geneem het in die huis. In net 11,2% van die groep (een proefpersoon se gesin) het albei ouers besluite geneem. Dit is dus duidelik uit tabel 3.6 dat meer proefpersone in die geweldenaarsgroep as nie-geweldenaarsgroep afkomstig is uit 'n gesin waar 'n enkele ouer die besluite geneem het.

4. Die verskille tussen geweldenaars (eksperimentele groep) en nie-geweldenaars (kontrolegroep) met betrekking tot konstante inwoning by ouers word in tabel 3.7 aangetoon.

TABEL 3.7 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van inwoning

Groep	Instituut= versorging	Konstante inwoning	Nie-konstante inwoning	Totaal
Geweldenaars	0	5	4	9
Nie-gewel= denaars	1	7	1	9
TOTAAL	1	12	5	18

By die eksperimentele groep het 55,6% konstant by hulle ouers gewoon terwyl 77,8% van die kontrolegroep konstant by hulle ouers ingewoon het.

Alhoewel dit wil voorkom asof meer proefpersone in die kontrolegroep as in die eksperimentele groep konstant ingewoon het by hulle ouers, blyk die verskil nie duidelik genoeg te wees nie. Gesamentlik het 12 van die 18 proefpersone konstant by hulle ouers ingewoon.

5. In tabel 3.8 word die moeder se lewenstaat aangedui.

TABEL 3.8 Verskille in die moeder se lewenstaat tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Geen kennis	Moeder oorlede	Moeder leef	Totaal
Geweldenaars	1	5	3	9
Nie-geweldenaars	1	2	6	9
TOTAAL	2	7	9	18

Dit blyk uit tabel 3.8 dat meer as die helfte van die eksperimentele groep se moeders oorlede is (55,6%) terwyl net 22,3% van die kontrolegroep se moeders oorlede is.

'n Tendens dat meer as die helfte van die eksperimentele groep hulle moeders op een of ander stadium in hul lewe verloor het, word gevind. Hierteenoor leef meer as die helfte van die kontrolegroep se moeders nog.

6. Die ouderdom van die proefpersone tydens afsterwe van die moeder word in tabel 3.9 aangedui.

TABEL 3.9 Verskille in ouderdom van die eksperimentele- en kontrolegroep tydens afsterwe van moeder

Groep	0-5 jaar	6-10 jaar	11-16 jaar	16 jaar en ouer	Moeder leef of geen kennis	Totaal
Geweldenaars	0	0	0	5	4	9
Nie-gewel- denaars	0	0	1	1	7	9
TOTAAL	0	0	1	6	11	18

Daar is bevind dat al die eksperimentele proefpersone wie se moeders oorlede is, 16 jaar of ouer was tydens die afsterwe van hul moeders.

By die kontrolegroep was een proefpersoon tussen 11 en 16 jaar oud terwyl die ander een 16 jaar of ouer was met die afsterwe van hulle moeders.

Moederdeprivasie soos gesien deur Bowlby (1964) kon dus nie so 'n traumatiese effek op die proefpersone gehad het nie, aangesien Bowlby die eerste lewensjaar as fundamenteel beskou vir moederlike kontak.

7. Verskille tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep in die lewensstaat van die vader word in tabel 3.10 aangetoon.

TABEL 3.10 Verskille in die vader se lewenstaat tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Vader oorlede	Vader leef nog	Totaal
Geweldenaars	5	4	9
Nie-geweldenaars	6	3	9
TOTAAL	11	7	18

Meer as die helfte (55,6%) van die eksperimentele groep (geweldenaars) se vaders is oorlede terwyl 66% van die kontrolegroep (nie-geweldenaars) se vaders oorlede is. Dit blyk dat meer as die helfte van die proefpersone van beide ondersoekgroepe se vaders reeds oorlede is. Daar bestaan dus geen duidelike verskil tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep in die lewenstaat van die vaders nie.

3.11 Die ouderdom van die proefpersone tydens die afsterwe van die vaders word in tabel 3.11 aangetoon.

TABEL 3.11 Verskille in ouderdom van die eksperimentele en kontrolegroep tydens afsterwe van die vader

Groep	0-5 jaar	6-10 jaar	11-16 jaar	16 jaar of ouer	Vader leef of geen kennis	Totaal
Geweldenaars	0	0	0	5	4	9
Nie-gewel- denaars	1	0	0	5	3	9
TOTAAL	1	0	0	10	7	18

Daar is bevind dat al die geweldenaars 16 jaar of ouer was tydens die afsterwe van hul vaders. By die nie-geweldenaars was vyf 16 jaar of ouer met die afsterwe van hul vaders. Daar is dus geen duidelike verskil tussen die ouderdomme van die eksperimentele groep en kontrolegroep tydens die afsterwe van hul vaders nie.

9 Die verskille tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van hulle evaluering van hulle ouers se huwelik word in tabel 3.12 aangetoon.

TABEL 3.12 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die evaluering van ouers se huwelik

Groep	Goeie huweliksverhouding	Redelike huweliksproblematiek	Swak huweliksverhouding	Instigtelike tuisverworsing	Totaal
Geweldenaars	3	2	4	0	9
Nie-geweldenaars	5	1	2	1	9
TOTAAL	7	3	6	1	18

'n Huweliksverhouding by ouers wat erge problematiek inhoud, is by 44,2% van die geweldenaars gevind. Geringe huweliksproblematiek by ouers het by twee van die geweldenaars voorgekom (22,2%).

Hierteenoor het 22,2% van die nie-geweldenaars hul ouers se huweliksverhouding as swak beskou, terwyl 11,2% die huweliksverhouding as redelik beskou het.

Uit tabel 3.12 kan afgelei word dat -

- a) die helfte van die proefpersone van beide ondersoekgroepe hul ouers se huwelik as problematies beskou het; en
 - b) dat huweliksproblematiek veel meer by die vroulike geweldenaar se ouers as by die kontrolegroep s'n voorgekom het (4:2).
- 10 Die verskille in die finansiële omstandighede van die huisgesin tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars word in tabel 3.13 weergegee.

TABEL 3.13 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die finansiële omstandighede van die gesin

Groep	Bevredigende inkomste	Swak inkomste	Totaal
Geweldenaars	6	3	9
Nie-geweldenaars	4	5	9
TOTAAL	10	8	18

Meer as die helfte van die geweldenaars (66,8%) se gesinsinkomste het voldoen aan die behoeftes van die gesin. Die oorblywende derde (33,2%) se gesinsinkomste was swak.

By die nie-geweldenaars is gevind dat daar 'n meer eweredige verspreiding is tussen 'n bevredigende inkomste en swak inkomste (44,4:55,6).

Gesamentlik blyk dit dus dat die geweldenaars se gesinsinkomste meer bevredigend was as dié van die nie-geweldenaars, maar geen duidelike verskille is gevind nie.

11. Die verskille tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van die moeder wat buitenshuise arbeid verrig het, word in tabel 3.14 aangetoon.

TABEL 3.14 Versille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van buitenshuise arbeid deur die moeder verrig

Groep	Geen buitenshuise arbeid	Buitenshuise arbeid	Totaal
Geweldenaars	7	2	9
Nie-geweldenaars	2	7	9
TOTAAL	9	9	18

By die geweldenaars (eksperimentele groep) het 77,8% van die moeders geen buitenshuise arbeid verrig nie, teenoor die 22,2% van die moeders wat wel sodanige arbeid verrig het.

Die teenoorgestelde neiging kom egter voor by die nie-geweldenaars (kontrolegroep). Hier het 77,8% van die moeders buitenshuise arbeid verrig, teenoor die 22,2% nie-werkende moeders.

Dit blyk uit die ondersoek dat daar 'n duidelike verskil is tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep ten opsigte van moeders wat buitenshuise arbeid verrig (22,2%:77,8%).

12. Die verskille tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van asosiale gedrag by ouers word in tabel 3.15 weergegee.

TABEL 3.15 Verskille ten opsigte van asosiale gedrag by die ouers tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Geen asosiale gedrag	Asosiale gedrag	Instituut= versorging	Totaal
Geweldenaars	5	4	0	9
Nie-geweldenaars	4	4	1	9
TOTAAL	9	8	1	18

By die geweldenaar sowel as die nie-geweldenaars het 44% van die ouers hul skuldig gemaak aan asosiale gedrag. Uit tabel 3.15 is dit dus duidelik dat minder as die helfte van albei groepe se ouers hul skuldig gemaak het aan asosiale gedrag.

13. Die verskille tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep ten opsigte van die wedersydse verhouding tussen vader en dogter word in tabel 3.16 aangetoon.

TABEL 3.16 Verskille in die wedersydse verhouding tussen vader en dogter tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Goeie ver= houding	Redelike verhouding	Swak verhou= ding	Insti= tuutver= sorging	Totaal
Geweldenaars	4	3	2	0	9
Nie-gewel= denaars	3	1	4	1	9
TOTAAL	7	4	6	1	18

By die eksperimentele groep het 44,6% die verhouding as positief ervaar, 33,2% die verhouding as redelik beskryf en net 22,2% die verhouding as swak beskryf (4:3:2). Gesamentlik het meer as die helfte van die groep dus gereelde konflik in die verhouding gehad.

By die kontrolegroep het 33,4% die verhouding as positief beskryf, 'n redelike verhouding het by 11,2% voorgekom terwyl 44,4% die verhouding as swak beleef het. Gesamentlik het meer as die helfte van die groep gereelde konflik en interaksionele probleme gehad (55,6%). Een proefpersoon was in instituutversorging.

Uit tabel 3.16 blyk dit dus dat proefpersone van beide groepe in die meeste gevalle konflik beleef het, en dat dit veral die nie-geweldenaars is wat hul verhouding met hulle vader as swak beskryf het (44,4%:22,2%).

14. Die verskille tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van die proefpersone se verhouding tot ander kinders in die gesin word in tabel 3.17 aangedui.

TABEL 3.17 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die verhouding tot ander kinders in die gesin.

Groep	Goeie verhouding	Redelike verhouding	Swak verhouding	Totaal
Geweldenaars	5	3	1	9
Nie-geweldenaars	6	1	2	9
TOTAAL	11	4	3	18

By die geweldenaars het 55,6% die verhouding as goed beskryf, 33,3% as redelik en 11,1% as swak. Hierteenoor het 66,6% van die nie-geweldenaars die verhouding as goed beskryf, 11,2% as redelik en 22,2% as swak.

Uit hierdie ondersoek kom daar geen duidelike verskille tussen die twee ondersoekgroepe na vore nie. Globaal gesien het nagenoeg 61% van die proefpersone hul verhouding met die ander kinders in die gesin as positief beskryf.

15. Die verskille tussen geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van fisiese mishandeling deur vader van die moeder word aangetoon in tabel 3.18.

TABEL 3.18 Verskille ten opsigte van fisiese mishandeling deur vader van die moeder tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Nie van toepassing	Geen mishandeling	Mishandeling	Totaal
Geweldenaars	0	5	4	9
Nie-geweldenaars	1	6	2	9
TOTAAL	1	11	6	18

By die geweldenaars het 44,4% van die proefpersone se vaders hul moeders fisies mishandel. By die oorblywende 55,6% van die proefpersone se moeders was daar geen fisiese mishandeling deur vaders nie.

By die nie-geweldenaars het 22,2% van die proefpersone se vaders hul moeders fisies mishandel, terwyl daar by 66,6% geen fisiese mishandeling was nie. Een proefpersoon was in instituutversorging.

Daar blyk 'n tendens te wees dat meer moeders van die geweldenaars fisies mishandel is as van die nie-geweldenaars.

16. Verskille tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van hulle fisiese mishandeling deur hulle vaders word in tabel 3.19 aangetoon.

TABEL 3.19 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van hulle fisiese mishandeling deur hulle vaders

Groep	Geen mishandeling	Mishandeling	Instituut= versorging	Totaal
Geweldenaars	8	1	0	9
Nie-geweldenaars	5	3	1	9
TOTAAL	13	4	1	18

Slegs een proefpersoon in die eksperimentele groep is fisies mishandel deur haar vader. In die kontrolegroep, daarenteen, het drie proefpersone fisiese mishandeling van hul vaders beleef.

In hierdie ondersoek is daar geen duidelike verskille gevind nie, alhoewel dit blyk dat 'n derde van die proefpersone in die kontrolegroep deur hul vaders mishandel is.

17. Verskille tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep ten opsigte van proefpersone wat fisies mishandel is deur eggenote of mansvriende word in tabel 3.20 aangedui.

TABEL 3.20 Verskille ten opsigte van fisiese mishandeling deur eggenote of mansvriende tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Bevre- digend	Onbevre- digend	Nie van toepassing	Totaal
Geweldenaars	1	7	1	9
Nie-gewel- denaars	5	2	2	9
TOTAAL	6	9	3	18

Dit blyk uit tabel 3.20 dat 77,8% van die eksperimentele groep fisies mishandel is deur hul mans of mansvriende terwyl net een proefpersoon (11,1%) nie fisies mishandel is nie. Daarenteen is slegs 22,2% van die kontrolegroep deur hul mans of mansvriende fisies mishandel, terwyl 55,6% nie fisies mishandel is nie.

Uit die voorafgaande tabel blyk daar 'n duidelike verskil tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep ten opsigte van hulle fisiese mishandeling en dat dit in besonder die eksperimentele groep is wat 'n minder bevredigende verhouding met die teenoorgestelde geslag gehad het as die kontrolegroep (77,8%:22,2%).

3.2.3 Skolastiese en beroepsgegewens

Die invloed van die skoolmilieu word beskou as een van die vernaamste faktore wat die persoonlikheidsontwikkeling wat die kind mag beïnvloed. Daarom is dit belangrik dat daar in hierdie ondersoek aandag geskenk

word aan hierdie faktore wat 'n kriminogene rol mag speel. Die vernaamste faktore in die skool wat tot latere misdaad aanleiding kan gee, is swak skoolprestasie, skoolvertraging, stokkiesdraai en 'n weerstand teen dissipline (Glueck en Glueck, 1968; Inciardi en Pottieger, 1978; Mannheim, 1973; West, 1967).

Aangesien die vrou se tradisionele rol verander het en sy 'n meer dominante rol in die hedendaagse ekonomiese samelewing speel, sal daar vervolgens enkele fasette van haar beroep uitgelig word.

Indeksbeskrywing van skolasiese en beroepsgegewens en tabellering van gegewens word in Bylae C gevind.

3.2.3.1 Bespreking van resultate

1. Die verskille tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van die hoogste opvoedkundige kwalifikasie word in tabel 3.21 aangetoon.

TABEL 3.21 Verskille ten opsigte van die hoogste opvoedkundige kwalifikasie tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Tersiêre onderwys	St.10	St.9 en laer	Totaal
Geweldenaars	1	1	7	9
Nie-geweldenaars	0	7	2	9
TOTAAL	1	8	9	18

By die geweldenaars het sewe (77,8%) van die proefpersone st. 9- of laer kwalifikasies, slegs een proefpersoon het gematrikuleer en een proefpersoon het tersiêre onderrig gehad.

By die nie-geweldenaars het geen proefpesoon tersiêre onderrig gehad nie. 77,8% van die groep het matriek kwalifikasies gehad terwyl 22,2% st. 9- of laer kwalifikasies gehad het.

Hier blyk 'n duidelike verskil te wees in die vlak van opvoedkundige kwalifikasies tussen die geweldenaars en die nie-geweldenaars. Meer as twee derdes van die geweldenaars beskik oor lae opvoedkundige kwalifikasies terwyl 77,8% van die nie-geweldenaars wel hulle sekondêre opleiding voltooi het.

2. Verskille tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars ten opsigte van die ouderdom waarop hulle die skool verlaat het, word in tabel 3.22 aangetoon.

TABEL 3.22 Verskille ten opsigte van die ouderdom waarop hulle die skool verlaat het tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	16 jaar of jonger jaar	Tussen 16 en 18 jaar	Totaal
Geweldenaars	4	5	9
Nie-geweldenaars	2	7	9
TOTAAL	6	12	18

Tabel 3.22 toon dat 55,6% van die eksperimentele groep tussen 16 en 18 jaar die skool verlaat het terwyl die oorblywende 44,4% die skool op 16-jarige ouderdom of vroeër verlaat het.

Van die kontrolegroep het 77,8% die skool tussen 16 en 18 jaar verlaat, terwyl net 22,2% die skool op 16-jarige leeftyd of vroeër verlaat het.

Uit die ondersoek blyk dit dus dat meer proefpersone in die kontrolegroep tussen 16 en 18 jaar skool verlaat het. Hierdie gegewens sluit nou aan by tabel 3.21 waar 77,7% van die kontrolegroep gematrikuleer het.

3. Die verskille tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep ten opsigte van skolastiese vertraging op skool word in tabel 3.23 aangedui.

TABEL 3.23 Verskille ten opsigte van skolastiese vertraging tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Geen standaard gedruip	Een jaar gedruip	Meer as een jaar gedruip	Totaal
Geweldenaars	2	4	3	9
Nie-gewel=denaars	7	2	0	9
TOTAAL	9	6	3	18

Uit die ondersoek blyk daar 'n duidelike verskil in die skolastiese vertraging op skool tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep. So byvoorbeeld het by die eksperimentele groep 22,2% nooit 'n standaard gedruip nie, 44,4% een jaar van hul skoolloopbaan en 33,4% meer as een jaar. Hierteenoor het by die kontrolegroep 77,8% hul skoolloopbaan suksesvol voltooi, 22,2% een jaar gedruip, terwyl geeneen van die kontrolegroep meer as een jaar 'n skoolstanderd gedruip het nie. Uit tabel 3.23 blyk dit dus dat die kontrolegroep hul skoolloopbaan met meer sukses voltooi het as die eksperimentele groep.

4. Die verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van probleemgedrag op skool in die vorm van stökkiesdraai word in tabel 3.24 aangedui.

TABEL 3.24 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van stokkiesdraaiery op skool

Groep	Geen stokkiesdraai	Stokkiesdraai	Totaal
Geweldenaars	7	2	9
Nie-geweldenaars	6	3	9
TOTAAL	13	5	18

Dit blyk uit tabel 3.24 dat 77,8% van die eksperimentele groep hulle nooit skuldig gemaak het aan stokkiesdraai nie, terwyl net 22,2% wel stokkies gedraai het. Hierdie neiging kom eweneens by die kontrolegroep voor waar 66,6% hulle nooit skuldig gemaak het aan stokkiesdraai nie, terwyl 33,4% wel stokkies gedraai het.

Uit hierdie ondersoek blyk daar dus geen duidelike verskil te wees tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep nie.

5. Ter afsluiting van die vorige ondersoek is die redes vir stokkiesdraai bepaal. Dit word in tabel 3.25 aangetoon.

TABEL 3.25 Verskille tussen die eksperimentele en die kontrolegroep ten opsigte van die redes vir stokkiesdraaiery

Groep	Geen stok= kiesdraai	Swak huis= like omstan= dighede	Skool= situasie	Portuur= groep	Totaal
Geweldenaars	77,8%	0	0	22,2%	100
Nie-geweldenaars	66,6%	0	0	33,4%	100

By sowel die eksperimentele groep as die kontrolegroep was die uitsluitlike rede vir stokkiesdraai die negatiewe invloed van die portuurgroep.

6. Die verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die proefpersone se ervaring van diskriminerende gedrag deur onderwysers word in tabel 3.26 weergegee.

TABEL 3.26 Verskille ten opsigte van diskriminerende gedrag deur onderwysers tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Geen diskriminasie	Redelike diskriminasie	Diskriminasie	Totaal
Geweldenaars	6	0	3	9
Nie-geweldenaars	5	0	4	9
TOTAAL	11	0	7	18

Die meeste van die geweldenaars (eksperimentele groep) sowel as die nie-geweldenaars (kontrolegroep) het gevoel dat die onderwysers hul nie onregverdig behandel het nie (66,6%:55,6%).

7. Die verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van ouderdom by die aanvaarding van eerste betrekking word in tabel 3.27 aangetoon.

TABEL 3.27 Verskille in ouderdom by die aanvaarding van eerste betrekking tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	16 jaar	17-18 jaar	18 jaar en ouer	Totaal
Geweldenaars	5	0	4	9
Nie-geweldenaars	1	4	4	9
TOTAAL	6	4	8	18

Volgens die gegewens in tabel 3.27 het vyf van die geweldenaars op 'n vroeë ouderdom (16 jaar en jonger) hul eerste betrekking aanvaar en vier op 18-jarige leeftyd of ouer. Hierteenoor het net een van die nie-geweldenaars op 'n vroeë ouderdom (16 jaar en jonger) hul eerste betrekking aanvaar, vier tussen 17 en 18 jaar en vier op 18 jaar of ouer. Uit die ondersoek blyk dat meeste proefpersone van die eksperimentele groep op 'n vroeër leeftyd begin werk het as die kontrolegroep (5:1). Die rede hiervoor mag wees dat 44,4% van die eksperimentele groep op 16-jarige ouderdom of vroeër die skool verlaat het. Die kontrolegroep het ook meer matrikulante gehad sodat meer proefpersone van die kontrolegroep skool op 'n hoër ouderdom verlaat het en dus ouer was toe hulle hulle eerste betrekking aanvaar het.

8. Die verskille tussen geweldenaars (eksperimentele groep) en nie-geweldenaars (kontrolegroep) ten opsigte van die tydsduur van eerste betrekking word in tabel 3.28 aangetoon.

TABEL 3.28 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die tydsduur van eerste betrekking

Groep	Drie jaar of meer	Twee tot drie jaar	Een jaar of minder	Totaal
Geweldenaars	2	4	3	9
Nie-gewel- denaars	1	3	5	9
TOTAAL	3	7	8	18

By 22,2% van die eksperimentele groep was die tydsduur van eerste betrekking drie jaar of langer, by 44,4% twee tot drie jaar en by 33,4% was die tydsduur een jaar of minder.

By die kontrolegroep het 11,2% hul eerste betrekking drie jaar of langer beklee, 33,4% twee tot drie jaar en 55,6% een jaar of minder.

Uit die ondersoek blyk dit dat meer as die helfte van die kontrolegroep (55,6%) hul eerste betrekking vir een jaar of minder beklee het, teenoor 33,4% van die eksperimentele groep. Die aanname kan gemaak word dat die kontrolegroep meer wisselvallig was in hul werksituasie. Daar moet egter onthou word dat die kwalifikasies van die kontrolegroep hoër is en hulle dus meer geleentheid vir werksverandering bied (sien tabel 3.21).

9. Die verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van werkloosheid word in tabel 3.29 aangetoon.

TABEL 3.29 Verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van werkloosheid

Groep	Werkloosheid	Geen werkloosheid	Totaal
Geweldenaars	2	7	9
Nie-geweldenaars	3	6	9
TOTAAL	5	13	18

Dit blyk uit tabel 3.29 dat 22,2% van die eksperimentele groep 'n tyd lank werkloos was terwyl die oorblywende 77,8% nooit werkloos was nie.

By die kontrolegroep was 33,4% 'n tyd lank werkloos en 66,9% nooit werkloos nie.

Uit die ondersoek blyk daar geen duidelike verskil tussen die eksperimentele en die kontrolegroep nie. Oor die algemeen was min proefpersone werkloos.

10. Die verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep in die hantering van gesag binne die werksituasie word weergegee in tabel 3.30.

TABEL 3.30 Verskille in die hantering van gesag binne die werksituasie tussen die eksperimentele en kontrolegroep

Groep	Gesag goed hanteer	Gesag nie goed hanteer nie	Totaal
Geweldenaars	5	4	9
Nie-geweldenaars	6	3	9
TOTAAL	11	7	18

Meer as die helfte van die eksperimentele groep (55,6%) het gesag binne die werksituasie aanvaar maar 'n sterk persentasie kon gesag binne die werksituasie nie suksesvol hanteer nie.

By die kontrolegroep het 66,6% gesag goed hanteer, terwyl 33,4% gesag nie suksesvol kon hanteer het nie.

Ten einde 'n globale beeld van die verskille tussen die geweldenaars en die nie-geweldenaars ten opsigte van biografiese gegewens daar te stel, word dit kortliks in tabel 3.31 saamgevat.

TABEL 3.31 Verskille tussen die geweldenaars en die nie-geweldenaars ten opsigte van die biografiese gegewens

GEWELDNAARS

NIE-GEWELDNAARS

PERSOONLIKE GEGEWENS

1. Geweldsmisdaad kom meer by die ouer vrou voor.
2. Geen verskil in huwelikstatus word gevind nie.

1. Nie-geweldsmisdade kom meer by die jonger vrou voor.
2. Meer ongetroudes en geskeide vroue pleeg nie-geweldsmisdaad.

GESINSGEGEWENS

1. Meer as die helfte van proefpersone is van platte-landse herkoms.
2. Meer as die helfte van proefpersone se moeders is dood.
3. Moeders het oorwegend geen buitenshuise arbeid verrig nie.
4. Fisiese mishandeling van die moeder deur die vader kom in 'n meerdere mate voor.
5. Slegs een proefpersoon is deur vader mishandel.
6. 77% van die proefpersone is fisies mishandel deur 'n eggenoot of mansvriend.

1. Meer as die helfte van proefpersone is van stedelike herkoms.
2. Meer as die helfte van proefpersone se moeders leef nog.
3. Moeders het oorwegend buitenshuise arbeid verrig.
4. Fisies mishandeling van die moeder deur die vader kom in mindere mate voor.
5. 'n Derde van die proefpersone is deur vader mishandel.
6. Slegs 22% van die proefpersone is fisies mishandel deur eggenoot of mansvriend.

SKOLASTIESE EN BEROEPSGEGEWENS

1. Die meerderheid van die proefpersone beskik oor lae opvoedkundige kwalifikasies.
2. Sewe proefpersone het 'n skoolstanderd(s) gedruip.

1. Die meerderheid van die proefpersone het hulle sekondêre onderrig voltooi.
2. Slegs twee proefpersone het 'n skoolstanderd gedruip.

3.3 Intellektuele vermoë

3.3.1 Resultate van die Wechsler

Die T-waardes vir die Wechsler word in tabel 3.32 aangedui.

TABEL 3.32 Resultate van die Wilcoxon-eensteekproeftoets vir die geweldenaars (e) en nie-geweldenaars (k) ten opsigte van die gemiddelde tellings op die Wechsler

Intellektuele vermoë	\bar{X}_e	\bar{X}_k	T	Beduidendheidspeil
Verbaal	102,556	99,889	2,667	Geen
Prakties	105,444	101,222	4,222	Geen
TOTAAL	104,111	100,667	3,444	Geen

Die gemiddelde totale IK van albei groepe is geleë in die gunstiger gedeelte van die spreidingsarea wat bekend staan as die gemiddelde of "normale" (90 tot 109) punt ($\bar{X}_e : \bar{X}_k = 104,111 : 100,667$). Daar is geen beduidende verskil tussen die twee groepe ten opsigte van hul intelligensievlak nie.

Verder is daar ook geen beduidende verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die verbale skaal of die praktiese skaal van die Wechsler gevind nie.

Sommige skrywers maak sekere diagnostiese afleidings indien daar diskrepanse is tussen die verbale telling en die nie-verbale telling van die Wechsler. 'n Disproporsionele IK-spreiding met 'n laer prestasie (plus minus 15 skaalpunten) aan die verbale kant het diagnostiese betekenis by psigopate en jeugmisdadiger, histeries-geneigde persone en die narcistiese persoonlikheid (Blatt en Allison, 1968; Guertini et al., 1971; Kahn, 1968). Uit die ondersoek blyk dit dat die praktiese skaal hoër is

by albei groepe maar dat die diskrepans nie groot genoeg is vir enige diagnostiese aanduidings nie.

Samevatting. Uit die ondersoek blyk dit dat proefpersone oor 'n gemiddelde intelligensie beskik. Hulle intelligensiepotensiaal kan dus nie as veroorsakende faktor van misdaad beskou word nie. Die nulhipotese, naamlik dat daar geen intellektuele verskille tussen die geweldenaar en nie-geweldenaars bestaan nie, moet dus aanvaar word.

3.4 PERSOONLIKHEIDSEVALUERING

3.4.1 Resultate van die GPPT

In tabel 3.33 word die T-waardes vir die onderskeie skaaltellings van die GPPT (norm vir normale persone) weergegee.

TABEL 3.33 Resultate van die Wilcoxon-eensteekproeftoets vir die eksperimentele groep en kontrolegroep ten opsigte van die gemiddelde skaaltellings op die GPPT (norm vir normale persone)

Skaaltelling	\bar{X}_e	\bar{X}_k	T	Beduidend= heidspeil
Spanning	62,889	66,444	3,555	Geen
Hulpverlening	52,556	55,000	2,444	Geen
Onttrekking	50,778	56,556	5,778	Geen
Neurotisme	52,556	51,889	0,667	Geen
Affiliasie	30,889	31,556	0,667	Geen
Afhanklikheid	64,556	57,444	7,112	*
TOTAAL	65,444	69,222	3,778	Geen

*Beduidend op die 0,05%-peil

Uit tabel 3.33 blyk dit dat daar net op een van die skale, naamlik Afhanklikheid, 'n beduidende verskil gevind is tussen die eksperimentele

groep en die kontrolegroep. Hierdie skaaltelling is verkry uit die norme vir normale persone. Die eksperimentele groep het 'n hoë telling van 64,556 behaal terwyl die kontrolegroep se telling binne die normale grense (tussen 40 en 60) geleë is. Die geweldenaarsgroep het dus 'n behoefte om hulp te soek maar samehangend hiermee wantrou hulle ook ander persone.

Dit blyk dat wanneer die norme vir normale persone gebruik word, die gemiddelde tellings van beide groepe op skaal 2 (Hulpverlening), 3 (Onttrekking) en 4 (Neurotisme) binne die normale grense geleë is. Daarteenoor blyk dit egter by Spanning dat albei groepe oor 'n hoë graad van angsveroorakende spanning beskik ($\bar{X}_e = 62,889$; $\bar{X}_k = 66,444$). Tweedens het albei groepe 'n lae telling in Affiliasie behaal wat dui op psigo-seksuele onvolwassenheid of die behoefte aan verhoudings met die teenoorgestelde geslag. Aangesien die proefpersone in instituutversorging is, is dit verstaanbaar dat hulle 'n behoefte het aan kontak met die teenoorgestelde geslag (soeke na affeksie, liefde, sekuriteit, ensovoorts).

Indien die totale telling van albei groepe met die norme van normale persone vergelyk word, het albei groepe 'n hoë telling behaal (65,444:69,222). Volgens hierdie hoë totale skaaltelling kan beide groepe se geestesgesondheid as swak beskrywe word.

Ten einde te bepaal wat die effek van instituutaanhouding op die proefpersone in die onderhawige geval kan wees, is hulle toetstellings ook volgens die norm vir aangehoudenenes en gevangenes verwerk.

Die T-waarde vir die verskillende skaaltellings van die GPPT (norm vir aangehoudenenes) word in tabel 3.34 aangetoon.

TABEL 3.34 Resultate van die Wilcoxon-eensteekproeftoets vir die eksperimentele groep en kontrolegroep ten opsigte van die gemiddelde skaaltellings op die GPPT (norm vir aangehoudenenes)

Skaaltellings	\bar{X}_e	\bar{X}_k	T	Beduidendheids= peil
Spanning	54,444	58,556	4,112	Geen
Hulpverlening	55,222	56,000	0,778	Geen
Onttrekking	49,333	53,000	3,667	Geen
Neurotisme	50,333	49,444	0,889	Geen
Affiliasie	39,889	41,333	1,444	Geen
Afhanklikheid	56,333	49,111	7,222	*
TOTAAL	53,222	55,333	2,111	Geen

* Beduidend op die 0,05%-peil

Uit tabel 3.34 blyk dit dat daar weer eens net in Afhanklikheid 'n beduidende verskil tussen die eksperimentele en kontrolegroep was. Alhoewel albei groepe proefpersone se gemiddelde telling vir Afhanklikheid binne die normale grense geleë is, blyk daar 'n neiging te wees dat die eksperimentele groep meer afhanklik van ander is en groter wantroue in ander het as die kontrolegroep (56,333:49,111).

Dit blyk dat wanneer die norm vir oortreders en gevangenes gebruik word, die gemiddelde tellings van beide groepe in Spanning, Hulpverlening, Onttrekking Neurotisme, Afhanklikheid asook die totale telling binne die normale grense geleë is.

In Affiliasie het die eksperimentele groep 'n grenstelling van 39,889 behaal en die kontrolegroep 'n telling van 41,333, wat net binne die normale grense geleë is. 'n Lae affiliasiewaarde (onder 40) dui op psigo-seksuele onvolwassenheid. Die neiging tot psigo-seksuele onvolwassenheid by die eksperimentele groep hou moontlik verband met die feit dat die groep gemiddeld ouer is as die kontrolegroep en dus dat

die moontlikheid vir verhoudings met die teenoorgestelde geslag veel groter as as by kontrolegroep. As gevolg van emosionele onstabieleit by die eksperimentele groep kan hulle nie die eise van verhoudings met die teenoorgestelde geslag hanteer nie. Die behoefte aan intieme verhoudings mag bestaan maar die proefpersone kan nie die verantwoordelikheid daaraan verbonde, hanteer nie as gevolg van hul psigo-seksuele onvolwassenheid en die wantroue wat hulle in ander het.

Samevatting: Indien die resultate verwerk word aan die hand van die norme vir normale persone blyk daar 'n enkele beduidende verskil te wees. Die eksperimentele groep het 'n hoër telling in Afhanklikheid behaal wat eweneens voorkom wanneer die norm vir aangehoudenenes gebruik word.

Alhoewel die kontrolegroep se Afhanklikheid hooggemiddeld is, val dit nog binne die normale grense. In spanning het albei groepe 'n hoër telling behaal terwyl albei groepe weer 'n lae telling in Affiliasie behaal het. Albei groepe behaal 'n hoër telling op die totale telling en dus kan beide groepe se geestesgesondheid as swak beskrywe word wanneer dit vergelyk met die norme vir normale persone.

Instituutversorging kan volgens Louw (1983) daartoe lei dat proefpersone aan uitermatige spanning blootgestel word terwyl affiliasie ingeboet word. Om dié rede is die proefpersone se toetsresultate ook volgens die norm vir gevangenes en aangehoudenenes verwerk.

Uit die resultate van die GPPT verwerk volgens die norme vir aangehoudenenes is daar, soos reeds vermeld, eweneens 'n beduidende verskil gevind in Afhanklikheid. Die eksperimentele groep het 'n hoër telling behaal as die kontrolegroep maar albei groepe se tellings was nog binne die normale grense. Die eksperimentele groep het 'n lae grenstelling behaal in Affiliasie. Al die ander skaaltellings van die proefpersone het binne die norme vir aangehoudenenes gelê. Dit blyk dus globaal gesien sowel as ten opsigte van die totale telling dat daar geen patologiese persoonlikheidspatrone deur die proefpersone gemanifesteer word wanneer die norme vir gevangenes en aangehoudenenes gebruik word nie.

Indien daar gelet word op die kriteria vir veskil, blyk dit dat die geweldenaars geen eiesoortige persoonlikheidsprofiel op die GPPT manifesteer nie. Die nulhipotese van geen verskil tussen die geweldenaars en nie-geweldenaars moet dus aanvaar word.

3.4.2 Resultate van die 16-PF

In tabel 3.35 word die T-waardes bereken uit die onderskeie faktore van die 16-PF aangetoon.

TABEL 3.35 Resultate van die Wilcoxon-eensteekproeftoets vir die eksperimentele groep en kontrolegroep ten opsigte van die gemiddelde tellings op die 16-PF

Faktore	\bar{X}_e	\bar{X}_k	T	Beduidendheidspeil
A	6,556	6,444	0,223	Geen
B	6,222	5,778	0,444	Geen
C	3,889	5,444	1,555	*
E	7,333	6,444	0,889	Geen
F	5,444	8,000	2,556	*
G	5,000	5,556	0,556	Geen
H	6,000	6,556	0,556	Geen
I	4,889	5,111	0,222	Geen
L	6,889	6,556	0,333	Geen
M	5,222	4,889	0,333	Geen
N	5,222	6,667	1,445	Geen
O	5,556	5,000	0,556	Geen
Q ₁	4,889	5111	0,222	Geen
Q ₂	4,667	4,889	0,222	Geen
Q ₃	5,556	5,556	0,000	Geen
Q ₄	5,667	6,667	1,000	Geen

* Beduidend op die 0,05%-peil

Uit tabel 3.35 blyk dit dat statisties beduidende verskille ten opsigte van twee faktore, naamlik Faktor C (Emosionele Stabiliteit) en Faktor F (Sorgvryheid) aangetref is. Al die faktore van die 16-PF sal vervolgens stapsgewys bespreek word ten einde 'n globale persoonlikheidsbeeld van die geweldenaar en nie-geweldenaar daar te stel.

- Faktor A: Sosialiteit (Teruggetrokke teenoor Hartlik)

Die feit dat die twee groepe nie statisties betekenisvol van mekaar verskil ten opsigte van Sosialiteit nie ($\bar{X}_e = 6,556; \bar{X}_k = 6,444$), kan primêr verklaar word aan die hand van die feit dat die faktore weinig kriminogene betekenis inhou, en meer op 'normale' persone van toepassing is.

Faktor A gee 'n ontleding van voorkeure vir mensgerigte beroepe (+ Faktor A) en objekgerigte beroepe (- Faktor A). Aangesien die twee groepe primêr uit 'n kriminogene agtergrond getrek word, is dit verstaanbaar dat die meting van nie-relevante eienskappe tot sodanige bevinding kan lei.

Indien daar egter 'n kritiese ontleding van die gegewens gemaak word, kan die volgende geneigdhede tog van kriminogene belang wees. So byvoorbeeld kan Teruggetrokke gesien word as krities en agterdogtig en versigtig en Hartlik daarenteen as ongeërg en joviaal. Aangesien al bogenoemde eienskappe kenmerkend mag wees van die misdadiger kan, wat dié eienskappe betref dus 'n bi-polêre wisseling vir al die proefpersone in die onderhawige ondersoek weergegee word. Daarom is dit verstaanbaar dat die oortreders eweredig oor die sosialiteitsveld versprei is.

- Faktor B: Intellektuele Vermoë (Lae Intelligensie teenoor Hoë Intelligensie)

Uit die ondersoek blyk daar geen beduidende verskil te wees tussen die intellektuele vermoë van die eksperimentele groep en die kontrolegroep nie (6,222:5,778). Albei se intellektuele vermoë het 'n

gemiddelde telling getoon. Volgens Butcher et al. (1963) korreleer Faktor B statisties beduidend met verskeie metings van skolastiese prestasie. Dit stem in 'n mate ooreen met die bevindings uit tabel 3.21 waarvolgens nege proefpersone gematrikuleer het of oor 'n hoë kwalifikasie beskik het.

Hierdie telling sluit verder aan by die resultate van die Wechsler (vergelyk 3.32) waarop eweneens 'n gemiddelde IK-telling deur albei die groepe behaal is.

- Faktor C: Emosionele Stabiliteit (Emosionele Onstabiliteit teenoor Emosionele Stabiliteit)

Uit die ondersoek blyk dit dat daar 'n betekenisvolle verskil is tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep ten opsigte van emosionele stabiliteit.

Die eksperimentele groep meet laag in hierdie dimensie (3,889). 'n Lae telling dui op veranderlike houdings en belangstellings. Persone met 'n lae telling raak maklik verward, ontwyk verantwoordelikheid en is geneig om vol kwellings te wees. Sulke persone word maklik deur mense en dinge geïrriteer, is ontevrede met die wêreldsituasie in geheel, maar ook met hulle familie en beleef 'n onvermoë om lewenseise te hanteer. Hierdie tendens bevestig die ondersoeker se verwagting dat die vroulike geweldenaar as gevolg van irritasie met die omgewing mag oorgaan tot geweldpleging. Ullman en Krasner (1969:442) konstateer dat die emosioneel onstabiele persoonlikheid gekenmerk word deur "... strong and poorly controlled hostility and anxiety". Hierdie swak beheerste vyandigheid kan maklik gestalte kry in aggressie wat mag oorgaan in geweldsmisdade.

Persone wat hoog in Faktor C meet, is daarteenoor emosioneel volwasse en stabiel, manifesteer stabiele houdings en belangstellings en is realisties in hulle lewensuitkyk. Dus kan daar aanvaar word dat emosionele onstabiliteit tot ernstige onbestendigheid in die persoonlikheid en in die personale gedrag mag lei. Die vroulike geweldenaar mag dus probleme ondervind met haar sosialiserende inskakeling by die geordende gemeenskap en met interpersoonlike

verhoudings en met die voldoening aan die eise wat aan haar gestel word.

- Faktor E: Selfstandigheidsvlak (Onderdanig teenoor Selfgeldend)

Alhoewel daar geen beduidende verskil is tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep nie, meet die eksperimentele groep bogemiddeld hoog in hierdie dimensie (7,333:6,444).

Magde en Du Toit (1975) meld dat 'n hoë telling in Faktor E dui op selfgeldig, eiewysheid en koppigheid. By kinders manifesteer 'n hoë telling in Faktor E in ongehoorsaamheid, koppigheid en 'n sterk neiging tot anti-sosiale gedrag.

Die eksperimentele groep se aanmatigende selfversekerheid mag gesien word as 'n kompensasiëproses, of anders gestel, 'n masker van valse bravade vir teenstrydige onderliggende gevoelens (soos reeds bevind is in die lae meting in Faktor C). Hurlock (1968:364) meld ten opsigte van die verskynsel die volgende: "The lack of self-confidence, intensified by worries about his personal and social adequacy, is sometimes hidden behind a cloak of cock surereness or rebellion." Dit word verder bevestig in tabel 3.26 van die vraelys waar meer proefpersone in die eksperimentele groep (dit wil sê geweldenaars) as in die kontrolegroep (nie-geweldenaars) probleme gehad het met gesag in die werksituasie.

- Faktor F: Sorgvryheid (Soberheid teenoor Sorgeloosheid)

In die ondersoek is daar 'n beduidende verskil gevind tussen die geweldenaars (eksperimentele groep) en die nie-geweldenaars (kontrolegroep) ten opsigte van hierdie faktor.

Die kontrolegroep het 'n hoë telling in hierdie dimensie behaal (8,000), terwyl die eksperimentele groep 'n gemiddelde telling (5,444) behaal het.

Persone met 'n hoë telling in hierdie faktor is entoesiasties, onverskillig, spraaksaam en ekspressief. Volgens Cattell et al. (1970) manifesteer persone met konversie-histerie hoë F-tellings.

Aan die ander kant mag onverskilligheid 'n beduidende kriminogene rol speel, aangesien 'n persoon wat onverskillig is, hom nie steur aan die konvensies van 'n samelewing nie. Misdad kan as 'n uitdaging beskou word waarin die persoon sy ekspresiwiteit ten toon stel. Straf mag dan geen afskrikmiddel wees nie.

- Faktor G: Plijsgetrouheid (Laer Superegosterkte teenoor Hoër Superegosterkte)

Uit die ondersoek blyk daar geen beduidende verskil te wees tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep nie (5,000:5,556).

Cattell et al. (1970:89) skryf oor die aard van dié faktor soos volg: "The proof of the nature of G is in the last resort not its item content, but the criteria with which it correlates. It correlates negatively with delinquency, sociopathic behavior, homosexuality etc., and positively with school and general achievement". Die moraliteitskonsep van wat reg en verkeerd is, word deur hierdie dimensie bepaal. Du Toit en Madge (1972) wys daarop dat 'n lae G-telling soms geassosieer kan word met leuens, aanstellerigheid, diefstal en onbeheerde humeur.

Die ondersoeker het verwag dat die proefpersone 'n lae superegosterkte sou toon. Albei groepe het egter 'n gemiddelde telling behaal. Die resultate moet egter met omsigtigheid geïnterpreteer word, aangesien die proefpersone skuldgevoelens mag hê oor die pleeg van 'n misdad en hierdie skuldgevoelens beïnvloed die gewetensfunksie wat in direkte verband staan met die superego.

- Faktor H: Avontuurlustig (Skugter teenoor Sosiaal vrypostig)

Uit die ondersoek blyk daar geen beduidende verskil te wees tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van avontuurlustigheid nie (6,000:6,556).

Die kontrolegroep se hoër telling (0,556) as dié van die eksperimentele groep plaas die groep net bokant die gemiddelde telling.

Hoë tellings in Faktor H dui op persone wat waaghalsig, ongebonde, impulsief en joviaal is. Die kontrolegroep het eweneens 'n hoë telling in Faktor F (sorgvryheid) behaal wat Faktor H (Avontuurlustig) dus sterk aanvul.

Avontuurlustigheid is nie noodwendig negatief van aard nie; die wyse waarop avontuurlus tot uiting kom, kan konstruktief of destruktief wees. Wanneer avontuurlus verbind word met faktore soos emosionele onstabieleit, swak sosiale omstandighede, ensovoorts, mag dit 'n anti-sosiale konnotasie hê.

- Faktor I: Emosionele Gevoeligheid (Gehardheid teenoor Emosionele Gevoegliheid)

Uit die ondersoek blyk daar geen beduidende verskil te wees tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van emosionele gevoeligheid nie.

Die kontrolegroep behaal 'n gemiddelde telling terwyl die eksperimentele groep 'n laaggemiddelde telling vertoon (5,111:4,889).

Dit mag wees dat die hoër tendens van gehardheid by die eksperimentele groep 'n dekmantel is wat emosionele gevoeligheid verberg (vergelyk Faktor E). Hierdie neiging om die werklike gevoelens te verbloem, kan deur negatiewe kompensasie uiteindelik in wangedrag ontaard.

- Faktor L: Agterdogtigheid (Geborge teenoor Agterdogtig)

Uit die ondersoek blyk daar eweneens geen beduidende verskil tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van agterdogtigheid nie.

Die eksperimentele groep het egter 'n hoër telling as die kontrolegroep (6,889:6,556) behaal. Dié telling val egter net bokant die gemiddeld.

Persone wat hoog in hierdie faktor meet, is wantrouig, agterdogtig en prikkelbaar. 'n Hoë telling impliseer egter volgens Cattell et al. (1970) nie paranoïede afwykings nie, maar die tendens tot agterdogtigheid kan 'n persoon se interpersoonlike verhoudings benadeel. Die tendens tot 'n hoër telling deur die geweldenaars sluit aan by die lae telling wat die groep vroeër in emosionele stabiliteit behaal het.

- Faktor M: Verbeeldingrykheid (Prakties georiënteerd teenoor Introversief verstrooid)

Albei groepe het 'n gemiddelde telling in hierdie dimensie behaal. Volgens tabel 3.25 verskil die twee groepe nie beduidend van mekaar in Verbeeldingrykheid nie. Die faktor is hoofsaaklik ingestel op die meting van beroepsaanleg wat uit die aard van die saak weinig kousale betekenis vir misdaad inhou.

Verder vertoon beide velde sowel positiewe en negatiewe komponente (byvoorbeeld konvensionaliteit en gebrekkige toekomsgerigtheid teenoor onkonvensionaliteit en belangstelling in beginselsake) wat 'n rede mag wees vir die eweredige verspreiding van die twee groepe in dié veld. Daar moet egter in gedagte gehou word dat al die proefpersone in inrigtingversorging is en dit 'n demper op hul verbeeldingrykheid kan plaas.

- Faktor N: Skerpsinnigheid (Naiwiteit teenoor skerpsinnigheid)

Daar is geen beduidende verskil tussen die twee groepe ten opsigte van Skerpsinnigheid nie. Die eksperimentele groep het 'n gemiddelde telling in hierdie dimensie behaal en die kontrolegroep 'n bogemiddelde telling.

'n Hoë telling gaan gepaard met skerpsinnigheid en emosionele afsydigheid. Skerpsinnigheid is belangrik vir goeie skolastiese prestasie. Uit die vraelys is dit bevestig dat die kontrolegroep skolasties gunstiger gevaar het as die eksperimentele groep. Hierdie tendens word verder bevestig deur Faktor F (Sorgvryheid) waar die kontrolegroep 'n hoë telling getoon het. Onverskilligheid mag

aanleiding gee tot emosionele onbetrokkenheid sodat emosionele afsydigheid meer voorkom by die kontrolegroep.

- Faktor O: Skuldgeneigdheid (Selfversekerd teenoor geneig tot skuldgevoelens)

Daar blyk uit tabel 3.35 geen beduidende verskil tussen die twee groepe ten opsigte van Skuldgeneigdheid nie. Albei groepe het 'n gemiddelde telling in Faktor O behaal.

Die algemene tendens dat oortreders 'n geneigdheid tot hoë metings in Faktor O (Skuldgeneigdheid) behaal word nie deur hierdie ondersoek bevestig nie.

- Faktor Q₁: Radikalisme (Konserwatief teenoor Onderzoekend).

Daar is geen beduidende verskil tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep in Faktor Q₁ nie. Albei groepe het 'n gemiddelde telling behaal.

Hierdie dimensie meet nie radikalisme wat in die vorm van anti-sosiale gedrag tot uiting kom nie en het dus min kriminogene betekenis.

Dit mag verklaar waarom daar geen beduidende verskille in die ondersoek na vore kom nie. Instituutversorging mag ook 'n beperkende faktor wees op die proefpersoon se ondernemingsgees.

- Faktor Q₂: Selfgenoegsaamheid (Groepafhanklik teenoor Selfgenoegsaam)

Daar is geen betekenisvolle verskil gevind tussen die eksperimentele en kontrolegroep in Selfgenoegsaamheid nie. Die kontrolegroep het 'n gemiddelde telling en die eksperimentele groep 'n laaggemiddelde telling behaal.

Instituutversorging kan eweneens hier verantwoordelik wees vir die gelyke verspreiding van die twee groepe se tellings in Faktor Q₂ aangesien die selfgenoegsaamheid (vindingrykheid) van die

proefpersone nie tot hulle volle potensiaal ontwikkel of hulle volle reg kom nie.

- Faktor Q₃: Selfbeheersing (Ongeërg teenoor Sosiaal beheers)

Geen beduidende verskille is gevind ten opsigte van Selfbeheersing tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep nie. Albei groepe het 'n gemiddelde telling behaal in Faktor Q₃.

Die algemene siening is dat die oortreders nie oor die nodige psigiese kontrole en selfbeheersing beskik om hul emosies en drange te beheer of op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse te kanaliseer nie (Hurlock, 1968; Shields, 1971; West, 1967).

Cattell et al. (1970:107) meld die volgende aangaande Faktor Q₃: "By hypothesis it represents the level of development of the conscious behavior integrating selfsentiment i.e. the extent to which the person has crystallized for himself a clear consistent pattern of socially approved behavior to which he makes definite efforts to conform."

'n Moontlike verklaring vir die gemiddelde telling by albei die ondersoekgroepe en die afwesigheid van 'n beduidende veskil is dat albei groepe in instituutversorging is waar daar van hul verwag word om aanvaarbare gedrag te openbaar en te konformeer aan die reëls en verwagtings van die instituut.

- Faktor Q₄: Angsvlak (Ontspanne teenoor Gespanne)

Geen beduidende verskille is gevind ten opsigte van die spanningsvlak tussen die eksperimentele groep en kontrolegroep nie. Die eksperimentele groep het 'n gemiddelde telling van 5,667 teenoor die kontrolegroep se bogemiddelde telling van 6,667 behaal.

Volgens Cattell en Eber (1961) is persone met 'n hoë telling in dié faktor gespanne, prikkelbaar en ongeduldig. Maas (1975), weer, omskrywe Faktor Q₄ in terme van die id-energie wat nie deur die ego hanteer en beheer kan word nie. Maas skryf (1975:63) "Omdat die egosterkte onvoldoende is om die oormaat erg-spanning te beheer, het

dit tot gevolg angs, irrasionele bekommernisse, geïrriteerdheid, gejaagdheid en psigosomatiese simptome".

Uit die resultate van dié dimensie blyk dit dat die kontrolegroep volgens hierdie faktor 'n neiging toon om meer gespanne te wees as die eksperimentele groep.

Samevatting: Statisties beduidende verskille is gevind in Faktor C (Emosionele Stabiliteit) en Faktor F (Sorgvryheid). Die eksperimentele groep toon 'n lae telling teenoor die gemiddelde telling van die kontrolegroep in Faktor C, wat 'n aanduiding kan wees van emosionele onstabiliteit. Die kontrolegroep, daarenteen, het 'n hoë telling behaal in Faktor F wat 'n aanduiding is van sorgloosheid wat mag lei tot onverskilligheid.

Alhoewel daar geen statisties beduidende verskille in Faktor E gekry is tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep nie, behaal die eksperimentele groep 'n hoë telling wat 'n aanduiding kan wees van eiewysigheid en koppigheid.

In al die ander dimensies van die 16-PF het die proefpersone van beide groepe 'n gemiddelde telling behaal.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar nie 'n eiesoortige profiel deur die geweldenaars in die 16-PF gemanifesteer word nie. Die nulhipotese, naamlik dat die geweldenaars en nie-geweldenaars nie psigologies van mekaar verskil nie, moet dus aanvaar word.

3.5 SAMEVATTING

Vervolgens sal al die resultate wat uit die biografiese vraelys en psigologiese toetse verkry is, geïntegreer word onder die subhoofde biografiese gegewens, intellektuele vermoë en persoonlikheidsvaluering en vervolgens bespreek word.

3.5.1 Biografiese gegewens

Hierdie gegewens is afgelei uit die biografiese vraelys aangesien die ander meetinstrumente nie so saamgestel is dat direkte afleidings oor sosiale gegewens daaruit gemaak kan word nie.

Uit die ondersoek blyk dit dat geweldsmisdaad meer by die ouer vrou voorkom ongeag haar huwelikstatus. Jonger vroue, daarteenoor, pleeg weer meer nie-geweldsmisdade en hulle huwelikstatus oor die algemeen is ongetroud of geskei. Verder blyk dit dat Afrikaanssprekende vroue meer tot misdaad in die algemeen geneig is.

Uit die gesinsagtergrond van die vroulike misdadiger blyk dit dat die helfte van die proefpersone by albei hulle biologiese ouers ingewoon het, terwyl die ander helfte by 'n enkelouer of 'n familielid ingewoon het of in instituutversorging was. Meer as die helfte van die proefpersone het konstant by albei ouers of een ouer ingewoon met geen duidelike verskille tussen die eksperimentele en die kontrolegroep nie.

Meer as die helfte van die proefpersone in die eksperimentele groep se moeders is oorlede toe hulle 16 jaar of ouer was. Moederdeprivasie kon, volgens Bowlby (1964), egter nie 'n traumatiese effek gehad het nie. By die kontrolegroep het net twee proefpersone hulle moeders onderskeidelik tussen 11 en 16 jaar en 16 jaar en ouer verloor. Meer as die helfte van die proefpersone van beide ondersoekgroepe het hul vaders op 16 jaar of ouer verloor. Uit die ondersoeke blyk dit dat meer moeders en vaders by die eksperimentele groep oorlede is as by die kontrolegroep.

Meer as die helfte van die proefpersone van sowel die geweldenaars as die nie-geweldenaars het hul ouers se huwelik as problematies beskou. Gesinsonenigheid skep, volgens Strating (1961), spanning en onsekerheid by 'n meisie aangesien 'n meisie vanweë haar groter huisgebondenheid meer as 'n seun aan die uitwerking van rusie blootgestel is en dus in antisosiale gedrag mag verval.

'n Duidelike verskil is gevind tussen die proefpersone wat fisies mishandel is deur eggenote of mansvriende deurdat meer as die helfte (sewe proefpersone) van die eksperimentele groep fisies mishandel is teenoor twee proefpersone in die kontrolegroep. Volgens Makepeace (1983:83)

speel spanning vanuit die omgewing 'n rol by vrouemishandeling en glo hy dat "... the female partner herself may be a source, or a perceived source, of some of the stress which troubles the male".

Indien bogenoemde faktor in ag geneem word, saam met die resultate van Faktor C van die 16-PF waar die eksperimentele groep emosioneel onstabiel blyk te wees en die behoefte aan intieme kontak en afhanklikheid soos gemanifesteer deur die GPPT (vergelyk Affiliasie en Afhanklikheid in tabel 3.33 en 3.34), kan dié groep verhoudings met die teenoorgestelde geslag as problematies beleef.

Alhoewel die helfte van al die proefpersone hulle sekondêre onderrig voltooi het, is daar 'n duidelike verskil tussen die vlak van opvoedkundige kwalifikasie tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep. Meer as twee derdes van die eksperimentele groep beskik slegs oor 'n lae opvoedkundige kwalifikasie terwyl soveel as twee derdes van die kontrolegroep hulle sekondêre onderrig voltooi het.

Swak skolastiese opleiding mag veroorsaak dat 'n meisie in haar latere lewe 'n slagoffer word van antisosiale gedrag en misdaad.

Alhoewel dit wil voorkom asof die swak opvoedkundige kwalifikasies van die proefpersone van die gewelds- sowel as die nie-geweldsgroep nie strook met die gemiddelde intelligensievlak (soos gemanifesteer op die Wechsler en Faktor B van die 16-PF) nie, moet daar in gedagte gehou word dat ontwrigtende gesins- en ander toestande waaraan die jeugdige blootgestel word, haar intellektuele prestasie, en dus ook haar skoolopleiding, nadelig kan beïnvloed (Guze et al., 1969; Hathaway en Monachesi, 1963; Lötter, 1964).

Daar is geen duidelike verskil gevind tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep ten opsigte van die ervaring van diskriminerende gedrag deur onderwysers nie. Dit blyk wel uit die ondersoek dat meer as die helfte van die proefpersone van beide ondersoekgroepe gevoel het dat onderwysers teen hulle gediskrimineer het. Ofskoon daar by die biografiese gegewens geen hipotese te toets is nie, kan daar, wanneer die gegewens globaal beskou word, volstaan word met 'n siening dat daar

geen verskil in die biografiese profiel van die blanke vroulike gewelddadige en die blanke vroulike nie-gewelddadige bestaan nie.

3.5.2 Intellektuele vermoë

Daar kon geen beduidende verskil in die intellektuele vermoë van die blanke vroulike gewelddadige gevangenes en die blanke vroulike nie-gewelddadige gevangenes gevind word nie. Beide die resultate van die Wechsler en Faktor B van die 16-PF toon aan dat albei groepe oor 'n gemiddelde intellektuele vermoë beskik.

Daar is verder ook geen diskrepans tussen die gemiddelde tellings behaal op die Verbale en Praktiese skaal van die Wechsler tussen die eksperimentele en kontrolegroep nie. Eweneens kan daaruit geen diagnostiese afleidings gemaak word nie. Die gemiddelde telling in Faktor B van die 16-PF sluit aan by die resultate van die biografiese vraelys waarvolgens die helfte van die proefpersone hulle skoolopleiding met sukses voltooi het. As sodanig moet die hipotese van geen intellektuele verskil tussen die twee groepe dus aanvaar word.

Alhoewel die populêre siening is dat 'n lae intellektuele vermoë in die reël gepaard gaan met gedragswaanpassing, word dit nie in hierdie ondersoek bevestig nie. Dit sluit aan by die bevindings van navorsers soos Blackhurst (1968), Cooper (1960) en Gibbons (1968) wat aanvaar dat die bepaling van die verband tussen verstandelike vermoë en misdaad 'n ingewikkelde probleem is.

3.5.3 Persoonlikheidsevaluering

'n Persoonlikheidsevaluering is gedoen uit die resultate wat verkry is met die GPPT en die 16-PF aangesien hierdie meetinstrumente hulle by uitstek daartoe leen.

Daar is ten opsigte van die GPPT 'n statisties beduidende verskil gevind in die skaaltelling Afhanklikheid (norme vir normale persone sowel as vir aangehoudenes) waar die gewelddadige groep 'n hoër telling behaal het.

Dit blyk dat die vroulike geweldenaar afhanklik is van ander maar terselfdertyd ook 'n wantroue toon in ander persone. Yochelson en Samenow (1976:390) stel dit soos volg: "Like anyone else, the criminal depends on other people for some things in life". Ook Bandura en Walters (1959) meld dat die misdadiger gekarakteriseer word as 'n afhanklike persoon wat met woede en wangedrag reageer op hierdie 'frustrerende' afhanklikheidsgevoelens. Wat egter baie maal misgekyk word, is die feit dat die misdadiger haarself nie as 'n afhanklike wese sien nie, aangesien dit 'n swakheid openbaar wat haar weerloos mag maak.

Om afhanklik te wees, beteken om 'n sekere verantwoordelikheid teenoor ander mense te hê. Indien die lae telling wat die eksperimentele groep op die Affiliasieskaal van die GPPT behaal het (ofskoon dit statisties nie beduidend van die kontrolegroep verskil nie) hierby in berekening gebring word, het die vroulike geweldenaar die behoefte om aan iemand te behoort so ook 'n behoefte aan 'n intieme verhouding maar is sy psigoseksueel te onvolwasse om só 'n verhouding te hanteer (Cassell en Kahn, 1961). Bogenoemde gegewens sluit nou aan by Faktor C (Emosionele Stabiliteit) van die 16-PF waar daar 'n beduidende verskil gevind is tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep. In dié geval het die eksperimentele groep 'n lae telling behaal wat daarop dui dat hulle emosioneel onstabiel is en lewenseise dus nie doeltreffend kan hanteer nie.

Aansluitend hierby behaal die eksperimentele groep ook 'n hoë telling in Faktor E (Dominansie), wat 'n aanduiding is van eiewysheid en koppigheid. Hierdie hoë telling kan dui op pseudo-selfversekerdheid by die geweldenaars wat, volgens Hurlock (1968), die gevolg kan wees van te min selfvertroue en die persoon se twyfel aan sy toereikendheid op persoonlike en sosiale gebied.

Daar is 'n statisties beduidende verskil gevind in Faktor F (Sorgvryheid) van die 16-PF waar die nie-geweldenaarsgroep 'n hoë telling behaal het. Dit mag 'n aanduiding wees van sorgloosheid wat grens aan onverskilligheid. 'n Persoon wat onverskillig is, mag misdaad as 'n 'uitdaging' sien en straf mag vir haar geen afskrikmiddel wees nie.

Indien die resultate wat die proefpersone van beide ondersoekgroepe in die GPPT behaal het verder vergelyk word met die norme vir normale persone, kom die volgende gegewens na vore. Eerstens behaal albei groepe 'n hoë telling in Spanning, wat swak geestesgesondheid aandui. Tweedens behaal albei groepe 'n lae telling in Affiliasie, wat 'n behoefte aan intieme verhoudings aandui. Laastens is die totale telling by albei groepe hoog. Dit is eweneens 'n aanduiding dat die geestesgesondheid van albei groepe swak is. Hierdie resultate stem ooreen met die hoë tellings wat by Spanning gevind is. Ofskoon die resultate van die GPPT van die twee groepe, wanneer vergelyk met die norme van normale persone, dui op patologiese persoonlikheidspatrone, moet dié verskynsels met omsigtigheid hanteer word, aangesien die proefpersone in instituutversorging is en gevangenskap soos deur Sykes (1958) beskryf 'n definitiewe psigologiese invloed daarop mag hê. Indien die kriteria vir verskil krities beskou word, blyk dit dat die hipoteses van geen verskil in persoonlikheidseienskappe tussen die gewelddadige vroue en nie-gewelddadige vroue vir die GPPT sowel as die 16-PF aanvaar moet word.

Die blanke geweldplegende vroulike gevangene toon dus geen persoons-, gesins-, skolastiese en beroepsneigings of intellektuele en psigiese eienskappe wat hulle duidelik onderskeidbaar maak van blanke nie-geweldplegende vroulike gevangenes nie. Daar kan dus geen eiesoortige of unieke profiel met die blanke geweldplegende vroulike gevangene in verband gebring word nie.

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk word die belangrikste bevindings en gevolgtrekkings van hierdie ondersoek kortliks saamgevat ten einde 'n geheelbeeld van geweldsmisdaad by vroue daar te stel.

4.1 SAMEVATTING

Die doelstellings van hierdie ondersoek was om 'n psigologiese ondersoek te doen aangaande die blanke vroulike geweldenaar om sodoende vas te stel of sy enige karakteristieke persoonlikheidseienskappe vertoon.

Om hierdie doelstellings te bereik, is nulhipoteses en alternatiewe hipoteses opgestel wat die vergelyking van blanke vroulike geweldenaars met 'n kontrolegroep (blanke vroulike nie-geweldenaars) beoog het. Kortliks lui hierdie nulhipoteses dat daar geen intellektuele en persoonlikheidsverskille tussen die ondersoekgroepe bestaan nie. Die alternatiewe hipoteses lui dat daar wel sodanige verskille bestaan. Daar is ook ten opsigte van persoons-, gesins-, skolastiese en beroepsgegewens gepoog om deur middel van bepaalde neigings 'n profiel te identifiseer.

4.1.1 Literatuuroorsig

In hierdie afdeling is die belangrikste begrippe en definisies wat met die onderhawige ondersoek verband hou, soos misdadpsigologie, misdad (waaronder geweldsmisdad val) en aggressie, volledig beskryf. Daarbenewens is die misdadstatistieke van Suid-Afrika bespreek met 'n spesifieke omskrywing van die geslagsverskille in geweldsmisdad. Verder is daar aandag gegee aan voorkoms van geweldsmisdade by vroue in ander lande

Ten opsigte van die sosiale determinante van misdaad is aspekte soos die volgende bespreek: ouerlike deprivasie, gesinsonvolledigheid, ouerlike dissipline en drankmisbruik. By die ekonomiese determinante is gelet op aspekte soos skolastiese prestasie, beroepsgegewens en die ekonomiese lewenspeil van die gesin. Alhoewel dit duidelik is dat geeneen van hierdie determinante uitsluitlik met vroulike geweldsmisdaad in verband gebring kan word nie, kan die faktore, in samehang met mekaar en met ander faktore, wel tot geweldsmisdade by die vrou aanleiding gee.

Wat die psigologiese determinante betref, is aandag gegee aan die navorsingsbevindinge van ander ondersoekers waaruit geblyk het dat daar nie met sekerheid vasgestel kan word watter rol intellektuele vermoë speel by misdaad nie of hoe aggressie, persoonlikheidsseienskappe, die menstruele siklus en die voorkoms van persoonlikheidsversteurings tot geweldsmisdaad by die vrou lei nie. Alhoewel daar min in die literatuur gevind kan word oor vroulike geweldsmisdade, is daar so ver moontlik 'n volledige bespreking van navorsingsresultate gegee. Hierdie psigologiese determinante kan nie uitsluitlik as veroorsakende faktore gesien word nie, maar hulle kan in wisselwerking met ander faktore in misdaad kulmineer.

Verder is daar aandag gegee aan die behandeling en versorging van die vroulike gevangene met spesifieke verwysing na die basiese oogmerke van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens, die fisiese versorging van die gevangene en die professionele diens wat die psigoloë en ander hulpdienste bied.

Ten slotte is daar aandag gegee aan die psigologiese invloed wat gevangenskap op die gevangene het met spesifieke verwysing na die verskillende deprivasies wat mag voorkom in die gevangenis en die emosionele reaksie van die vroulike misdadiger op gevangenskap.

4.1.2 Metode van ondersoek

Ten einde 'n basis vir vergelyking daar te stel, is sowel blanke vroulike gewelddadige gevangenes en blanke vroulike nie-gewelddadige gevangenes by die ondersoek ingesluit. Die 18 proefpersone het bestaan uit nege

blanke vroulike geweldenaars en nege blanke vroulike nie-geweldenaars wat almal hulle vonnis uitgedien het in die Kroonstad-gevangenis. In die onderhawige ondersoek is daar van die reduksionistiese vergelykende benadering gebruik gemaak om 'n psigologiese ondersoek van die blanke vroulike geweldenaars moontlik te maak.

Die volgende meetinstrumente is gebruik ter vergelyking van die verskillende ondersoekgroepe:

- 'n Biografiese vraelys.
- Die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal vir volwassenes.
- Die Groeppersoonlikheidsprojeksietoets (GPPT).
- Die Sestien-persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF).

'n Volledige beskrywing van die meetinstrumente is gegee. Die geldigheid en betroubaarheid van die toetse is bespreek om ten einde te bepaal of dit aan die neergelegde vereistes voldoen.

4.1.3 Bespreking van toetsresultate

Ten einde moontlike verskille tussen die blanke vroulike gewelddadige gevangenes en blanke vroulike nie-gewelddadige gevangenes te kan ontleed en te kan interpreteer, word die gegewens vervolgens bespreek.

4.1.3.1 Biografiese gegewens

Hierdie gegewens is afgelei uit die biografiese vraelys. Enige verskille daarin kan dus net as neigings beskou word, omdat dit nie statisties vir beduidende verskille ondersoek is nie.

Uit die persoonlike gegewens blyk dit dat geweldsmisdaad meer by die ouer vrou voorkom en dat die jonger vrou meer nie-geweldsmisdade pleeg. Wat die gesinsmilieu betref, blyk dit dat meer as die helfte van die

vroulike geweldenaarsgroep se moeders dood is toe die proefpersone 16 jaar of ouer was en dat hul moeders fisies mishandel is deur hul vaders. Fisiese mishandeling deur eggenote of mansvriende het by meer as die helfte van die vroulike geweldsmisdadigers voorgekom. Dit blyk dat die gewelddadige vrou 'n swakker skolastiese prestasie vertoon as die vroulike nie-geweldenaar. Globaal gesien, blyk daar geen duidelike biografiese profiel te wees wat kenmerkend is van die gewelddadige vrou nie.

4.1.3.2 Intellektuele vermoë

Die veronderstelling dat die vroulike geweldenaar oor 'n lae intellektuele vermoë beskik, word nie deur hierdie ondersoek bevestig nie. Volgens die resultate wat verkry is uit die Wechsler en Faktor B van die 16-PF, blyk dit dat die vroulike nie-geweldenaar asook die vroulike geweldenaar oor 'n gemiddelde intellektuele vermoë beskik. Volgens hierdie ondersoek blyk dit dus dat die intellektuele vermoë van die vroulike misdadiger nie 'n kriminogene faktor is nie.

4.1.3.3 Persoonlikheidsevaluering

Uit die vergelyking van die blanke vroulike gewelddadige gevangene en die blanke vroulike nie-gewelddadige gevangene met behulp van die GPPT en die 16-PF, blyk enkele beduidende verskille tussen die groepe. Die verskille kan bloot as neigings beskou word en daar moet by die interpretasie van die verskille die nodige omsigtigheid aan die dag gelê word in die lig van die klein populasie wat betrek word.

Dit blyk dat die vroulike geweldenaar meer afhanklikheidsgevoelens openbaar as die vroulike nie-geweldenaar en dat sy 'n behoefte het aan intieme kontak. Vanweë haar wantroue in ander persone tesame met haar emosionele onstabilliteit, mag enige interpersoonlike verhouding as traumaties ervaar word. Verder blyk dit dat sy min selfvertroue het en twyfel oor haar toereikendheid op persoonlike en sosiale gebied, wat mag beteken dat sy lewenseise nie doeltreffend kan hanteer nie.

Wanneer die twee onderoekgroepe se resultate vergelyk word met die norme vir normale persone in die GPPT, blyk dit dat die geestesgesondheid van die proefpersone swak is en dat patologiese persoonlikheidstendense voorkom. Hierdie bevinding moet egter met omsigtigheid geïnterpreteer word, aangesien die proefpersone in gevangenskap is en dié situasie ongetwyfeld 'n kontaminerende uitwerking op die persoonlikheid van die proefpersone mag hê.

Alhoewel daar enkele negatiewe persoonlikheidseienskappe uit die resultate blyk, is die tendens by sowel die vroulike geweldplegers as die nie-geweldplegers aanwesig. Daarbenewens is die beduidende verskille wat gevind is, te min om eiesoortige persoonlikheidseienskappe by enigeen van die onderoekgroepe te identifiseer. As sodanig kan daar geen duidelike persoonlikheidsprofiel aan die persoonlikheid van die vroulike geweldenaar of die vroulike nie-geweldenaar toegeskryf word nie.

4.2 GEVOLGTREKKINGS

Uit die voorafgaande resultate kan die volgende dus afgelei word: Daar is geen duidelike verskille tussen die persoonlikheidseienskappe en intellektuele vermoë van die vroulike geweldenaar en vroulike nie-geweldenaar nie. Die nulhipotese word hiervolgens aanvaar. Dit blyk dus dat die vroulike geweldenaar geen eiesoortige persoonlikheidsbeeld of persoonlike, gesins-, skolastiese en beroepsverskille toon nie.

Aangesien die invloed van sosiale toestande en skolastiese prestasie nie op 'n statistiese beduidende skaal gemeet is nie, is dit moeilik om te bepaal in welke mate hierdie faktore die twee onderoekgroepe benadeel het en kan daar dus net van neigings gepraat word. Uit die gegewens van ander onderoekers blyk dit dat die sosio-ekonomiese omstandighede van die vroulike misdadiger uiters swak is (Daniel en Kashani, 1983; Warren, 1976; Zalba, 1964). Uit die onderhawige onderoek blyk dit eweneens dat die sosio-ekonomiese omstandighede van die blanke vroulike geweldenaar sowel as die blanke vroulike nie-gewelddadige gevangene swak is.

Ofskoon geweldsmisdaad by die vrou somtyds mag voorkom saam met ander gedrags- en persoonlikheidsversteurings, bestaan daar min verskil in die algemene persoonlikheidsprofiel tussen vroulike misdadigers wat geweld gebruik het en dié wat geen geweld gebruik het nie. Dat die vroulike geweldsmisdadiger geweld in haar misdade gebruik het, beteken geensins dat daar by hierdie vroue onderliggende psigiese versteurings manifesteer nie. 'n Verskeidenheid faktore wat in wisselwerking met mekaar is, waarin psigologiese versteurende tendense 'n faktor mag wees, mag aanleiding gee tot geweldsmisdaad by die vrou. Dit is dus verkeerd om die vroulike geweldenaar as 'n simbool van intellektuele minderbegaafdheid of 'n patologiese persoonlikheidsbeeld te beskou.

